# HOOFSTUK 1

# INLEIDING

## 1.1 PROBLEEMSTELLING

Omgewingskwessies en omgewingsbetrokkenheid is tans prominente onderwerpe op verskillende terreine van die samelewing. In sowel ernstiger literêre werke as in die populêre literatuur in Afrikaans is daar 'n betrokkenheid by die "groen gesprek". Dié onderwerp is egter ook in die media in die algemeen opvallend aanwesig. Tydskrifte wat uitsluitlik op die natuur en ekologie fokus, soos *Custos, Getaway, African Wildlife - Afrika-natuurlewe,* en *National Geographic* is besonder gewild. In dagblaaie word gereeld verslag gedoen oor aardebewustheid en omgewingsbewaringskwessies. Televisieprogramme soos *50-50* en satellietsenders soos *National Geographic, Discovery* en *Travel Channel* het hoë kyksyfers.

Karen de Wet skryf in *Ensovoort* (1994:8) dat omgewingsbewustheid prominent waarneembaar is in alles

> van kinder-TV-programme tot pandaplakkers, van Wêreldomgewingsdag se plakkaat wat roep: 'Besin eer jy begin', tot die letterkunde. Die groen gesprek is aan die orde van die dag. Miskien is dit glad nie so vergesog nie om 'n rede hiervoor te sien in die situasie waarin die twintigste-eeuse mens hom bevind.

Omgewingsgedigte maak ook 'n beduidende bydrae tot die groen gesprek. T.T. Cloete (1993:34) beskou Johann Lodewyk Marais se *Verweerde aardbol* as "'n [s]onderlinge bundel, wat ons kan beskou as

ons eerste uit en uit groen bundel". T.T. Cloete se *Met die aarde praat* spreek self van 'n bewussyn van die groen gesprek wat by verskillende aspekte van die bewaringskwessie aansluit. Daar is ook verskeie versamelbundels met groen verse soos *Groen* (1990) en *Klein en silwerige planeet* (1997) van Johann Lodewyk Marais.

In Suid-Afrika vind die kontemporêre gesprekke oor ekologiese kwessies plaas teen 'n bepaalde agtergrond wat die politieke omstandighede, ekonomiese vraagstukke en sosiale transformasie insluit. In 'n wyer sin sluit die gesprek aan by groter kwessies soos die debatte oor kolonialisme en postkolonialisme en die verskuiwende magsverhoudinge wat deur die politieke veranderinge teweeggebring word.

In die postkoloniale diskoers figureer die ekologie as een van die belangrike politieke kwessies, veral ten opsigte van die verskuiwende magsverhoudinge en die distribusie van hulpbronne. Teen hierdie agtergrond van populêre en amptelike betrokkenheid by bewaring en die ekologie verskyn die roman *Die olifantjagters* van Piet van Rooyen in 1997.

Volgens Van der Merwe en Viljoen (1998:167) kan die term *postkolonialisme*

> gebruik word as benaming vir kulture wat ingrypend beïnvloed is deur Westerse kolonisering. Dit dui dan op 'n nuwe soort kruis-kulturele kritiek wat in die afgelope jare ontwikkel het en vir die diskoers wat daardeur tot stand gebring word.

Ashcroft (1995:2) beskryf die terrein van die postkolonialiteit soos volg:

> Postcolonial theory involves discussion about experiences of various kinds: migration, slavery, suppression, resistance, representation, difference, race, gender, place and responses to the implicated master discourse of Imperial Europe.

Volgens Brink (1991:8) het

> [o]ns in Suid-Afrika nie met 'n gewone postkoloniale situasie te doene [...] nie. As die (blanke) Afrikaner hom enersyds - o.a. juis in sy literatuur - moes ontvoog van imperiale beheer van 'buite', het hy op sy beurt koloniserend opgetree t.o.v. inheemse swart kulture en 'orature', sodat dit nie sonder meer uit ander postkoloniale 'modelle' verklaar kan word nie. Die prosesse van dekolonisering is naamlik (nog) nie enduit gevoer nie. Ons bevind ons nie in 'n postrevolusionêre situasie nie (nie in die politiek en nie in die literatuur nie), maar in 'n situasie van 'n 'gekeerde' (gearresteerde') revolusie. Dit beteken dat baie magte wat hulle histories in so 'n ontwikkelende situasie sou uitgewoed het en hul eie logika sou deurgevoer het, nou (voorlopig) gestuit is.

Daar kan in navolging van Brink ook opeenvolgende golwe van dekolonialisering in Suider-Afrika onderskei word en binne groter dekolonialiserings ook kleiner bewegings binne kleiner en geïsoleerde groepe. Die kolonisasieproses is nog nie voltooi nie en in *Die olifantjagters* is dit duidelik dat hierdie proses steeds aangaan.

Alle situasies waarin ekologiese kwessies ter sprake kom, het nie net met kolonialisme te make nie, maar die problematiek wat in *Die olifantjagters* aan die orde gestel word, is in 'n groot mate die voortsetting en die gevolg van kolonialisme. In die betrokke literêre diskoers van die voormalige kolonies, is die reaksie teen die koloniale bewind en die hantering van die gevolge van kolonialisme belangrike temas. Dit is inderdaad die geval in *Die olifantjagters* wat daarom as 'n eksplisiete voorbeeld van postkoloniale literatuur beskou kan word.

In *Die olifantjagters* lei die jagtematiek direk tot 'n fokus op ekologiese kwessies, die politieke implikasies van koloniale reste en postkoloniale reaksies en die identiteitsproblematiek wat onvermydelik uit hierdie problematiese magsverhoudinge voortspruit. Die roman vertel die verhaal van die jag op een van die laaste honderdponder-olifante in Boesmanland. Die jagters se agtervolging van die gewonde dier word 'n geveg teen oermagte. Gedurende die agtervolging word die lede van die ekspedisie stelselmatig gestroop van hul beskaafde menslikheid en die vernislagie van die beskawing. As die olifant gewond word en weier om te sterf, het die agtervolging 'n onherroeplike en dramatiese ingryping in die jagters se lewens tot gevolg. Die verlies van die eie kultuur van die Boesmangemeenskap, die identiteitsloosheid van die verteller ('n Afrikaner) en die welbedoelde maar fatale inmenging van Europeërs deur diens-organisasies (wat waarskynlik 'n persoonlike genoegdoening ten grond-slag het) maak die identiteitsproblematiek 'n belangrike tema in die roman.

Oor die verband tussen ekologie en literatuur skryf Meintjes (1995:72):

> Die term ekologie verwys na die studie van die verhouding van organismes tot hul omgewing. Soos die omgewing, is die literêre teks ook 'n sisteem waarvan die onderdele 'n organiese geheel vorm en waarvan die totaliteit meer as die blote somtotaal van die onderskeie onderdele is.

Ekologies betrokke literatuur sluit aan by die omskrywings van die bewaringsliteratuur wat daarop uit is "om 'n realiteit buite die teks te beskryf met die spesifieke doel om die reële leser van toestande bewus te maak om sodoende die realiteit te probeer verander" (Meintjes,

1996:57). Die sogenaamde ekokritiek is dan ook 'n prominente invalshoek in kontemporêre literatuurstudie (vgl. Scheese, 1994; Dean, 1994; Tag, 1994).

Ekologiese betrokkenheid by die literatuur is nie los te maak van die politiek nie omdat politiek gemoeid is met toegang tot natuurlike hulpbronne en die beskikking van mag in die samelewing. In *Die olifantjagters* figureer die konsep *mag* prominent in die temas van postkolonialisme, ekologie en die mens as individu en as lid van 'n groep waar hierdie temas as magte en kragte teenoor mekaar geplaas word. Die koloniale aannames van die meerderwaardige beskawing van die koloniale magshebbers en die vermeende hoë morele standaarde van die bewindhebbers teenoor die inherent mindere posisie van die gekoloniseerdes, word bevraagteken deur die onderliggende drang om bevryding van die invloed van die kolonialisme.

Volgens Meintjes (1998:28) word die verband tussen die ekosentriese wêreldbeskouing en die postkolonialisme as 'n resente begripsaanpassing beskou: "Die breë `critique of domination` (Wellerby, soos aangehaal deur Meintjes:1998) staan sentraal in die ekologieteorie van die twintigste eeu en is, net soos die postkoloniale diskoers, daarop ingestel om alle vorme van kolonialisering te ondermyn." Net soos die postkoloniale diskoers, is die ekologieteorie in hierdie paradigma onlosmaaklik verweef met die dominansie van die kolonialisme. In *Die olifantjagters* word die spanning tussen ekologie en postkolonialisme uitgebeeld soos wat dit in 'n spesifieke deel van Suidelike Afrika en ten opsigte van spesifieke kulturele groepe manifesteer.

Rondom die tendens van groen literatuur is dit duidelik dat ekologiese temas nie net esteties funksioneel gebruik word nie, maar dat dit as ondersteunende tema aangewend word vir 'n betoog wat sterk gemoeid is met postkolonialisme en kwessies van mag.

Die verhouding tussen die natuur en die mens binne die magsraamwerke van kolonialisme en die postkolonialisme het 'n ingrypende invloed op die lewens van mense. Dit beïnvloed ook mense uit verskillende kultuurgroepe op verskillende maniere. Hierdie identiteitsproblematiek is besonder aktueel in gemeenskappe soos die Boesmans van Namibië, maar dit raak ook ander Afrikane, soos die Afrikaners. Die verteller in *Die olifantjagters* beleef 'n intense identiteitsbewussyn as Afrikaner voor, tydens en na die jagekspedisie. Die identiteitskwessies in die roman het betrekking op die spesifieke Afrika-omstandighede, maar dit sluit ook aan by die wyer debat oor identiteit in die dissipline van kultuurstudies (vgl. Segers, 1997).

Bogenoemde uiteensetting lei tot die volgende vrae:

1. Hoe manifesteer die postkolonialisme in *Die olifantjagters*?
2. Hoe manifesteer die ekologiese kwessies in *Die olifantjagters?*
3. Hoe word die verhouding tussen mens, ekologie en magstrukture in *Die olifantjagters* uitgebeeld?
4. Wat is die uitwerking van kolonialisme en postkolonialisme op die mens en die natuur (ekologie) soos gemanifesteer in *Die olifantjagters?*
5. Op welke wyse dra bogenoemde invloede by tot die identiteitsproblematiek van die karakters in *Die olifantjagters?*

Die oorkoepelende doelstelling van die studie is om 'n uitgebreide analise te maak van *Die olifantjagters* van Piet van Rooyen en die belangrike temas in die roman aan die hand van kontemporêre teoretiese insigte te interpreteer.

Hierdie doelstelling vereis ten aanvang 'n tersaaklike uiteensetting van die teoretiese begrippe (postkolonialisme, ekokritiek, identiteit). Daar sal uiteindelik ook daarna gestreef word om aan te toon hoe die roman 'n bydrae lewer tot die gesprek oor postkolonialisme, ekosentrisme en identiteit.

Vir die analise van *Die olifantjagters* sal die volgende doelstellings in die besonder geld:

1. om die problematiek van die postkolonialisme in *Die olifantjagters* te beskryf, te analiseer en te interpreteer;
2. om na te gaan hoe ekologiese kwessies in *Die olifantjagters* figureer;
3. om vas te stel hoe die verhoudinge tussen die mense, die ekologie en magstrukture in *Die olifantjagters* beskryf en beoordeel word;
4. om die verband tussen die ekologie en die politiek te ondersoek deur magsverhoudinge en magsmededinging na te gaan;
5. om die rol van kolonialisme en die postkolonialisme op die mens en die natuur te ondersoek soos wat dit uitgebeeld word in *Die olifantjagters;*
6. om die invloed van die ekologiese kwessies en die postkoloniale omstandighede op die identiteitsvorming en identiteitsbelewenis van die karakters in *Die olifantjagters* te analiseer; en

7. om deurlopend die verband tussen die tematiek van *Die olifantjagters* en ander tydgenootlike romans aan te toon.

Die sentrale teoretiese argument is dat postkolonialisme, ekologie en mag 'n belangrike rol speel in *Die olifantjagters.* Uit die interpretasie van die roman sal die verhoudinge tussen hierdie kwessies en die karakters na vore kom, asook die wyse waarop die lewenskwaliteit en die identiteitsbelewenis van die karakters daardeur beïnvloed word.

**1.2 METODE**

In hierdie studie sal daar primêr op die literêre teks gefokus word, maar die interdissiplinêre en intertekstuele verbande sal deurlopend bygehaal word. Daarom is 'n aantal tekste uit aanverwante bronne ook bestudeer, bv. koerantartikels, tydskrifartikels, resensies en televisieprogramme.

Die kwessies aangaande politiek, ekologie en identiteit sal hoofsaaklik ondersoek word soos wat dit in die roman figureer. Die teoretiese insigte sal dan gebruik word om die problematiek te verstaan en te analiseer. Die teorie sal dus gebruik word om die teks te ontsluit en insig in die teks en die temas wat daarin uitgewerk word, te verkry. Die resultaat van die analise en interpretasie, sowel as die bydrae wat die roman as sodanig maak tot die gesprek rondom politiek, ekologie en identiteit, sal in verband gebring word met die bestaande diskoers rondom die kwessies.

Aangesien die literêre teks, *Die olifantjagters*, as die primêre uitgangs-

punt van die betoog geneem word, word nie een van die teoretiese raamwerke as sodanig ontleed en uitvoerig bespreek nie. Die teorie word hier gebruik as 'n instrument om die teks te ontgin en as rugsteun vir die waarnemings wat gemaak word in die proses van interpretasie van die roman.

## 1.3 VERLOOP VAN DIE STUDIE

In hoofstuk 2 sal daar ondersoek ingestel word na die begrip *ruimte*, en in die besonder die wyse waarop die Afrika-ruimte in die verhaal figureer. Omdat *Die olifantjagters* so sterk ruimtegerig is, sal die ekologiese problematiek logies daaruit vloei.

Die rol en waarde van die belang van die ekologie en groen literatuur sal teoreties verken word in hoofstuk 2.11 en in verband gebring word met populêre sieninge in die media deur van die insigte van ekokritiek gebruik te maak.

Die kernaspekte van identiteitsvorming, byvoorbeeld die voorwaardes en komplikasies in die proses van identiteitsvorming, sal kortliks bespreek word in hoofstuk 3. Daar sal gefokus word op kulturele identiteit en individuele identiteitskwessies asook die identiteitsbelewenis van die karakters, wat 'n belangrike tema in die roman is.

'n Uiteensetting van kolonialisme en postkolonialisme sal gegee word in hoofstuk 4. Die omskrywing daarvan in die kontemporêre vakliteratuur en die belang daarvan vir die Afrikaanse literatuur sal ook aangedui word. Die magstrukture wat hieruit ontstaan en voordeel

daaruit trek, sal in hoofstuk 4.8 verder bespreek word.

In elke afdeling van die studie word tersaaklike gedeeltes van die roman ontleed, sodat die ontwikkeling van die tematiek in die roman aangetoon kan word. Die verhouding tussen mens, natuur en magstrukture, asook die positiewe en negatiewe gevolge daarvan soos in die roman uitgebeeld, sal ontleed en geïnterpreteer word.

In die slothoofstuk word die belangrikste gevolgtrekkings uit die voorafgaande hoofstukke saamgevat.

# HOOFSTUK 2

# RUIMTE EN EKOLOGIE

## 2.1 INLEIDING

Die bewuswording van en gemoeidheid met Afrika en die Afrika-invloed, is die afgelope jare op bykans alle terreine van die Suid-Afrikaanse samelewing te bespeur. Hierdie "Afrika-tendens" het nie net in Suid-Afrika en op sy inwoners 'n uitwerking nie, maar daar is ook internasionaal 'n merkbare bewuswording van die Afrika-kultuur. Die ontginning van die Afrika-tema is nie beperk tot die gebied van die kunste nie, Afrika as inspirasie is ook teenwoordig in die modes, kookkuns, publikasies en binnenshuise versierings.

Na die tweede dekolonialisering van Suid-Afrika in 1994 het daar by die inwoners van Suid-Afrika 'n ongekende belangstelling ontstaan in wat aangaan buite die land se grense, elders in Afrika. Terselfdertyd het buurlande in Afrika vir Suid-Afrikaners meer toeganklik geword. In 'n bylaag van 'n vrouetydskrif word hierdie nuwe belangstelling só verwoord: "Afrika, in 'n nuwe gedaante, het aangebreek. Almal het almal vergewe en die deure het oopgegaan sodat Suid-Afrikaners die vasteland, waarvan ons so lank en so verbete die suidpunt verdedig het teen invloede uit die noorde, kan ontdek." (Roux, 1994:109.)

Die bewustheid van die ruimte van Afrika sluit heel logies die bewustheid in van die ekologie van Afrika. Konflikte van ons tyd betrek meer as net die mense en hul verhoudings tot ander mense. Afrika se

diere en plante was egter sedert die koms van die eerste koloniste onderworpe aan verdrywing en uitwissing. Die aftakeling en vernietiging van die aarde is so oud soos die mensdom self en daarom kan die begrippe *ruimte* en *ekologie* nie maklik geskei word nie.

Omdat *Die olifantjagters* baie sterk ruimtegerig is, is dit logies dat die ekologiese problematiek daaruit sal voortvloei. In hierdie hoofstuk sal daar dus nie net gekonsentreer word op hoe die Afrika-ruimte figureer in die verhaal nie, maar ook hoe die kwessies oor die ekologie in die verhaal aan die bod gestel word.

In hoofstuk 2.2 hieronder, wat oor ruimte handel, sal daar eers 'n teoretiese bespreking van die term *ruimte* gegee word. Daarna sal aangedui word wat die verskil tussen *ruimte* en *plek* (2.4) is en hoe dit figureer in *Die olifantjagters.* Die Afrika-ruimte (2.7) in die verhaal sal indringend bespreek word, asook die manier waarop die Westerling (2.9.1) en die Boesmans (2.9.2) in die Afrika-ruimte geplaas word. Omdat die Afrika-ruimte as tematiek (2.10) in die verhaal belangrik is, sal dit ook ondersoek word.

## 2.2 RUIMTE

Volgens *Literêre Terme en Teorieë* (1992:453) het ruimte as epiese kategorie meer as een betekenis: "In 'n mimetiese sin verwys dit na die ruimtelikheid van die fiktiewe wêreld waarin die epiese handeling plaasvind." Venter (1992:453) is vervolgens van mening dat ruimte egter ook

> dui op die ordening en rangskikking van tekselemente in patrone wat ruimtelik voorstelbaar is (patrone van opposisie, siklisiteit, vertikalisme, konsentrisme, ens.) [...] Die derde vorm van ruimtelikheid in die epiek is die ruimte wat geïmpliseer word deur die vertelhandeling self en deur die táál van hierdie handeling. [...] Hierdie drie vorme van ruimtelikheid in die epiek kan agtereenvolgens die mimetiese storieruimte, die verhaalruimte en die diskursiewe vertellersruimte genoem word.

Hoe hierdie drie ruimtes in 'n epiese teks funksioneer en tot stand kom, sal slegs duidelik word deur die analise en bestudering van 'n teks. Volgens Du Plooy (1989:108) vorm ruimte 'n "onmisbare faset van die samespel tussen karakters, gebeure, tyd, fokalisasie en vertelinstansie" en is ruimte "een van die belangrikste fasette van 'n verhaal [...] of selfs al funksioneer dit hoe onopsigtelik".

Omdat die mens altyd verbonde en gebonde is aan 'n bepaalde ruimte, is dit deurgaans of voordurend aanwesig in die menslike bestaan. Niks kan gebeur en niemand kan bestaan sonder dat dit in 'n ruimte gesitueer is nie. Ook in die literêre werk is ruimte onlosmaaklik verbonde aan die verhaalverloop van 'n roman.

Die leser van 'n verhaal identifiseer 'n karakter in terme van die verhouding tot aspekte van die ruimte waarbinne hy voorgestel word en hierdie plasing bepaal wat met die karakter kan gebeur. Deur sy ruimtelike situering kry 'n karakter 'n individuele gestalte, en deur sy optrede en handeling vul hy die ruimte in.

Omdat ruimte 'n belangrike aspek binne die teoretisering van narratologie is, sal daar eers uitsluitsel gekry word wat narratiewe ruimte is.

## 2.3 NARRATIEWE RUIMTE

Volgens Brink (1989:107) is ruimte 'n afgeskeepte onderwerp in die narratologie, maar as 'n dimensie het ruimte nie 'n ekwivalent in die vertelteks nie. Saam met die basiese narratiewe elemente soos karakters, gebeure en tyd, vorm die ruimte 'n onmisbare struktuurelement van die literêre werk en daar is 'n noue samehang tussen al hierdie aspekte.

Die narratiewe ruimte is 'n meer omvattende en geskakeerde faktor in 'n verhaal as slegs die fisieke ruimte.

> Uitgaande van die waarneming dat die "elemente" van 'n storie (gebeure, figuur) optree in 'n ruimte *van vertelling* (dit wil sê: *'n ruimte waarin daar vertel word,* maar ook: *'n ruimte geskep deur vertelling*), kan ons sê dat álles wat in die vertelteks gebruik word om (gewoonlik in samehang met tyd) 'n *situasie* te konstitueer waarbinne "iets met iemand gebeur", tot die konsep van narratiewe ruimte behoort (Brink, 1987:108).

Die narratologie maak 'n duidelike onderskeid tussen ruimte en plek. Volgens Mieke Bal (1978:98) is plek

> meetbaar, in kaart te brengen, zoals de topologische positie van steden en rivieren op een landkaart zijn af te beelden. Het concept plaats heeft betrekking op de fysieke, mathematisch meetbare vorm van de ruimtelijke dimensies. (1978:98).

Bal (1978:97) voer verder aan: "Daarbij word met plaats de topologische positie bedoeld, waar acteurs zich bevinden en waar gebeurtenissen plaats hebben." Du Plooy (1989:109) vereenvoudig hierdie verduideliking as sy plek definieer as "die blote plek waar die storie afspeel".

Hierteenoor is ruimte die representasie van plek soos wat dit in woorde aangebied word. Volgens Mieke Bal (1978:98) is dit wat ons *ruimte* noem "[d]ie plaatsen, *gezien in relatie tot de waarneming ervan"*. Du Plooy (1989:111) verduidelik dit soos volg:

> Wanneer 'n plek betekenisvol is as gevolg van die manier waarop dit waargeneem word of beleef word, hetsy deur die verteller of 'n karakter, wanneer die plek saampraat, saam beteken met al die ander aspekte van die verhaal, dan praat ons van ruimte.

## 2.4 PLEK IN *Die olifantjagters*

In *Die olifantjagters* is die plek waar die gebeure afspeel belangrik. Die verteller lig die leser deurgaans in oor waar die verhaal afspeel. Die suggestie wat die titel van die boek skep, word bevestig deurdat daar etlike verwysings is na Afrika, en meer spesifiek na Boesmanland. Die verteller aanvaar dat die leser weet waar Afrika geleë is, want hy brei nie uit oor die ligging van die kontinent nie. Die leser word wel ingelig dat een van die temas in die verhaal 'n reisverhaal is en dit word bevestig deur 'n topologiese aanduiding:

> Die rigting is noord, al dieper in Afrika in. (2)*

Verwysings na geografies herkenbare plekke soos Namibië (13) waar Windhoek (54) die naaste groot stad is, of dat Boesmanland (8) geleë is binne die bereik van die Kalahari (54), gee 'n aanduiding waar die plek is waar die verhaal afspeel.

---

*Die bladsyverwysings tussen hakies is uit Van Rooyen, Piet. 1997. *Die olifantjagters*. Kaapstad: Tafelberg.

Die Boesmannedersetting waar Huger se jagkamp is, is naby die dorpie Tsumkwe (6). Die Stigting het boorgate laat sink in verskillende plekke by die Nyae Nyae-rivier (8). Daar word verwys na nog 'n Boesmannedersetting by Halhoba (28). Die Rada het by die nedersetting by lAotchapan (113) bymekaar gekom vir 'n vergadering en Slinger kry die spore van die drie olifantbulle in die Klein Dobe-area (82).

Tydens die jagtog word die rigting waarin hulle loop net vaagweg aangedui:

> nader aan die ewenaar, [...] die olifant met ons deur die hele Afrika aan die stap is, (207);
> [...] dui Orion met sy swaard vir ons die rigting aan [...] (211).

As die verteller en lAsa op pad terug is, beskryf die verteller hulle terugtog en die plekke soos wat hulle loop, in volgorde:

> Singalamwe is nou agter ons, Katima voor. Oorkant die Zambesi is Sesheke, die plek waar die pont vasmeer. Bietjie suid is Mpacha waar die vliegtuie met hulle boepense kom sit. [...] die Cuando wat die Mahi word suid van Singalamwe, dan die Linyanti waar dit oos draai, die Chobe soos dit nader aan die Zambesi kom. (273)

Hulle koop kos by die "Paradise Inn" voordat hulle 'n geleentheid kry "Grootfontein" (275) toe.

Deurgaans kan die ligging van elke plek waarna die verteller verwys, op 'n landkaart nagegaan word en dus kan die geloofwaardigheid van die lokaliteit van die verhaal bevestig word.

Tydens die jagtog word die rigting waarin die jagters loop, slegs vaag en indirek aangedui en word die plekke se name nie genoem nie.

Omdat hulle nou dieper in die wildernis in beweeg, is die verteller genoodsaak om sy rigting te bepaal soos die Boesmans wat op hulle instinkte en die natuur staat maak. Nie dorpe of paaie gee ligging en koers aan nie, maar nou "dui Orion met sy swaard vir ons die rigting aan" (211).

Dit is duidelik dat die Westerling buite sy grense van beskaafdheid asook sy grense van sintuiglike bewustheid beweeg het. Plekname en menslike merkers is nou onbelangrik.

Soos wat lAsa en die verteller nader aan die beskawing beweeg, noem die verteller weer die name van plekke en riviere. Ten spyte daarvan dat lAsa wat deur haar oerinstinkte gelei word om hulle pad terug te kry, begin die verteller wegbeweeg van die afhanklikheid van lAsa se instinktiewe rigting en hy maak weer gebruik van direkte verwysings:

> Ek teken vir lAsa 'n kaart op die grond en wys afwisselend na my en na haar en na die punte waar ons is en waarheen ons gaan. (273)

Hieruit kan afgelei word dat die direkte aanwysings van die plek, topos, en fisiese ruimte reeds as storiegegewe besonder prominent en belangrik is.

*Die olifantjagters* speel af in Afrika, waar die onherbergsaamheid van die land teen die agtergrond van 'n pas bevryde Namibië belig word. Dit is egter duidelik dat die verteller, wat 'n verlenging is van die implisiete skrywer, oor 'n deeglike kennis beskik van Namibië, olifante, die natuur en die Boesmans. In 'n onderhoud met *Beeld* (1998:4) sê

die skrywer Piet van Rooyen: "Ek het twee jaar lank saam met die Boesmans gebly en gewerk. Ek het toe kennis gemaak met die mens se stryd met die natuur. Die mense is daagliks in 'n stryd om selfbehoud."

Volgens Du Plooy (1989:109) is " 'n [g]rondige bewussyn van plek aan die kant van die skrywer [...] egter nie net 'n voorwaarde nie, dit is ook 'n werktuig in die hand van die skrywer" en is dit "vanselfsprekend dat die skrywer hierdie plek moet ken of minstens uitvoerig moes bedink het". Die titel van die boek, *Die olifantjagters*, is 'n aanduiding van die plek waar die verhaal afspeel. Nie net is Afrika bekend vir die olifante wat hier voorkom nie, maar is dit voor die hand liggend dat as 'n olifantjag ter sprake is, dit waarskynlik in Afrika sal plaasvind, en wel in die binnelandse ongereptheid van Afrika.

Die plek waar die verhaal afspeel, is 'n belangrike gegewe omdat dit as norm gebruik word om die verskillende soorte verhale mee te tipeer. Die woorde waarmee 'n plek beskryf word, aktiveer sekere assosiasies by die leser en hierdie beeld wat geskep word van die plek, is deurlopend die agtergrond waarteen en waarbinne die karakters in die verhaal beweeg. Wanneer die plek saam "praat" en saam "beteken" met al die ander aspekte van die verhaal en aan een waarnemingspunt gekoppel kan word, dan word plek narratief getransformeer en word dit die ruimte in 'n verhaal. Venter (1982:121) is van mening dat "'n plek [...] 'n plek [bly] totdat dit op 'n bepaalde manier beleef word en sodoende draer van waardes word".

Uit die bogenoemde redenasie is dit duidelik dat die topologiese plasing van kardinale belang is in *Die olifantjagters.* Daar is verwysings na geografies herkenbare plekke en die topologiese posisie van fisieke plekke wat op 'n landkaart gevind kan word. Die skrywer beskik oor 'n diepgaande kennis van die gebied en dit werk nie net mee om die verhaal se geloofwaardigheid te bevestig nie, maar vorm die basis vir die komplekse verhoudinge tussen mens en omgewing wat in die roman uitgebeeld word.

Vir die bespreking van die ruimtelike aspekte van *Die olifantjagters* neem ek as vertrekpunt die teoretiese insigte van Bal (1978), Du Plooy (1989) en Venter (1982) soos hierbo uiteengesit.

## 2.5. KATEGORIEë VAN RUIMTE

Die konsep ruimte kan verder onderskei word in verskeie kategorieë. In die volgende paragrawe sal etlike van hierdie kategorieë, soos dit manifesteer in *Die olifantjagters*, bespreek word. Dit sluit in die verhouding tussen die diëgetiese en die mimetiese ruimte (2.5.1), die storieruimte teenoor die vertelde ruimte (2.5.2), die vertelde ruimte (2.5.3) en 'n analise van die vertelde ruimte (2.5.4).

### 2.5.1 DIëGETIESE TEENOOR MIMETIESE RUIMTE

Volgens Venter (1982:22) is die epiese ruimte 'n woordruimte, 'n taalruimte, 'n "ruimte van papier", teenoor byvoorbeeld die drama- ruimte wat " 'n mimetiese (sigbare) en 'n diëgetiese verbale vorm" het. Die epiese ruimte het "slegs 'n diëgetiese vorm". Die ruimte as 'n estetiese kategorie kom dus in die verhalende teks tot stand deur vertelling.

Die vertellende en fokaliserende instansie is dus 'n medium waardeur die inligting, hier die ruimtelike gegewens, gefiltreer word.
Die verteller fokaliseer, hy selekteer, hy medieer en hy verwoord.

In *Die olifantjagters* is daar eksplisiet 'n interne verteller aan die woord wat ook die fokalisator is, wie se siening van en visie op die gebeure gegee word en in wie se woorde die vertelling tot stand kom.

Die verteller beskryf die ruimte waarin hy hom bevind as hy op pad is na Huger:

> Die lug is warmer, die wind het sy rigting verander, [...]
> Die lug het 'n koper glans wat die hitte verskerp. (1)
> In hierdie toegevoude bos, [...] Die lug is warm en stowwerig[ ...] Die veld is op sy vaalste. (2)
> Die lug lê swaar op die aarde,[...] Die olifantgras staan meters hoog. Kilometers ver is hulle so 'n digte aaneengeskakelde massa dat 'n mens niks verder as die pad kan sien nie. (4)

By die Boesmannedersetting is die ruimte vir die verteller opvallend:

> Daar is 'n groot sirkel van doringtakke om die landerye gepak met slegs 'n smal en kronkelende voetpad daardeur. (4)
> Die plek is vuil: [...] Al wat redelik in orde lyk, is die tien voet hoë beeskraal van skerpgemaakte pale. (10)

In kontras hiermee is die jagkamp:

> Tog is die kamp skoon uitgevee en netjies. [...] Die kamp is vol trofeë. [...] Ten spyte van al die netheid, kry ek tog steeds die indruk van verval en verrotting. (15)

Die verteller beskryf die bos waarin hulle stap:

> Dit is asof 'n mens deur 'n oneindigende tonnel van bos en bome stap. (185) Die omgewing raak vir ons al vreemder.
> Snags is die geluide onbekend en skrikwekkend. (187)
> Takke kruis mekaar byna ondeurdringbaar. Blare lê dik gestrooi op die woudvloer. Dit is donker hierbinne en stil. (220)

Sulke beskrywings getuig van 'n besonder intense ruimtelike bewussyn. Afgesien van hoe daar in die openingsdeel van die verhaal verwys word na geografiese plekke, herken die leser die plekke, die hitte, onherbergsaamheid, natuur en die boomname van Afrika. Die mededeling en waarneming van die droë landskap soos wat die verteller beweeg, sluit aan by voorkennis van Afrika en is realisties genoeg sodat die leser dit sonder moeite as 'n ruimte kan plaas.

Die vraag is hoe die plek ervaar word en dit word uit die vertelling afgelei. Hierdie mimetiese ruimte waarbinne die karakters en die gebeure van die verhaal geplaas word, is die ruimtelikheid van die fiktiewe wêreld waarin die epiese handeling plaasvind. Die mimetiese ruimte in die verhaal word in die medium van taal beskryf en word die gerepresenteerde, diëgetiese ruimte.

Volgens Brink (1989:131) hang die geslaagdheid van hierdie gerepresenteerde ruimte (die proses van die beskrywing van die mimetiese ruimte na die diëgetiese ruimte) af van die leser se waarneming van die verteller se betrokkenheid by die vertelteks asook die "onmiddellike toegang [...] tot die handelinge, woorde of gedagtes van karakters in die storie". Op grond van sy mimetiese voorwetes, vul die leser sonder dat hy daarvan bewus is, die ontbrekende gegewens in die mimetiese ruimte in.

Die implikasie van hierdie proses waar die mimetiese ruimte as 'n gerepresenteerde ruimte vir die leser aangebied word, is dat die ruimte getematiseer kan word sodat dit byna soos 'n karakter optree

in die verhaal. Volgens Du Plooy (1986:104) moet die tema "op so 'n manier aangebied word dat dit nie net die aanvanklike belangstelling van die leser prikkel nie, maar dit moet die leser stimuleer en sy belangstelling behou". Die leser neem egter slegs dit waar wat die fokalisator aan hom wil meedeel en wat hy sal omvorm sover sy voorstellingsvermoë hom sal toelaat. Indien die leser maklik die mimetiese bedoeling van die teks snap en só deelneem aan die skepping van die geografiese ruimte, is die skepping van die diëgetiese ruimte suksesvol.

Die wyse waarop die gerepresenteerde ruimte in *Die olifantjagters* aangebied word, beklemtoon die ongenaakbaarheid van die Afrikanatuur. Selfs die verteller wat homself as 'n Afrikaan ag, sukkel om aan te pas in die natuur, selfs al het hy groot waardering en 'n liefde daarvoor:

> Gewoonlik is hierdie gedempte kleure vir my mooi, die plantegroei se onbaldadigheid, 'n eie soort inkennigheid. Nou wens ek dat die verandering in seisoen sal kom wat alles weer nuut sal maak. (2)

Wat uit bogenoemde duidelik word, is dat die mimetiese ruimte van die Afrika-ruimte omvorm word tot 'n diëgetiese ruimte in die verhaal deur gebruik te maak van taal. Hierdie gerepresenteerde ruimte in die verhaal word weergegee deur die verteller wat onmiddellike toegang tot alle gebeure in die verhaal het.

### 2.5.2 STORIERUIMTE TEENOOR VERHAALRUIMTE

Die mimetiese ruimte word ook die storieruimte genoem omdat dit die ruimte is waarbinne die karakters en gebeure van die storie geplaas

word. Hierteenoor staan die diëgetiese ruimte, wat ook die verhaalruimte genoem word, en wat al lesend ontstaan soos wat die leser sy eie verwysingsraamwerk bou om die gerepresenteerde ruimte. Volgens Venter (1982:26) is storieruimte en verhaalruimte onderskeibaar, maar relasioneel aan mekaar en aan die teks gebonde.

As die verteller op pad is na Huger se kamp, gee hy 'n beskrywing van die ruimte waardeur hy ry. Hy verwys telkens na die sand waardeur hy ry:

> Die sand hou jou so vas dat jy nie kan wegkom nie. (2)
> Die sand is dik en swaar. Eers dan laat die sand my vry. (3)

Hierdie beskrywing sluit aan by die mimetiese ruimte omdat dit deel is van die ruimte waarin die storie geplaas word. Die verteller beskryf verder:

> [...] nooit kan spoed kry om uit jouself en dit waaraan jy gebind bly, uit te jaag nie. (2)
> Ek het te min energie om te vloek of vuis te skud teen die elemente. (3)

Die diëgetiese of verhaalruimte, maak die leser daarvan bewus dat die verteller in sy onderbewuste vasgevang voel, dat hy 'n behoefte het om los te kom van dít wat hom vashou. Die verteller beskryf die rigting waarin hy ry:

> Die rigting is noord, al dieper in Afrika in. (2)

In terme van die storieruimte, of die mimetiese ruimte, behels hierdie verwysing die lokalisering van gebeure: die verteller is naamlik besig om noordwaarts te ry. As 'n gegewe van die verhaalruimte, beteken dit dat daar beweging in die verhaal gaan wees, dat die verhaal ver-

der noord, in Afrika sal afspeel en dat dit bepaalde implikasies het. Dit laat die vraag ontstaan of hierdie reis in Afrika in dalk vir die verteller 'n bevryding is, en of dit juis Afrika is wat die verteller wil teister en gevange hou.

Volgens Venter (1982:29) verander "[o]nder ons lesende oog [...] die epiese ruimte dus van 'n mimetiese figurasievorm in 'n diëgetiese konfigurasievorm". Die verhaalruimte ontstaan dus "al lesende", wat "patrone vorm wat konstant kan bly of verandering kan ondergaan, al na gelang dit die een of die ander vertelintensie dien" (Venter, 1982: 32).

Die verteller "selekteer en orden egter nie met die oog op die sintagmatiese storieruimte nie, maar met die oog op die paradigma- tiese verhaalruimte," (Venter, 1982:37). Dit bring mee "dat wat vir die vertel van die storieruimte mimeties en redundant is,vir die verhaalruimte diëgeties essensieel en dus onweglaatbaar is." (Venter, 1982: 37.)

Die verwysing na die sand aan die begin van die verhaal sou moontlik op die vlak van die diëgetiese ruimte 'n onbelangrike funksie vervul en slegs tot 'n mimetiese invulling gereduseer kon word, maar vir die verhaalruimte is dit noodsaaklike inligting wat bydra tot die geheel.

Die kern van wat uit hierdie bespreking duidelik word, is dat die storieruimte ook die mimetiese ruimte is waarbinne die karakters en ge-

beure van die storie geplaas word. Die diëgetiese ruimte word ook die *verhaalruimte* genoem en dit ontstaan soos wat die leser uit die gerepresenteerde ruimte sy verwysingsraamwerk bou.

### 2.5.3 VERTELDE RUIMTE

Volgens Brink is die vertelde ruimte "die ruimte van die storie wat in die teks deur die verteller vertel word" (1989:111). Volgens Venter (1982:94) verplaas die vertelde ruimte die leser "uit die hier en nou van sy werklikheid na die daar en toe van die vertelde storiewerklikheid". Die leser vertolk gevolglik die kodes wat deur die verteller aan hom gebied word.

Die diskursiewe ruimte vorm deel van die vertelde ruimte en kom tot stand deur en in die diëgetiese proses, dus die vertelling. Die diskursiewe ruimte word beskou as die taalruimte omdat die leser hierdeur let op wát en hóe vertel word. Hierdeur bepaal die leser "die diskursiewe posisie en die diskursiewe strategie van die verteller" (Venter, 1982:92). Die diskursiewe ruimte dui daarom nie soseer op die ruimtelike inhoud of patrone van wat vertel word nie, maar op die ruimtelike relasie tussen die verteller en die verhaal.

Volgens Venter (1982:89) het die diskursiewe ruimtes (situasies) te make met die betrokke instansie wat as fokalisator optree, asook van wie se uitbeelding van ruimte die leser afhanklik is. Voorts is die plasing van die fokaliserende karakter of die verteller ten opsigte van die verhaal ook baie bepalend.

Die taalruimte kan beskou word as deel van die konstruksie van die diskursiewe vertellersruimte. Die vertelruimte bestaan uit die sintaktiese en semantiese patrone van die taal en vorm die brug tussen die storieruimte en die vertellersruimte. Die storieruimte is Afrika en die landskap is aanvanklik leeg. In die proses waarin die mimetiese ruimte na die diëgetiese ruimte herlei word, word hierdie storieruimte egter met attribute gevul, wat dit as ruimtelike gegewe of vertellersruimte ontwikkel:

> Dit is lente; [...] Die lug is warmer, [...] By die dorpies staan die beeste lusteloos rond, te moeg om te gaan vreet. (1)
> In hierdie toegevoude bos, op dié plat aarde met geen merkbare terreinvorms nie, [...] Die lug is warm en stowwerig. (2)
> Die olifantgras staan meters hoog, so droog dat ek dit kan hoor ritsel in die wind. (3)

Deur middel van taal ontstaan die proses dat die ruimte van die storieruimte ingevul word.

Die vertellersruimte is die "ruimte waarbinne, of van waaruit, die verteller sy verteltеks sit en voortbring" (Brink, 1989:110). Dit is egter nie nodig om die ruimte ten volle te spesifiseer nie, want dit wat nie gespesifiseer word nie, is by implikasie daar en daarom beteken dit dat dit die moontlikheid besit om geaktiveer te word.

Die vertellersruimte in *Die olifantjagters* is soos reeds gemeld die ruimte van Afrika. As die verteller die Boesmannedersetting besoek, gee hy 'n beskrywing van die chaos wat heers om die nedersetting, maar brei nie weer uit oor die droë warm toestande wat heers nie:

> Ons stap tussen grasskerms deur waarlangs Boesmans in die skaduwee lê en opkyk sonder om te groet of te glimlag. (10)

Die verteller beskryf die afslag van die olifantkarkas in groot besonderhede sodat die leser met verwondering daarvan kennis neem. Die leser moet die verteller vertrou omdat hy afhanklik is van die verteller se waarneming. Die leser aanvaar dat die verteller weet waarvan hy praat omdat hy weet dat die implisiete outeur 'n kenner en ingewyde op daardie gebied is.

Die gevolgtrekking wat uit bogenoemde bespreking volg, is dat die diskursiewe ruimte beskou kan word as die taalruimte en te make het met die fokalisator, van wie se uitbeelding van die ruimte vir die leser bepalend is. Die vertellersruimte is die ruimte wat die verteller gebruik om sy vertelteks te plaas en dit voort te bring.

Omdat die verteller dieselfde instansie is as die fokalisator en omdat die verteller ook 'n karakter is en self sy eie verhaal vertel of skryf, is daar in *Die olifantjagters* 'n oormekaarskuif van verskillende teoretiese aspekte. Hierdie figuur (karakter, verteller, fokalisator) dien egter as sentrale saambindende faktor in die roman wat 'n baie spesifieke visie bied op ruimte en gebeure en karakter, maar ook op die vertelling as sodanig.

### 2.5.4 ANALISE VAN VERTELDE RUIMTE

Vervolgens word gefokus na belangrike aspekte van die ruimte wat in die vertelproses tot stand kom.

In die jagkamp gaan wys Huger vir die verteller die trofeë en die skedels van die olifantkoppe. Die verteller beskryf nie net wat hy sien nie, maar gee ook sy interpretasie van die omstandighede deur te verwys na die verval en verrotting onderliggend aan alles:

> Ten spyte van al die netheid, kry ek tog steeds die indruk van verval en verrotting. Dit is nie net dat die rysmiere al klaar weer besig is om die houtstutte aan te val nie, dat die kewers reeds in die dakke van die hutte skuilhou nie - dit is iets veel wesenliker.
> Meteens besef ek dat dit die réúk is: 'n muwwe geur wat verstikkend bo die vars gedekte dakriet uitstyg. (15)

Die verteller slaag daarin om die leser in die vertelde storiewerklikheid in te trek. Die beskrywing van die ruimte waar die verteller en Huger hulle bevind tussen die tekens van die uitwissing van die diere, is ontstellend, nie net vir die leser nie, maar ook vir die verteller:

> Om die een of ander rede is die indruk wat dit op my maak, oorweldigend. (15)

Volgens Brink (1989:114) word die vertelde ruimte in 'n verhaal deur verskillende prosesse opgebou en sodoende word die informasie in die vertelteks oorgedra. Die prosesse wat Brink (1989:114) identifiseer, is die herhaling van gegewens, die akkumulasie van besonderhede en die noem van besonderhede in daardie ruimte. Dit is presies deur hierdie prosesse wat die verteller in *Die olifantjagters* die leser in die Afrika-wêreld intrek.

As die jagters die olifant agtervolg, beskryf die verteller die bos waardeur hulle loop:

> Ons stap dag vir dag voort deur die bos. (183)

> Ek is nie gewoond aan die digtheid en die hoogte van die bos nie, [...] Dit is asof 'n mens deur 'n oneindigende tonnel van bos en bome stap. (185)
> Die omgewing raak vir ons al hoe vreemder. Daar is vreemde voëls en eienaardige diere, [...] Ons is nie meer seker oor die veldkos nie [...] Snags is die geluide onbekend en skrikwekkend. (187)
> Die dag, die veld, 'n blou lug bo, die son wat woedend bak, [...] (201)
> Dit was 'n digte gedeelte van die bos. Takke kruis mekaar byna ondeurdringbaar. Blare lê dik gestrooi op die woudvloer. (220)

Die verteller noem herhaaldelik die ondeurdringbaarheid en die ongenaakbaarheid van die bos as hy die ruimte beskryf waardeur die jagters agter die olifant aanloop. Dat die bos vir die verteller geen rigting en dimensie kan bied nie, herhaal hy ook telkens:

> In die toegevoude bos, op dié plat aarde met geen merkbare terreinvorms nie, [...] (2)
> Is die hele wêreld 'n eindelose vlakte waardeur ons aan die strompel is, om met elke tree noordwaarts of suidwaarts net nuwe afstande te bereik, ander plekke waar die sand versamel? (218)
> Die veld is plat en oneindig, die een boom soos die ander. Daar is geen landmerke nie. (231)
> Nou is daar geen vastigheid meer nie, slegs 'n vae vermoede waar suid lê. (247)

As 'n plek in 'n teks genoem word,

> dan "bestaan" dit in die storie: maar dit maak nog nie daarvan 'n *betekenisvolle* ruimte of 'n *aktiewe* ruimte nie. Wanneer so 'n plek egter telkens in die verteltеks terugkeer, kan dit deur die blote effek van herhaling 'n faktor van belang word, omdat dit dan as ruimte geassosieer word met [...] 'n bepalende funksie [...] (Brink, 1989:112)

Die herhaaldelike beskrywing van die bos, asook die rigtingloosheid wat die verteller as Westerling in die bos ervaar, ondersteun die illusie van Afrika se krag wat in kontras staan met die Westerling se verlorenheid in die Afrika-ruimte.

Op soortgelyke wyse is die olifantslagtery vir die verteller 'n sintuiglike sowel as 'n emosionele waarneming:

> Ek snak byna na asem toe die vleis skielik en tegelykertyd op verskeie plekke uit die vaal karkas te voorskyn kom, vensters vorm waardeur mens binnetoe kan kyk. (90)
> Die stank is oorweldigend: ou gras, blare, stukke vermolmende boombas. (91)
> Die karkas word al kaler, al meer weersinwekkend, net ek deel nie in die plesier nie. (93)
> Die reuk moet vir 'n nuwe aankomeling by die slagplek, veral een met 'n Westerse neus, onuitstaanbaar wees, die slagtery 'n bloedige gemors. (94)

Daar is ook ander aspekte van die omstandighede in hierdie deel van suidelike Afrika wat 'n sterk emosionele reaksie ontlok. As die jagters afkom op die oorblyfsels van 'n skermutseling in die oorlog, sê die verteller dat hy nou die sogenaamde bosoorlog anders sien, "van 'n afstand af, onbetrokke" (186).

> Ek herken die rompe met 'n oogopslag: 'n MIG 23 met sy neus in die grond geploeg, sy stert afgeruk en waarskynlik elders in die bos, Valkiri 127 mm-veelvuurpyllanseerders, die Russiese T-55-tenk [...] (186)

Die verteller spreek dan sy afkeur in sterk terme uit:

> 'n Hewige gevoel van afkeer stoot in my op: die vermetelheid daarvan om hierdie instrumente van dood na die diere te noem! (186)

Beide hierdie insidente word hoofsaaklik met sintuiglike waarneming aangebied en deur emosie gekleur. Die verteller as fokalisator neem hier waar as Westerling. By die olifantslagtery is hy met weersin vervul omdat die slagtery buite sy kulturele grense val. In die bos, by die oorblyfsels van die oorlogstuie, is die verteller, wat eens ook deel

van die oorlog was - meer nog, wat as Afrikaner behoort tot die groep wat die oorlog gevoer het - as buitestaander met afkeer vervul en verstom oor die omvang van die gewetenloosheid van die oorlog.

Hierdie akkumulasie van besonderhede word hoofsaaklik aangebied om die waarneming van die ruimte aan te vul. Uit hierdie aanbiedingswyse kan die vrae gevra word: "Wie neem hier waar en wat verraai die waarneming van die waarnemer?" ... "en selfs: *Hoekom* word hier waargeneem (en word juis dít waargeneem)?" (Brink 1989: 112).

As die verteller by die Boesmannedersetting kom, is hy bewus van die ruimte wat hy betree:

> Die lug ruik na die drek van mense en honde. Die gras is yl en skaars hier naby die hutte. Die mielies en mahango is nog halfwas. Vlieë begin draai om my kop en kom sit op my arms om aan die sweet te drink. (5)
> Die plek is vuil: leë plastiek bruinsuikersakkies warrel oral rond in die wind, afgesplinterde emalje drinkbekers en -bakke lê verspreid, rosyntjiebosdoppe, ou kole, wit kolle as, 'n stuk beesvel, [...] (10).

As die verteller en Huger in die jagkamp is, beskryf die verteller die trofeë wat hy sien:

> Bokkoppe is oral teen pale vasgespyker en in die kroeg staan skedels van 'n reeks roofdiere, van klein tot groot uitgestal op die hoogste rak van die drankkas: muskeljaatkat, rooikat, cheetah, luiperd, leeu. (15)

Deur die noem van voorwerpe in 'n ruimte, word die narratiewe ruimte gekonstrueer. Volgens Brink (1989:114) verkry "die 'groot ruimte' eintlik eers werklik narratiewe implikasies [...] wanneer die 'nietige' dinge daarbínne genoem word [...] Dit 'benoem' ook nie net die

ruimte nie, maar 'kleur' dit, inspireer die leser om dit te interpreteer."

## 2.6 ASPEKTE VAN RUIMTE

Mieke Bal (1978:98) voer aan dat ruimte ook deur die sintuie waargeneem kan word:

> Drie zintuigen zijn speciaal betrokken bij waarneming van ruimte: het gezicht, het gehoor en het gevoel [...] Visueel worden vormen, kleuren en maten waargenomen, altijd vanuit een bepaald perspectief. Geluiden kunnen, zij het in mindere mate, bijdragen tot de presentatie van ruimte. Tactiele waarnemingen hebben meestal een geringe ruimtelijke betekenis.

Bal is van mening dat die verhouding tussen die karakters en die ruimte met behulp van hierdie sintuiglike waarneming bepaal kan word. Hierby noem Du Plooy (1989) ook nog die reuk- en smaaksintuie wat vir hierdie spesifieke verhaal baie belangrik is.

Omdat slegs die verteller as fokalisator optree, word slegs van sy sintuiglike waarnemings verneem. Uit die verteller se waarneming van die ruimte waarin hy homself bevind, is dit duidelik dat hy die ruimte baie intens ervaar. Die waarnemings getuig van sy verbondenheid as mens aan die natuur maar ook van sy psigiese reaksie daarop:

> Ons is almal onontkombaar aan die seisoene vas. (1)
> Ek het te min energie om te vloek of vuis te skud teen die elemente. (3)

As dit warm en droog is, is hy bewus van die implikasies daarvan

> Die veld is op sy vaalste. Eers later sal die reën kom wat die groen jasse vir die bome sal omwikkel, die gras weer hulle windgat pluime sal gee. (2)
> Die lug lê swaar op die aarde, 'n soliede massa blou met 'n koper skynsel en met min beduidenis van wolke. Selfs die voëls praat meer gedemp [...] (4)
> Die dag is aan sy einde, maar steeds vrekwarm. Die lug

> ruik na die drek van mense en honde. (5)

As die reënseisoen aangebreek het, is die verteller bewus van die verandering wat dit in die natuur gebring het:

> Daar is die gedurige soet reuk van reën en groeiende gras in die lug. (25)
> Van ver af kom die hartseer gefluit van die naguiltjies; hulle roep oor die geluid van die stemme heen. Die jakkalse en die honde is tussendeur besig om mekaar op 'n afstand oor en weer te staan en koggel. (35)

Die ruimtelike bewustheid van die verteller sluit vanselfsprekend ook mens in die ruimte in. Du Plooy (1989:112) wys daarop dat karakters, in hierdie geval die verteller ook, ruimte beleef as: " 'n kader, d.w.s. as topologie waarin hulle ingesluit word, maar die invulling van die ruimte, word ook as 'n ruimtelike belewenis waargeneem". Veral lAsa word byna deel van die ruimte, juis as gevolg van die nou band tussen Afrika (as die wêreld wat oerelemente bevat maar wat sy ongereptheid verloor) en lAsa (wat oor oerkennis beskik maar deur haar kontak met Westerlinge ook verander).

As gevolg van sy aangetrokkenheid tot lAsa is die verteller onwillekeurig bewus van lAsa se bewegings en optrede. Hy is baie meer bewus van sy sintuiglike impulse as lAsa in sy nabyheid is:

> lAsa is buite tussen die bosse in 'n sinkskottel saam met twee vriendinne aan die bad. Hulle het hulle met seeppoeier uit 'n kartonpak besprinkel en giet die water oor mekaar se koppe uit. Ek kan hulle jong lywe tussen die blare deur sien glim, blinknat en ferm. Al is hulle 'n ent weg, buite, vul hul stemme die tent. lAsa lag die hardste, helder soos 'n voël. Ek is heeltyd van haar teenwoordigheid bewus, my oë dwing my na buite. (94)

ǀAsa word egter toenemend 'n belangrike faktor in die verteller se lewe. Sy word ook toenemend geïndividualiseer.

> In die nag hoor ek Huger en ǀAsa binne-in die woonwa beweeg en asemhaal. Dit bring warmte en besweer die alleenheid. (31)
> Ek wat lanklaas die warmte van 'n lyf gevoel het, verlang ver. (29)
> ǀAsa en ǁUce sit in die donker op my bed, 'n warm nabyheid. (35)
> Ek kruip in die warmgelêde bed in, haar reuk nog aan die kussing [...] (177)
> As ek haar voete in my hande neem, is die sole skurf en gekraak en skuur dit grof teen my handpalms. (238)

Die betekenis van die ruimte van Boesmanland is vir die verteller belangrik. Die afsondering en die ongereptheid van Boesmanland sluit aan by die verteller se eensaamheid en die ontvluging waarna hy soek. Hy is intens bewus van die dinge wat die Afrika-ruimte vul, die onbekende natuurmagte waaraan hy uitgelewer word, is die versinnebeelding van sy weerloosheid teenoor die mag waarvan hy wegvlug.

Uit bostaande redenasie word daar tot die gevolgtrekking gekom dat die verhouding tussen karakters en ruimte met behulp van sintuiglike waarnemings aangebied word.

## 2.6.1 DIE DISKURSIEWE OUTEURSRUIMTE

Die leser as narratiewe waarnemer omvorm die narratiewe werklikheid van die verhaal vir homself en is afhanklik van dít wat hy deur die fokalisator, in hierdie geval die ek-verteller, te wete kom. Enige leser is egter bewus daarvan dat hy besig is met 'n kommunikasieproses met die outeur wat eintlik 'n eksterne instansie is. Al word die outeur beskou as die abstrakte outeur en staan hy buite die storie wat vertel

word, staan hy egter nie los van die storie nie: "hy bepaal dat 'n teks só daar sal uitsien en nie anders nie" (Venter, 1992:360).
In *Die olifantjagters* kom die outeur nie direk aan die woord in die teks nie, maar die vooraftekste, die titel, die motto en die ek-verteller, vorm die diskursiewe outeursruimte waarin die abstrakte outeur sy siening van die verhaal verwoord.

In die motto van *Die olifantjagters* is daar 'n aanhaling van Robert J. Gorden se *The Bushmen Myth*: "The frontier is a zone of death, an area of unpredictability. Nothing can be taken for granted. People and even symbols find their ambiguity amplified with the attributions of animalesque powers." Venter (1982:125) beskou hierdie vooraftekste as die diskursiewe ruimte van die abstrakte outeur. "Op 'n eiesoortige wyse word daarin betekenisse tot stand gebring wat vir die interpretasie van die werk beduidend is."

Venter (1992:361) verwys soos volg na Foucault se sienswyse oor die outeursproblematiek:

> In plaas van hierdie vrae oor die identiteit van die *outeur* stel hy vrae oor die funksionaliteit van die outeursnaam. 'n Outeursnaam individualiseer volgens hom nie 'n persoon nie maar 'n sekere vorm van diskoers. 'n Gemeenskap ken nl. aan bepaalde geskrifte die status en permanensie van literêre werke toe en aan ander nie. Op grond hiervan kan twee tekssoorte onderskei word: dié met en dié sonder outeursfunksie.

In die outeur van *Die olifantjagters*, Piet van Rooyen, se ander romans (*Die spoorsnyer* en *Agter 'n eland aan*) blyk die herhalende tema te wees die tragiese verwonding van die Boesman se kultuur in die Afrika-ruimte in reaksie op die Westerse invloede. Piet van Rooyen se naam as outeur word daarom in hierdie diskoers geassosieer met die skrywer van Afrikaromans. Voorts is dit ook 'n duidelik Afrikaanse naam wat aansluit by die problematiek van die verteller as karakter wat 'n Afrikaner is.

## 2.7 AFRIKA AS PLEK

Die geskiedenis van die gebiede waarin *Die olifantjagters* afspeel en die geskiedenis van die mense, as individue en as groepe, vorm noodwendig deel van die konteks waarteen en waarin die roman geplaas word. Die prominensie van Afrika as 'n baie spesifieke en eiesoortige streek in die roman noodsaak dit om in die volgende afdeling na te gaan hoe Afrika in die roman uitgebeeld word.

### 2.7.1 GEOGRAFIESE RUIMTE

Alhoewel Suid-Afrika aan die heel suidelike punt van Afrika geleë is, word dieselfde uiterstes in geografiese bou en klimaat as in die res van die kontinent ook hier aangetref. Dit is dus logies dat Suid-Afrika se klimaat en plantegroei nie los te dink is van die vasteland van Afrika nie. Dit geld ook vir Namibië hoewel die land 'n aparte geografiese en politieke entiteit is.

Die Europeër se bemoeienis met Suid-Afrika dateer terug na die Portugese seevaarders se reise om Afrika. Reeds toe al spreek die

kontak met die binneland van plundering van die land se rykdomme, die sogenaamde etniese konflikte en die onmenslike handel in slawerny.

Vir die Europeër was Afrika 'n kontinent wat konfrontasie verteenwoordig. Nie net was daar die onoorbrugbare kloof tussen die Westerlinge met hul beskawing en die inheemse Afrikane wat deur die Europeërs as primitief beskou is nie, maar die land self wat as veeleisend en bedreigend ervaar is, dikwels as ongetem en boos. Die vreemdheid en ongemak van Westerlinge, het Afrika as 'n tydelike dimensie wat geen indringing of verandering sou duld nie, ervaar. Die broeiende en warm aard van die tropiese klimaat en die gevaar van die dierelewe, het daartoe bygedra dat Westerlinge in Afrika vreemde- linge sou bly.

By die Westerlinge was 'n drang om Afrika se inwoners te beskaaf en te kersten. Dít het dikwels die grondslag gevorm vir die Weste se sendingaktiwiteite in Afrika wat reeds vanaf die einde van die agtiende eeu aktief in Suid-Afrika gewerk het. Nie net was daar onder die sendelinge onbegrip vir die land, sy mense en hul omstandighede nie, maar onder die inheemse bevolking het daar groot negatiwiteit teenoor die vreemdelinge geheers wat as indringers beskou is.

In 'n land soos Suid-Afrika, waar daar soveel uitlopende volksgroepe is, elk met sy eiesoortige kultuur, is dit te verstane dat hierdie verskeidenheid ook sy neerslag in die letterkunde sal vind. As gevolg van historiese faktore en die latere beleid van afsonderlike ontwikkeling is die kontak tussen die verskillende volksgroepe van Suid-Afrika egter

vir baie jare deur wetgewing gereguleer en daar was min geleentheid om mekaar in die gewone daaglikse lewe oor kleurgrense heen te leer ken.

Suid-Afrika se meer resente geskiedenis toon in baie gevalle 'n voortsetting van konflikte en oorloë wat vroeër in Afrika gevoer is en wat uit rassekonflik ontstaan het. Hierdie rasseproblematiek en die uitvoering van die apartheidsbeleid was 'n groot oorsaak van rassebotsings in suidelike Afrika en het meer as enigiets anders die land se inwoners van mekaar én van hul kontinent vervreem.

As gevolg van Suid-Afrika se politieke beleid van apartheid was dit vir reisigers met 'n Suid-Afrikaanse paspoort moeilik om Afrikalande te besoek en daarom het Suid-Afrikaanse skrywers hoofsaaklik gekonsentreer op Suid-Afrika. Die kontinent Afrika het dus vir die meeste skrywers 'n misterie gebly en die vasteland van Afrika is hoofsaaklik uitgebeeld as 'n afsydige, onsimpatieke vasteland.

## 2.8 AFRIKA IN DIE AFRIKAANSE LITERATUUR

Die Afrikaanse letterkunde was nog altyd sterk ruimtelik ingestel, maar dit wil tog voorkom asof daar die afgelope twintig jaar by die Afrikaanse skrywer 'n toenemend sterk bewussyn posgevat het dat Suid-Afrika 'n onlosmaaklike deel van Afrika as vasteland is.

Om aan te toon dat *Die olifantjagters* aansluit by die tradisie, sal verwys word na enkele ouer en jonger Afrikaanse letterkundige tekste.

In Erna van Heerden (1987) se MA-verhandeling, *Die konsep "Afrika" in die jonger Afrikaanse letterkunde*, word die mening uitgespreek dat die ouer en die jonger Afrikaanse letterkunde beduidend van mekaar verskil in hul hantering van Afrika as gegewe. Skrywers soos Leipoldt en Totius beskou Afrika vanuit 'n Westerse perspektief en sien die vasteland as vreemd, donker en geheimsinnig, sonder enige verband met Christelike gebruike en waardes.

Afrika manifesteer in die Afrikaanse letterkunde t.o.v. die ruimtelike aspekte, maar ook t.o.v. die uitbeelding van die inheemse mense. Sangiro is in sy werk geboei deur tropiese Afrika met sy grootwild en hy teken natuurtonele wat as agtergrond dien vir die tragiese botsing tussen mens en dier. Die Hobson-broers skryf veral oor die dorre Kalaharistreek en hulle lê hulle toe op die uitbeelding van die kleiner jagdiere in die Kalahari.

Hierbenewens kan ook die siening van die inheemse mense in die literatuur nagegaan word. Ná 1930 skryf skrywers realisties en die etniese konflikte wat deel was van die mens se bestaan in Afrika word in die werke gereflekteer.

Die swart man, as bykarakter, speel 'n ondergeskikte, maar 'n onmisbare rol in romans soos D.F. Malherbe se *Die Meulenaar* (1926) en C.M. van den Heever se *Somer* (1935). In C.M. van den Heever se werk is die hooftemas die ondergang van die boer op die plaas en die mens se magtelose posisie teenoor die elemente van Afrika. In Mikro se werke, *Toiings* (1934) en *Vreemdelinge* (1944), word die kleurling

deur die blanke se oë gesien en is sterk humoristies gekleur.

G.H. Franz beeld in sy *Moeder Poulin* (1946) die Boer tydens die Tweede Vryheidsoorlog uit soos gesien deur die oë van 'n ou swart vrou. In al Franz se werke is daar 'n geïdealiseerde siening van die swart mense in hulle tradisionele leefwyse met hoë sedelike instellinge en 'n eie kultuur. In P.J. Schoeman se werk is die uitbeelding van die dierelewe en die swart man nou verbonde. Hy beskryf in *Rook op die Horison* (1949) 'n swart man wat buite die beskawing en binne sy eie stamverband na aan die natuur leef. Dit is opmerklik dat by Franz en Schoeman dit die gebruik is om die inheemse swart mense idillies in 'n vroeëre natuurstaat en in gelukkige samesyn met die blanke uit te beeld.

Daar is 'n skerp teenstelling tussen die manier waarop F.A. Venter in *Swart Pelgrim* (1952) die verarmde swart man in die moderne grootstadslewe uitbeeld en die manier waarop Jan Rabie in *Ons die Afgod* (1958) die verhouding tussen die swart, bruin en wit mense uitbeeld.

F.A. Venter se tetralogie oor die Groot Trek, *Geknelde Land* (1961), *Offerland* (1963), *Gelofteland* (1965) en *Bedoelde Land* (1986), het 'n historiese inslag waarin die Afrika-ruimte met sy gepaardgaande konfrontasies uitgebeeld word. In hierdie boeke is die inheemse swart mense meestal die vyand.

In die sestigerjare het die Sestiger-beweging begin wegkeer van Afrika en teruggewend na Europa. In plaas daarvan om voort te bou op 'n

Afrika-ingesteldheid, is daar probeer om die Afrikaanse literatuur in pas te bring met moderne neigings in Europese literatuur.

In latere Afrikaanse werke is daar 'n diepgaande verandering in die belewing van Afrika en is die Afrikabewussyn daarop gerig om die vasteland te ontgin. Die Suid-Afrikaanse milieu dien as agtergrond vir die volkeprobleem, konflik, geweld en vryheidsug wat hier geheers het. Deur hierdie beelde het die indruk geheers wat in Afrika ervaar word, maar dit vertoon 'n verskeidenheid van aksente.

Skrywers soos Karel Schoeman, Wilma Stockenström en Chris Barnard gebruik Afrika as agtergrond as verlenging van die soeke na identiteit en sin. Chris Barnard gebruik in die verhaal *Bos* (in sy bundel *Duiwel in die Bos* (1968)) die gevaarlike en onheilspellende van Afrika as agtergrond om die verteller se belewing van 'n skuldbewussyn te verbeeld. Wilma Stockenström gebruik in haar digkuns ook Afrika as agtergrond. In *Spieël van water* (1973) word Afrika as vasteland verder verken en word die "siening van die mens in sy vermetelheid, onthullende swakhede en vroetende optogte" (Kannemeyer, 1983: 513) tot 'n hoogtepunt gevoer. Karel Schoeman beeld in *Na die geliefde land* (1972) die hoofkarakter se herinneringe aan Afrika uit in terme van liefde, heimwee en nuuskierigheid. In *Afrika: 'n Roman* (1977) word Gisela se verlange na Afrika gesimboliseer as haar hunkering na 'n volkome selfstandige persoonlikheid.

Oorkoepelend beskou word daar in hierdie tekste nie soseer gekon-sentreer op die geografiese besonderhede van 'n sekere plek of

streek nie, maar die verhouding en die verbondenheid tussen die sprekende instansie en 'n bepaalde stuk aarde en die liefde daarvoor staan in baie werke voorop. Die belewing van 'n sekere landskap lei in sommige werke tot diepe insig met betrekking tot die Skepper van dit alles.

Afrika se geografie, klimaat en natuur word selde alleen hanteer, maar word in verhouding gebring met die sprekende instansie in die werk en die omringende werklikheid. Die skrywers sien die geleentheid om die mens tot verantwoording te roep tot die skeppingsopdrag in terme van die ekologie en so die natuur teen verval en verwering te bewaar. Die ekologie speel soms 'n veel groter rol as dié van blote agtergrond. Die bewussyn van die ekologie toon die mens se plek aan in die natuur omdat dit die individu se nietige beeld in kontras met die totale skepping aksentueer.

Die verkenning van die wêreld en kultuur van verskeie inheemse Afrikavolke wat vir lank ontoeganklik was vir die Suid-Afrikaner, word met groter bewuswording in die letterkunde hanteer. Hierdie toenadering weerspieël nie net 'n uitreiking en verkenning oor kultuurgrense nie, maar ook 'n uitreiking na en verkenning van Afrika wat vir lank die donker kontinent gebly het. In die nuwe Afrikaanse literatuur word die geskiedenis van Afrika aangewend tot stof vir nuwe verhale. Die tydperk voor en na die politieke omwenteling van die negentigerjare word omgebou tot 'n Afrika-tema wat saam met die tradisionele geskiedenis as deel van Afrika beskryf word. Die uiteenlopende kulture en waardes van Afrika vereis 'n verandering en aanpassing van elkeen

wat deel is van Afrika en daarom moet die individu oop wees vir die nuwe en die vreemde.

Die vasteland van Afrika word gebruik as die personifikasie van die boorling soos in *Groot Vyf* (1997) van Johann Botha. Net soos in hierdie boek, word die verwarring en identiteitsoeke, die onbeantwoordbare vrae en eksistensiële onsekerheid wat hiermee gepaard gaan, ook in *Die olifantjagters* aangewend om die universele fasette van menswees uit te beeld.

## 2.9 DIE AFRIKA-RUIMTE IN *Die olifantjagters*

Die vasteland van Afrika word beskryf vanuit die kennis en begrip van die ek-verteller. Uit die voorafkennis van die skrywer weet ons dat Piet van Rooyen oor 'n uitgebreide kennis beskik oor Namibië (destyds Suidwes-Afrika) en die Boesman se kultuur en saambestaan met die natuur. Nie net word die Afrika-tematiek aangewend om die mag en die misterie van Afrika uit te beeld nie, maar ook die onverbiddelikheid daarvan. Daar word egter ook aangetoon dat die mens juis in hierdie Afrikawêreld met sy eie geringheid gekonfronteer kan en sal word - ten spyte van die mens se aanslag op die ekologiese balans ('n balans wat enersyds spruit uit grypsug en andersyds uit ontwikkeling).

### 2.9.1 DIE WESTERLING IN AFRIKA

Die onvanpaste en ongemaklike teenwoordigheid van die Westerling in Afrika word skerp beklemtoon in *Die olifantjagters*. Reeds van die begin af word die onbevoegdheid van die Westerse tegnologie in die

Afrika-ruimte benadruk as die verteller met sy veldvoertuig deur die veld ry:

> Die dieselenjin van my veldvoertuig dreun kletterend voort. Daar is 'n swak voeg in die uitlaatstelsel, wat die geraas vererger. Omdat hulle hingsels stukkend is, swaai die luginlaatflappe langs my voete op die vloer oop en toe soos die voertuig deur die knikke beur. Daar is 'n plaat los aan die bokant van die modderskerms en dié klap reëlmatig en irriterend bo die gedreun van die enjin uit. (1)
> Ek moet kort-kort na 'n laer rat oorskakel. Dit is harde werk om die wiele in die pad te hou. Soms moet ek vinnig een van twee of drie ompaaie kies, hopend dat ek die dikste sandkolle sal misry [...] Dan moet ek betyds rem skop en met 'n gesing van die ewenaar terug na die afdraaipunt, om van voor te begin. [...] 'n Paar keer moet ek uitklim en die domkrag instoot om die bakkie te lig sodat ek self takke en blare onder die wiele kan pak. (3)

By die Boesmannedersetting is die "afgeleefde woonwa met 'n groen tent aan die voorkant" opvallend "vreemd onvanpas" (10).

Die ruimte van Afrika word in *Die olifantjagters* die fokus van die konflik tussen die uiteenlopende kulture en belange:

> 'n Mens kom nie sommer in Afrika in om die eerste die beste bul wat jy raakloop te skiet nie. [...] Die jagter betaal vir elke dag wat hy bly. Hy moet eers getrakteer word: die beste whiskeys, beste wyne, sampioene en kaviaar, koue oesters, net waarvoor die lus daar is. Daarvoor word goeie geld gevra. Saans kom die klein Boesmans dans met hulle eiesoortige tieties en hul ronde boudjies: stetopia. (47)

Vir die Europeërs is die kontras van Afrika met Europa oorweldigend. Hulle pas moeilik aan by die primitiewe geriewe en geweldige hitte:

> Die eerste week van die veertien dae olifant-jagtyd word gewoonlik gespandeer om die jagter te laat aanpas by die temperatuur en die dorheid van Afrika. Dit is baie maklik vir sulke weekhartige Europeërs om hier van hitte-uitputting te sterf as hulle te gou te vinnig op die spoor moet saamloop. (46)

> 'n Switser en sy vrou, albei reeds rooi gebrand deur Afrika se son ná twee dae in die land, albei met reguit blonde hare wat lank en gesweet oor hulle voorkoppe lê. 'n Mens kan sien dat Afrika hulle volledig uit die veld geslaan het. (50)

As die Italianers kom jag, word die jagkamp omskep tot " 'n strand in Italië" (46):

> Oral lê donkerharige skoonhede hul lywe in die son en braai. Ovambo's in wit togas staan teen die paalomheinings rond of draf nader met drankies op skinkborde, hulle gesigte uitdrukkingloos onleesbaar, hul geamuseerdheid gestol in hulle wange. Die reuk van appelkose hang in die lug. Ek dag eers dis vrugte, maar dit moet 'n soort sonolie wees wat die skoonhede gebruik. (46)

Vir die verteller is hierdie toneel "skreiend onvanpas." En hy wonder: "Is dit hoe die jagtyd lyk?" (46)

Die Westerse beskawing is vir die Boesmans aanloklik, maar die effek van die Westerse invloed is duidelik nie goed nie. Die Boesmanneder-setting is vuil van plastieksakke, papiere en ander afval van 'n Wes-terse leefwyse. Die kontak wat die Boesmans met die Capriviane het, is aan die anderkant 'n probleem en laat vigs en geslagsiektes versprei:

> Die Boesmanmeisies raak volgens Melita hopeloos te vriendelik met hulle vir hulle eie gesondheid.
> "The Caprivi is rotten with Aids!" sê sy.
> "This is a living time bomb!" (45)

Die verteller hoor by Huger van die nag toe hy vir lAsa gaan soek het:

> "Dit was betaaldag by die weermag en Tsumkwe het in Sodom en Gomorra verander." (105)
> "Ek het al voorheen die meisies hoor vertel van sulke nagte. Hulle het altyd gespog dat dit so lekker was. Ek het altyd gedog hulle oordryf, maar die werklikheid was veel erger." (106)

Die probleem met die kontak tussen die Boesmans en die Weste sluit aan by die stryd tussen goed en kwaad wat nog altyd deel van die mens is en dit is duidelik dat die Westerse se invloed nie net ten goede is nie. Dit is dalk die eerbare doel van die Westerse beskawing om die Boesmans op te hef en selfstandig te maak, maar dit is duidelik dat die Westerlinge se teenwoordigheid in Afrika merendeels om selfsugtige redes is.

Boesmanland is vir die verteller 'n plek van ontvlugting, want met sy koms na Boesmanland het hy probeer om weg te vlug van homself:

> Dit is wat ek hier kom soek het: om vry te wees, om toe te laat dat die wind my saamvat soos hy waai (41).

Oor Huger wonder die verteller:

> Wat kon hom so 'n skrik in die beskawing gegee het dat hy hierheen gevlug het? (22)

Tog is dit duidelik dat Huger aangetrokke is tot die Boesmans en baie van hulle af weet. Hy erken veral die invloed wat lAsa op hom het:

> "Ek het in twee jaar saam met haar meer geleer as in veertien jaar skool in Duitsland." (32)

Die vroue van die Stigting regverdig hulle teenwoordigheid in Afrika deur hul strewe om die Boesmans in Namibië tot selfstandigheid te help ontwikkel. Die vroue se ateïsme dui dalk op hulle oorbeskaafdheid en juis daarom het hulle nie begrip en respek vir die wêreld waarin die Boesmans leef nie.

Die verteller het bedenkinge oor Christa en Christine se teenwoordigheid in Boesmanland:

> "Kruip julle nie maar almal weg nie?"
> "Ons is tog almal maar net vlugtelinge wat hier kom hawe soek het." (38)

Dit is duidelik dat Boesmanland nie net vir die verteller 'n plek van ontvlugting is nie, maar ook vir Huger en die vrouens van die Stigting. Greller en sy jagsafari's is volgens die verteller net op geldmaak gerig:

> "Herr Greller, ek dink jy het genoeg hier uitgetap om 'n slag oor te gee aan die mense vir wie dit werklik toekom." (145)

Die popster wat kom om Maxamesi te jag, kom Afrika toe met min belang in Afrika self:

> Hy wil hierdie avontuur so vinnig as moontlik afhandel en is nie lus vir die frille nie. Die olifant is nodig vir sy beeld; hy het nie gekom om dit te geniet nie. (164)

Al twyfel die verteller later aan die eerbaarheid van die olifantjag, verdedig hy tog die motiewe van die projek:

> "Ons is sekerlik van plan om hulle op te lei. Hulle sal vorentoe die nut van bewaring besef, nes jy, toe die geld eers in jou sak begin val het." (146)

Die vrede wat in Afrika se natuur heers, word ironies gekontrasteer deur verwysings na die invloed van die afgelope grensoorlog op die natuur:

> Slinger val opgewek in: "In die army, toe ek by 203 was, het ons baie olifante doodgeskiet." (96)

Mense- en dierelewens is deur die oorlog beïnvloed:

> Die oorlog in Angola het hulle waarskynlik uitgedruk na die suide toe. (100)

Die pas afgelope oorlog in Namibië laat ook die vraag ontstaan of dit werklik in belang van die inwoners van Afrika was:

> Elk van die twee strydende magte sal niks ontsien om die bul die eerste in die hande te kry nie. Ivoor is geld vir wapens, wapens bepaal wie die stryd sal wen. (176)

As die jagters op die "geraamtes van skermutselinge" in die bos afkom wat na diere van Afrika vernoem is, wonder die verteller:

> Wou ons hiermee iets van 'n gewete inbou in ons oorlog [...] ? (186)

Uit die bostaande bespreking is dit duidelik dat die konflik wat in Afrika heers van die mense, en juis die Westerlinge, afkomstig is. Die Boesmans, veral Slinger en lAsa wat nou saam met die Westerlinge beweeg, het geen etiese probleme met die konflik wat in Afrika heers nie. Daar is 'n gebrek aan etiese wroeging by die Boesmans. Vir hulle is die aarde en die Afrika-ruimte daar om benut te word.

### 2.9.2 DIE BOESMAN EN DIE AFRIKA-RUIMTE

Die Boesmans wat deel is van Afrika en onversteur saam met die natuur in Afrika woon, staan in kontras met die Westerlinge se onvanpaste teenwoordigheid in Afrika. Die Boesmangemeenskap waarmee ons te doen kry in *Die olifantjagters* is egter 'n ontheemde

troppie mense wat die prooi geword het van buitelanders wat in ruil vir roem 'n skewe opoffering maak vir die Boesmans se voortbestaan.

As gevolg van die Westerse invloede is daar 'n tragiese verlies aan die Boesmankultuur. Die Boesmans word aangetrek deur die Westerse invloede, maar dit is duidelik dat hierdie kontak met ander mense vir die Boesmankultuur en -identiteit 'n bedreiging inhou. Slinger dra verslete Westerse klere en is getatoëer met Westerse simbole:

> Hy [Slinger] het 'n vuil bruin weermaghemp gedra met stukkende sakke en twee rangstrepe op sy mou. Sy denimbroek se knieë was oopgeskeur, [...] Daar was 'n hele string amateuragtig getrekte tatoeëermerke op sy arms: rose, harte, doodshoofde, 'n AK-47 in 'n vuis, onherkenbare name. (7)

Die Boesmans se lewenstyl is ook ingrypend verander deur die kontak met Westerse ontwikkeling in hulle gebied:

> Die water is wel nou genoeg, dit is nie meer vir die Boesmans nodig om agter die standhoudende panne aan te trek, of om volstruiseierdoppe in die veld te begrawe nie, [...] Die saamblyery by die water bied ook nie meer die sosiale vryheid waaraan die Boesmans so gewoond geraak het [...] nie. (9)

In die ruimte van Afrika is die Boesman die sterker karakter. Die Westerling is, ten spyte van al sy tegnologie en ontwikkeling, nie opgewasse om sy weg te vind en te oorleef in die ongenaakbaarheid van Afrika nie. As die jagters agter die olifante aangaan, is dit Slinger wat die jagters op die spore lei:

> Slinger vat ons dadelik op die spoor, ons op sy hakke in die Landrover. Hy draf ligvoets voor die voertuig uit, sy oë nou op die spoor, dan in die bosse voor ons. (83)

Slinger lei die jagters op Maxamesi se spoor as die olifant dieper in Afrika in vlug:

> In die halfdonker moet Slinger met sy oë laag op die grond loop om die spore te bly raaksien. (181)
> Slinger is deurentyd voor op die spoor, hy gee nooit skiet nie. (185)

Slinger lees dinge in die natuur wat vir die Westerlinge ongesiens verbygaan:

> "Kyk, hy was van twaalf tot twee hier: die son het toe presies so gestaan [...]." (188).
> "Hier is heuning hierbinne!" hoor ek vir Slinger roep. (202)
> Slinger moes die rook in sy onderbewuste geruik het, of die dreuning van die vlamme gehoor het. (211)

Die jagters is met die agtervolging van die olifant volledig aangewese op die Boesmans se ingebore aanvoeling en instinkte om die konfrontasies van Afrika te oorleef. Die Boesmans hanteer hierdie konfrontasies omdat hulle lewenswyse so deel van Afrika is. Hulle is aangepas by dít wat die natuur hulle bied:

> Ons is nie meer seker oor die veldkos nie: die vrouens kom saans by die kampplek aangeloop met bondels bessies en wortels wat nie een van ons wil waag om te eet nie. (187)
> Sy vat 'n stok en woer dit tussen die duiwe in. [...] Sy druk klein stukkies rou vleis tussen my tande in. (265)
> Die veldplante is hier weer vir !Asa bekend en sy sukkel nie om ons mae vol te hou nie. (273)

Die verteller is egter bewus daarvan dat vanweë die Westerlinge se onbekendheid met en onbegrip vir Afrika se onvoorspelbaarheid en onbekende ruimte, hulle heeltemal afhanklik is van die Boesmans se kennis en instinkte:

> Ons vertrou almal op sy oë om die spoor te hou. (210)
> !Asa wat haar kop skud toe sy sien hoe dom my spore lê, sy wat, lank reeds veilig, in die regte rigting loop. (260)
> Sy het my ingeloop toe ek alles reeds oorgegee het. Sy moes my spoor gevat het, al op my af geloop het; toevallig sou sy my nooit in hierdie uitgestrekte boswêreld kon raakloop nie. (261)

As gevolg van hulle afhanklikheid van die onvoorspelbare natuur, is die Boesmans se fatalistiese lewensbeskouing te verstane:

> Die reën het gekom waarvoor almal gewag het, maar dit is nie 'n goeie tyd van die jaar nie. Die spore van die bokke word toegereën ná die jagters hulle met die pyle getref het. Tam van die koors jag niemand eintlik meer nie. Die veldkos is juis nou, wanneer alles so geil groei, nie eetbaar nie. Ek besef weer eens hoe ongenaakbaar hierdie wêreld is om, nadat die reën uiteindelik gekom het, so vir oulaas die strengste toetse te stel. (26)

In kontras met die Boesman se oorlewingsdrang wat hulle laat aanpas in die onsimpatieke natuur van Afrika, is Westerlinge verlore as hulle in konfrontasie kom met die werklike Afrika:

> Ek het geen idee waar ek is nie. Die son is bo my in sy volle glorie en besig om die vleis van my ribbes los te kook. (260)
> Ek gee enkele treë, omhels 'n boom, die skurwe stam teen my wange: "Asseblief, gee my water!" (260)
> Ek besef dat ek nie meer wil opstaan nie.
> Is dit hier waar alle paaie vir my doodloop? (261)

In *Die olifantjagters* word die Boesmans se kultuur en identiteit hoofsaaklik deur die Westerse invloede bedreig. Dit is daarom ironies dat dit nogtans die Boesmans is op wie die Westerlinge staatmaak as hulle aan die natuur, aan Afrika self, uitgelewer word:

> Ek dink nie sy was al ooit in hierdie wêreld nie, maar die gene wat sy uit verskeie geslagte van Oerboesmans in haar dra, het haar instinktief die regte pad laat neem. (271)
> Ek is soveel aan haar verskuldig. Sonder haar sou ek dit

nooit gemaak het nie. (274)

## 2.10 DIE AFRIKA-TEMATIEK IN *Die olifantjagters*

Sedert die aanvang van die Europese kolonialisasie van Suidelike Afrika het daar koloniale tekste uit die gebied en oor die gebied verskyn. Henriëtte Roos (1998) gee 'n samevattende beskrywing van belangrike eieinskappe van hierdie literatuur.

Volgens Roos (1998:28) het daar sedert die Europese kolonisasie 'n groot korpus "koloniale" tekste uit en oor Suid-Afrika verskyn.

> Die inheemse wêreld is beskou as vreemd, soms selfs eksoties; die inwoners altyd as barbaars en heidens, en daarom gewoonlik vyandig; hulle leefwyse as minderwaardig, dikwels absurd.
>
> Die blik op Afrika vanuit die Afrikaanse letterkunde is inherent twee- ledig, selfs paradoksaal, omdat die Afrikaner kolonisering ondergaan het, maar dit ook self uitgevoer het. As wit vreemdelinge het hulle Afrika stap vir stap beset - 'n proses wat literêr weergegee is in dagboeke, reisverhale en avontuurverhale sedert die sewentiende eeu, dwarsdeur die Voortrekker-era tot met die einde van die negentiende eeu. Na die Suid-Afrikaanse Oorlog, en binne die konteks van vroeëre botsings met (Nederlandse en Engelse koloniale) regeringsbeleid, ontwikkel daar by die Afrikaner in die sosiopolitieke werklikheid en in die letterkunde 'n selfbeeld as gekoloniseerdes - maar dan los van en verhewe bo die oorspronklike inheemse bewoners. Beide persepsies word egter binne 'n enkele literêre tendens vertolk - tekste waarin die fokus val op die Afrika-natuur, sy diere en mense soos ontdek bemeester en geïnterpreteer deur die wit man. (Roos, 1998:29.)

In *Die olifantjagters* is die klem egter heel anders, sowel in die verhouding van die karakters met die ruimte as in die selfbeeld of identiteitsbelewenis van die hoofkarakter.

As gevolg van sy misterieuse ondeurdringbaarheid, word die onbekende mag van Afrika gekontrasteer met die mens se obsessie

om Afrika te tem en sy invloed te laat geld. Afrika eis van elkeen wat sy ruimte indring, verandering en aanpassing om te kan oorleef. Die natuur in *Die olifantjagters* word, hoewel subtiel, in so 'n mate verweef met die gebeurtenisse en emosies van die karakters dat dit deel vorm van die tematiek in die verhaal.

In kontras met die permanensie van Afrika staan die mens in die verhaal met sy soeke na 'n verlore deel van die self. Ten spyte van die mens se tydelikheid is hy tog onontkombaar vas aan die aarde, die natuur. Reeds aan die begin van die boek beeld die verteller sy bande uit as Afrikaan met Afrika, en as mens met die natuur.

> Die sand hou jou so vas dat jy nie kan wegkom nie, nooit kan spoed kry om uit jouself en dit waaraan jy gebind bly, uit te jaag nie. (2)
> Die sand is dik en swaar. [...] Eers dan laat die sand my vry. (3)
> Ek is 'n Afrikaan, vir my is dit huis hier, nie die vreemde nie. (40)
> Ons wat deel is van Afrika moet bly om agter die gekweste bul aan te loop. (178)

Afrika as lewensbron vir die Boesmans word gekontrasteer met die Westerse pogings om Afrika uit te buit en tot hul eie voordeel aan te wend:

> Boesmanland is lankal nie meer afgesonder van die lang arms van die beskawing nie. Bosbouers kom hier hout oes vir die meubelmark; ... hier is geoloë wat na olie en diamante kom soek (13).

Hierteenoor staan Slinger:

> Slinger is in sy eie gedagtes verdwaal. "Ja, as jy weet waar om te soek, as die geluk hulle vir jou oopmaak, kan die aar-

de jou baie dinge gee." (205)

Die mens se geringheid in die konteks van die wye, grootste natuur van Afrika word beklemtoon in terme van die krag van die natuur waaraan die Westerlinge uitgelewer is. Hulle is nie opgewasse teen die broeiende warm en droë aard van Afrika nie. As die verteller in die hitte sukkel om oor die weg te kom met sy voertuig, erken hy:

> Ek het te min energie om te vloek of vuis te skud teen die elemente. (3)
> In hierdie toegevoude bos, op dié plat aarde met geen merkbare terreinvorms nie, kan mens maklik in jou eie vergetelheid inry as jy nie kophou nie. (2)

Hierdie uitlatings kan beskou word as die verteller se persoonlike magteloosheid en soeke waarmee hy besig is op sy soektog na sin in sy lewe. Die eindeloosheid van die onherkenbare plat aarde dui op die verteller se gevoel van eensaamheid en die weerloosheid wat hy ervaar. As die verteller saam op 'n reis vertrek in Afrika in, agter die olifant aan, is dit ook 'n innerlike reis waarin hy na sin in sy lewe soek. Die klimaks van die olifantjag word bereik in die hart van Afrika, waar die mag van Afrika nog seëvier. Ook die simboliese reis van die verteller bereik daar die klimaks, waar die verteller fisies en psigies op sy weerloosste is en die minste teenstand kan bied teen die kragte van die natuur.

Afrika was reeds vanaf die vroegste tye die slagoffer van vreemdelinge wat die onontginde skatte van die kontinent kom uitbuit het vir eie gewin. Hierdie uitbuiting van die vasteland van Afrika kan gesien word as die personifikasie van die inwoners, in hierdie geval die Boesmans, wat 'n ontwakende verset toon teen die buite-invloede wat die

vreedsame naasbestaan in Afrika kom versteur.

As gevolg van die vestiging en verskaffing van standhoudende water vir die Boesmans, het die Stigting aan Dahm die status toegesê van lid van die "Rada", waarna hy homself as kaptein aangestel het. Dit is te verstane dat hy bedreig voel deur Huger se teenwoordigheid:

> "Jy maak die mangas aan ons beeskraal net soos jy wil, jy bring jou eie beeste hier in sonder toestemming, jy vra nie voor jy sommer begin om die windpomp hier af te laai nie, jy grawe diep slote waarin ons kinders kan val om seer te kry. Is jy miskien die kaptein hier?" (23)

Slinger se aanmerking: "Die olifante is nie net die wit mense s'n nie," (96) sluit aan by die verwytende uitsprake van Dahm. As die verteller die soldaat raakloop op sy pad terug nadat die olifant dood is, tree die soldaat beskuldigend op: "You just came to kill! All you whites the same!" (256)

Maxamesi word die simbool van die opstand van Afrika wat nie meer sy uitbuiting lydelik aanvaar nie. Tydens die jagtog word die Westerlinge gestroop van hulle identiteit, hulle greep op die lewe, hulle totale menswees:

> Ons is al soveel dae lank op die spoor, met soveel hitte, dors, honger en uitputting al in ons liggame geabsorbeer dat die verstand nie meer nugter kan dink nie. (207)

Tydens die uitmergelende tog dieper in Afrika in, kry die verteller die geleentheid om te dink en te besin oor die nutteloosheid van die olifantjag:

> Dit begin vir my voel asof die olifant met ons deur die hele

> Afrika aan die stap is. Op die ou olifantpaaie wat reeds bestaan het van die vroegste tye af, voor die wit mense ingekom het met hulle paaie en drade en vinnige gewere [...] (207,208)

Mettertyd raak die verteller daarvan bewus dat die olifant besig is om hom op die jagters te wreek:

> As die olifant hom nou op ons moet kom wreek [...] (209)
> Watter verstand het daar in die dier geskuil om ons so onverhoeds te betrap [...]? (220)
> Dit is die olifant wat vergeld het. Vroeër of later sal hy ons inhaal. (249)

Uit bostaande redenasies word tot die gevolgtrekking gekom dat die Afrika-ruimte in *Die olifantjagters* funksioneel aangewend word om te fokus op die probleme van kolonialisasie, die verlies aan persoonlike en kulturele identiteit, asook die uitbuiting van die ekologie wat verreikende gevolge het vir ons toekoms in Afrika. Die Westerlinge het 'n kunsmatige orde op Afrika afgedwing en daar bestaan steeds 'n onoorbrugbare kloof tussen hierdie kultuur en opvattings en die inheemse kulture van Afrika, kulture wat primitief voorkom, maar wat aangepas is by die ekologiese omstandighede. Hierdie broeiende konfrontasie in die Afrika-ruimte wat gekompliseer word deur die mens se geringheid en die permanensie en krag van die natuur in Afrika, dra by tot die ekologiese problematiek wat na vore tree in hierdie verhaal.

## 2.11 EKOLOGIE

Die belewenis van die Afrika-ruimte in *Die olifantjagters* hang ten nouste saam met die ekologiese werklikhede van Afrika wat gestalte vind in die digte bos, die versengende hitte, die broeiende atmosfeer en ongenaakbare klimaat van die subkontinent. Die verwysings na die ekologie is ten nouste verbonde aan die ontbering en die stryd om

oorlewing van die inheemse bevolking, sowel as die ruimte waarin die Westerling in 'n stryd verkeer om homself te vind, al is dit as 'n nuut-geskepte wese.

In die bespreking van die rol wat die *ekologie* in hierdie verhaal speel, sal daar eers 'n kort oorsig gegee word oor teoretiese insigte en uiteensettings van die begrip ekologie. Daarna sal daar kortliks gefokus word op die rol wat die ekologie in die Afrikaanse literatuur gespeel het vanaf die vroegste Afrikaanse werke tot op hede (2.11.1), waarna die terme *groen gesprek* (2.11.2) en *ekokritiek* (2.12) bespreek sal word. In 2.13 word die "groen gesprek" in *Die olifant-jagters* ontleed en daar word aangedui hoe die begrippe *benutting*, *bewaring* en *uitbuiting* figureer in die verhaal.

Meintjes (1995:78) gee die volgende omskrywing van die term ekologie:

> Etimologies ontstaan die woord "ekologie" uit die Griekse woord "iokos" wat na 'n tuiste verwys, plus "logos" wat na *woord* verwys. Letterlik het ons hier te make met woord(e) oor tuiste(s), maar óók inderdaad 'n woord*tuiste*; 'n teksruimte wat op sy eie 'n selfonderhoudende organiese geheel vorm.

Volgens HAT (1994:189) het *ekologie* te make met die interaksie van lewende wesens met mekaar en die omgewing. Die mens as lewende wese is net soos die ekologie, deel van die Skepping. Hulle is onlos-maaklik aan mekaar verbind en 'n ingryping van of vergryp teen die een kring noodwendig onbeperk uit na die ander.

Wium van Zyl (1995:124) beskryf ekologie as " 'n subdissipline van die biologie en bestudeer dit die verhouding tussen plante, diere en mikro-organismes en die omringende omgewing".

Meintjes (1995:72) beklemtoon ook die verhoudingsaspek van die term en bring dit in verband met die literatuur:

> die term *ekologie* [verwys] na die studie van die verhouding van organismes tot hul omgewing. Soos die omgewing, is die literêre teks ook 'n sisteem waarvan die onderdele 'n organiese geheel vorm en waarvan die totaliteit meer as die blote somtotaal van die onderskeie onderdele is.

Die omgewing omsluit die totale lewe en is nie gebonde aan 'n enkele vakgebied of grens nie. Daarom sal die belewenis van en besinning oor ekologiese kwessies altyd op een of ander wyse neerslag vind in die letterkunde.

### 2.11.1 EKOLOGIE IN DIE AFRIKAANSE LITERATUUR

Reeds sedert die ontstaan van die Afrikaanse letterkunde is die natuur 'n belangrike tema. Die Westerling was gefassineer met Afrika se vreemde en eksotiese omgewing en daar is oor die jare oor verskeie aspekte van die natuur geskryf.

Daar bestaan verskeie dagboeke en reisjoernale uit die vroeë jare van die koloniale besetting. Van die bekendste is die *Daghregister* (1884-1893) van Jan van Riebeeck en die *Dagboek* (1917) van Louis Trichardt. Baie ekologiese inligting is in hierdie geskrifte opgeneem. Jan van Riebeeck gee in sy dagboek beskrywings van die weer, plante en van die inwoners van die Kaap.

In latere en meer literêre werke word die natuur uitvoerig betrek. Skrywers het oor die jare die lesers se oë oopgemaak vir die natuur deur bekende dinge op nuwe maniere te beskryf, en so sien die leser die omgewing deur nuwe oë. Omdat die skrywer oor die middele beskik, maak hy nuwe gewaarwordings by die leser wakker en deur hierdie bewustheid kan hy aan die leser nuwe persepsies gee in sake soos omgewingsprobleme.

In die letterkunde van die ouer Afrikaanse literatuur is die natuur dikwels vanuit 'n idealistiese en eensydige siening geteken. In *Uit oerwoud en vlakte* (1921) beeld Sangiro die ongelyke stryd uit tussen mens en dier en lewer die skrywer 'n subtiele pleidooi teen die menslike wreedheid en sensasiejagters. Die skrywer idealiseer die dierewerklikheid en uit sy werk blyk 'n hartstogtelike liefde vir die dier. Alhoewel Sangiro se direkte skilderinge van die natuur egter minder geslaagd is, is sy siening van die ongelyke stryd tussen mens en dier volgens Dekker (1966:161) weemoedig en tragies.

Die verhale van die Hobson-broers handel meestal oor die bestaanstryd waarin kleiner diere gedurig gewikkel is en handel veral oor die dorre Kalaharistreek. Die natuurbeskrywings is nie altyd funksioneel nie, en die verhale konsentreer meer op die diere se stryd om bestaan en stryd teen die mens, die natuur en medeveldbewoners. Kannemeyer (1978:220) beskryf die waarde van die werk van die Hobsonbroers soos volg: "As noukeurige waarnemers van die kleinwild en van die woestynwêreld lewer hulle egter 'n waardevolle bydrae tot die dier- verhaal in Afrikaans."

P.J. Schoeman se verhalende werk word oor die algemeen beskou as avontuurverhale waarin hy sy bewondering vir die natuur en die dierelewe weergee. Hy gee egter in sy werk veel meer aandag aan die inboorlinge in hulle natuurlike omgewing. In *Jagters van die woestyn-land* (1951) neem hy die lewe en gewoontes van die Boesman as boustof vir die verhaal. In *Trados, die swerwer Boesman* (1963) en *Vulindaba* (1964) vertel 'n Boesman en 'n Zoeloe onderskeidelik oor oor hulle volk se verhale en gewoontes. Jean Jordaan (1998) toon in 'n resente artikel op oortuigende wyse aan dat P.J. Schoeman se werk vroeër op 'n beperkende wyse gelees is. Volgens Jordaan is daar nie raakgesien hoe Schoeman die koloniale opset by implikasie kritiseer nie. Schoeman wys op die verlies en vernietiging van die Afrika-mense se tradisies en kultuur as gevolg van ontwikkeling en Westerse invloede.

In die werk van skrywers soos C.M. van den Heever en D.F. Malherbe het natuurbeelding 'n belangrike rol gespeel. Deur milieuskildering in die plaasromans word momente van die karakters se gemoedslewe geopenbaar. In *Somer* (1953) beeld Van den Heever die lewe van die mens uit teen die agtergrond van die verganklike en immer herhalende natuurbloei. Feitlik elke hoofstuk in hierdie roman begin "met 'n natuurbeskrywing wat óf op die gemoedstoestand van 'n karakter, óf vooruitwysend op bepaalde sleutelgebeure betrekking het" (Marais, 1997:29). Malherbe het uit sy jeugherinneringe die natuurskoonheid in sy prosa uitgebeeld. Dekker (1966:153) sê dat Malherbe egter "telkens sy eie natuurstemminge aan sy karakters [opdring]".

In die sestigerjare het "die meeste Sestigers" die natuur "as't ware uit die letterkunde geskuif" (Marais, 1997:42) ten gunste van die eksistensiële problematiek en literêre eksperimentering. Sedert die sewentigerjare is daar toenemend op sosio-politieke temas gekonsentreer. In hierdie tyd speel die omgewing 'n kleiner rol in die Afrikaanse letterkunde. Marais (1997:29) sê dat daar na sy wete "niks gesê [is] oor óf die bedreiging van die omgewing óf die neerslag wat dit in die letterkunde gevind het al dan nie. Die naaste wat daaraan gekom is, is moontlik die tendens van die "terugkeer na die plaas, waarop talle persone gewys het."

Tot die tagtigerjare word daar nie van direkte natuur- of omgewingsbeskrywings gebruik gemaak nie, behalwe in die skepping van atmosfeer en plek. 'n Bewustheid by die algemene publiek oor die Knysna- en Tsitsikamma-woude is in hierdie tydperk met die verskyning van Daleen Matthee se bosromans teweeg gebring. 'n Ongekende belangstelling in die bewaring van die natuur het onder die jeug begin posvat. Saam met hierdie belangstelling het omgewingsprobleme ook ter sprake gekom en was die klimaat by die publiek ontvanklik vir wêreldomgewingsprobleme wat ook in die letterkunde aangeroer is.

Teen die agtergrond van populêre en amptelike betrokkenheid by bewaring en die ekologie verskyn *Die olifantjagters* in 1997. Ander Afrikaanse romans wat onlangs verskyn het waarin groen temas prominent figureer, is *Groot Vyf* (1997) van Johann Botha, *Klawervier* van Annelie Botes (1997) en *Die lang reis van Stoffel Matthysen* (1990) en *Stoffel in die Wildernis* (2000) van Christiaan Bakkes.

Omdat die omgewing nie beperk kan word tot 'n enkele vakgebied nie en baie terreine omsluit, sal dit altyd op die een of ander wyse neerslag vind in die letterkunde. Die skrywer beskik oor die middele om gewaarwordings by die leser te maak en deur hierdie bewustheid kan hy aan die leser nuwe persepsie gee in sake soos omgewingsprobleme.

### 2.11.2 DIE GROEN GESPREK

Omdat die bedreiging van die omgewing 'n wêreldwye verskynsel is wat die mensdom as geheel raak, is dit die mens se plig om 'n beter, skoner en gesonder aarde te help skep. Dit kan egter slegs gebeur indien die mens se ingesteldheid verander. Hierdie sieninge het al hoe meer prominent geword na die einde van die twintigste eeu toe.

Omdat skrywers gesien kan word as ontdekkers/herontdekkers van wat in die skepping gegee is, maak hulle dit vir ander oë sigbaar deur die aarde in sy volheid en rykdom in die taal vas te lê. Rondom die tendens van die "groen gesprek" lê skrywers klem op die verganklike en ontbinding van wat mooi en indrukwekkend in die natuur is. Omdat 'n skrywer oor die middele beskik, maak hy nuwe gewaarwordings by die leser wakker en kan hy nuwe persepsies skep en insig stimuleer in sake soos omgewingsprobleme (Marais, 1997:29).

Die veranderde situasie ten opsigte van die omgewing en die natuur maak dit gebiedend noodsaaklik om so goed moontlik oor die omgewingsvraagstukke ingelig te wees. Die skrywer se taak is dus nie net om die algemene publiek in te lig oor hierdie vraagstukke nie, maar

ook om hulle bewus te maak van die verantwoordelikheid van die mens teenoor die omgewing.

Dat daar 'n nuwe ingesteldheid onder skrywers is ten opsigte van die omgewing, is duidelik te bespeur in die beduidende bydra wat skrywers lewer tot die groen gesprek. T.T. Cloete (1993:34) beskou Johann Lodewyk se *Verweerde aardbol* as " 'n [s]onderlinge bundel, wat ons kan beskou as ons eerste uit en uit groen bundel". T.T. Cloete se *Met die aarde praat* spreek self van 'n bewussyn van die groen gesprek wat by verskillende aspekte van die bewaringskwessie aansluit. Vanweë die omvang van hierdie studie kan poësie egter nie by die ondersoek betrek word nie.

Johann Botha se *Groot Vyf* (1997) handel op die oppervlak oor die natuur en bewaring, maar die natuur word met die bestaan van die mens vervleg. Johan Coetser (1998) skryf in 'n resensie van *Groot Vyf*: "Die dofgroen voorkoms van die buiteblad wil duidelik sê: hierdie is 'n groen boek, 'n boek wat oor ekologiese kwessies gaan." Volgens Barrie Hough (1998) kyk die skrywer in *Groot Vyf* nie net na die diere en hul gedrag nie, " [...] maar ook na die mens se rol in die natuur, natuurbewaring - en spesifiek ten opsigte van hierdie betrokke diere".

Die motto-sitaat onder die titel *Prooi* handel oor jag, maar besin in werklikheid eerder oor sonde. Die vraag wat hier ter sprake is, is of jag sonde is. Is die onoordeelkundige jag van skaars diere 'n groter sonde as om te jag vir kos? Hierdie vrae skep by die leser 'n mate van ongemak, maar in die natuurkundige agtergrond in elkeen van die

verhale is jag 'n faktor wat as deel van natuurbewaring aan die orde gestel word. In die hoofstuk "Renoster" kom Ernst Siebritz de Swart tot die slotsom:

> Die mens is 'n walg, 'n mislukte eksperiment, 'n kannibaal-spesie gedoem om homself op te vreet. Terwyl die Amasone brand, woestyne oor Afrika skuif, breek stede soos builepes uit op die aarde se vel (Botha, 1998:63).

Net soos in die vroeë plaasromans is daar in *Klawervier* (1997) van Annelie Botes 'n sterk verbintenis tussen mens en natuur. Ten spyte van tipiese elemente van die plaasroman in die jare dertig, is daar wel 'n hedendaagse boodskap: die volhoubare, ekologiese benutting van grond. Die roman spreek hom onomwonde uit teen die bedreigings van die ondergrondse waterbronne en die eiesoortige diere en plante van die Kammanassie-streek.

Annelie Botes sê in 'n onderhoud oor *Klawervier* (1998): "Die Kammanassie gaan dag na dag agteruit, en ek kan dié agteruitgang nie verhoed nie. Ek kan daaroor skryf en so vir mense daarvan bewus maak, maar ek kan die Kammanassie nie red nie."

## 2.12 EKOKRITIEK

Omdat omgewingskrisisse die gevolg is van menslike onbetrokkenheid by die omgewing, hetsy deur toenemende tegnologie of die mens se onoordeelkundige gebruik van die natuur, lewer die ekokritiek 'n waardevolle bydra om die mens se houding teenoor die natuur te verander en 'n verskerpte bewussyn van die ekologiese krisis te ontwikkel.

Ekokritiek kan beskou word as die studie van die verhouding tussen die literatuur en die fisiese omgewing en is dus 'n omgewingsgesentreerde benadering tot die literatuur (Glotfelty & Fromm, 1996:xviii). Volgens Don Scheese (1994) is die teorie en praktyk van ekokritiek polities van aard omdat dit nie net die omgewing wil verklaar nie, maar ook diegene wat daarmee te doen kry se bewustheid van en ingesteldheid teenoor die omgewing wil verander deur die kennis oor te dra.

Alhoewel die verskillende wetenskaplike dissiplines sedert 1970 'n betrokkenheid toon by die "groen gesprek" het die letterkunde weinig aandag gegee aan bewaringskwessies. Vanaf 1990 het geskrifte en lesings aangaande omgewingsliteratuur begin verskyn. Teen 1993 was ekologies betrokke literatuur 'n erkende literêre stroming. Tag (1994) is van mening dat kinders en jongmense aangemoedig moet word om die natuur eerstehands te ontdek: "To read the earth carefully, closely, and often, to pay attention to its rhythms, patterns, intricacy. Students need to get to know the earth, not just discuss it."

Ekokritiek is interdissiplinêr en om die onderlinge verband van alle dinge, ingesluit die lewe van die gees, bewussyn en die lewe van die aarde, te herstel moet die dissiplines wat as gevolg van gespesialiseerde vakkundigheid los van mekaar geraak het, weer bymekaar gevoeg word (Tag 1994). Inherent aan die idee van interdissiplinêre navorsing is die idee van holisme. HAT (1994: 384) definieer *holisme* as 'n

> [f]ilosofiese standpunt wat berus op die beginsel dat die geheel meer as die som van die dele is en [dat] die heelal [ge]sien [word]

as 'n geheelheid wat uit 'n groot aantal geheelhede bestaan waaronder verskeie trappe te onderskei is.

Die band tussen holistiese sieninge in die ekokritiek is gevolglik voor die hand liggend.

Dat ekokritiek nie tot een dissipline behoort nie en so omvattend is (volgens die holistiese beginsel), is juis die rede waarom daar na soveel verskillende soorte losstaande komponente uitgereik word. Omdat alles teruggebring word na die sentrale idee - die mens se verhouding tot die aarde - kan ekokritiek dus enige dissipline betrek. As 'n reaksie wat behoeftes en krisisse identifiseer en as 'n holistiese praktyk, het ekokritiek 'n inherent ideologiese en morele komponent. Ekokritiek omvat veelvuldige perspektiewe sodat die mens se verhouding tot die heelal verstaan kan word en die opvattings en begrippe van verskeie etniese groepe respekteer sal word.

As 'n mens die verhouding tussen taal en landskap, teks en terrein, of woorde en ekologie bestudeer, bestudeer jy nie aparte onderwerpe asof die mens in 'n tweeledige wêreld lewe nie. Dit behels veel eerder die studie van interafhanklike, besondere prosesse van die lewe, elkeen ineengeskakel by die ander en almal ten volle afhanklik van natuurlike elemente vir hul oorlewing, soos sonlig, water en lug (Tag 1994). Geen literêre teorie sal iets beteken as die son môre uitbrand nie!

Een van die prominente temas wat in *Die olifantjagters* ter sprake kom, is die ekologiese kwessies wat figureer as deel van die problematiek waarmee die twintigste-eeuse mens te kampe het. Alle

situasies waarin die ekologie 'n rol speel, het nie net slegs betrekking op kolonialisme nie. Die problematiek wat in *Die olifantjagters* aan die orde gestel word, is egter in 'n groot mate die voortsetting en die gevolg van kolonialisme, soos hieronder aangedui.

## 2.13 DIE "GROEN GESPREK" IN *Die olifantjagters*

In *Die olifantjagters* lei die jagtematiek direk tot 'n fokus op ekologiese kwessies. Die problematiek van bewaring, benutting of uitbuiting van die natuur ten bate van die selfsugtige mens is een van die temas in die verhaal. In hierdie roman gaan dit oor die dood van 'n olifant - die laaste groot honderdponder in die Boesmanland. Dit laat die vraag ontstaan of hierdie houding en ingesteldheid teenoor die ekologie eties in orde is.

Die belangrikste kwessies wat hier ter sprake kom is uitbuiting, bewaring en benutting. Dit word geplaas binne die konteks van die etiek van die mens wat deur die Skepper as deel van die ekologie geskape is. Die ruimte is Afrika, wat gebeeld word as die misterieuse, afsydige, onsimpatieke bodem waarvan die geheimsinnige vreemdheid van die Boesmans deel is. In kontras hiermee is die Westerling wat soek na Afrika. In 'n sekere sin is dit 'n vrugtelose soektog, want hoewel Afrika se skoonheid en grootsheid die Westerlinge betower, het hulle weinig begrip vir die dieperliggende aard van die plek.

Vanweë die Westerling se koloniserende houding om Afrika te wil verander, is daar tussen die Boesman en Westerlinge min begrip vir mekaar en mekaar se waardes. Afrika word versinnebeeld deur

Maxamesi wat nie meer die uitbuiting lydelik wil aanvaar nie en in opstand kom teen buite-invloede van die res van die wêreld wat sy onversteurde voortbestaan wil verander en oor hom wil heers. Die Westerlinge se voortvarendheid om te wil verander, koloniseer en heers, ten goede of moontlik vir eie gewin, word nog opvallender gemaak deur die onbegrip van beide die Westerlinge en die Boesmans vir mekaar. Die verskillende aspekte van die "groen gesprek" in die roman word in die paragrawe hieronder aangeraak.

### 2.13.1 DIE WESTERLING

Dit is duidelik dat die verteller se siening oor natuurbewaring in sy waardesisteem gesetel is. Hy is in diens van die Stigting wat die Boesmans wil ophef sodat hulle die natuur kan benut en volgens Westerse standaarde reg kan aanwend en bewaar. Reeds aan die begin van die verhaal merk die verteller op:

> Twee kremetartbome troon met hulle koppe verstrengel bo alles uit; daar is merke soos bloed aan hulle stamme waar die Boesmans hulle byle onnadenkend ingekap het. (5)

### 2.13.2 UITBUITING

Vir die verteller is dit onverstaanbaar dat die Boesmans wat juis so na aan die natuur lewe, onwillig is om die verantwoordelikheid te aanvaar vir die bewaring van die natuur. Dit is duidelik dat hy met 'n vooropgestelde idee waarvan hy in boeke gelees het, na Boesmanland toe gekom het naamlik dat die Boesmans goeie natuurbewaarders is:

> Dit het my altyd onaangenaam verras om te sien hoe min deernis die Boesmans werklik met die natuur het, al was hulle juis so goed aangepas daarby.
> Daar is niks nostalgies aan hul persepsie van die skoonheid

> waarin hulle leef nie, slegs die ongenaakbaarheid van 'n harde werklikheid. (116)

Die Boesmans is van nature nie natuurbewaarders nie. Die olifante is vir hulle 'n probleem wat moet dood, vir hulle is dit nie belangrik of Huger of Greller die konsessie kry om olifante te jag nie:

> "Die olifante kom net om ons tuine op te spit en ons damme te kom breek." (113)
> "Die olifante maak ons kinders bang, hulle moet vrek! Dit is die regering se werk om vir ons Boesmans te sorg. Gee vir ons gewere dat ons self kan doodskiet, ons sal nie wag nie." (114)

Die verteller toon tog begrip vir die Boesmans se houding:

> As mens in Boesmanland sou grootword waar die wild maar altyd teenwoordig is en as jy nooit blootgestel sou word aan die groot probleem van uitwissing wêreldwyd nie, is dit sekerlik 'n verstaanbare persepsie. (117)
> Dalk is dit juis die wispelturigheid van die natuur met sy reën en droogtes, wind en son, vuur en onweer, onverwagse gevare en onverwagse vreugdes wat dit sinloos maak om enigiets self daaraan te probeer verander. Dalk ís dit beter om maar net te verdra en te verduur. (133)

Greller is uitgesproke oor sy siening van die Boesmans en die bewaring van die natuur:

> "Die Boesmans is geen natuurbewaarders nie. Hulle sal alles vrekskiet as hulle gelos word, dit weet jy net so goed soos ek." (145)

Dit is egter ironies dat juis die Westerling, wat so baie weet van natuurbewaring, die een is wat alle etiese reëls oor jag oorskry:

> Ten spyte van al die netheid, kry ek tog steeds die indruk van verval en verrotting. Die koppe is in lang rye uitgepak, weerskante van die oopgetrapte paadjie. Om die een of ander rede is die indruk wat dit op my maak, oorweldigend. (15)
> Skielik voel ek bang en terselfdertyd vreemd bewoë. "Raak

> die jagters dan nooit moeg om die olifante te skiet nie? Een is tog genoeg?" (18)

Die erekode van die trofeejagters is ironies:

> Ek twyfel of dit enigeen van hulle ooit, ooit traak oor wat aangaan by die karkas nadat hulle dit geskiet het. Die aand by die vuur onthou hulle slegs nog die heel olifant, hoe hy sy slurp vraend in die lug ronddraai, hoe hy met sy groot ore flap, hoe hy trompetterend wegdraf, of by uitsondering, geweIddadig storm. Dan glimlag hulle as hulle dink hoe hy in die stof geploeg het. (150)

Selfs vir Huger is bewaring belangrik:

> "Nooit! Ek het nooit in Boesmanland 'n eland geskiet nie! Al die elande is lankal vrekgeskiet. Dis net die paar makkes op die plaas." (111)

Oor die jag van olifante, is die verteller uitgesproke:

> Maar ek het gesien waartoe die mens in staat is, hoe gou en en maklik hy die natuur kan vernietig. Selfs die skiet van dié een bul, die laaste honderdponder, is 'n gewetenstryd, nie maar net nog 'n dier wat sal vrek nie. Ons moet benut om te bewaar. En die Boesmans se wraaklus moet tydelik gestil word. (117)
> Dat iemand daarop uit sou wees om hom te soek en dood te skiet, te vernietig - dit gaan my verstand te bowe. (138)

Namate die verteller homself met Huger identifiseer, sy eie identiteit herdefineer en die grense van sy waardesisteem deurbreek, beweeg hy verder van sy beginsels af en verander sy siening ten opsigte van olifantjag:

> Die beloning sal groot wees. Ons werk met 'n berekende inkomste van tweehonderdduisend Namibiese dollar vir 'n goeie olifanttrofee, verblyf en verversings ingesluit. Vir die honderdponder is die bedrag onberekenbaar. (117)

As Maxamesi gewond word en later doodgeskiet word, is die verteller nie onaangeraak deur die banaliteit van die daad nie:

> Ek kan die opwinding deur my voel bruis, maar terselfdertyd onderliggend hieraan 'n gevoel van teleurstelling en misluk-king. (87)

Die verteller raak meer betrokke by die olifantjag as wat hy uit die staanspoor wou en hy het 'n onderliggende skuldgevoel omdat hy aandadig is aan iets wat hy eintlik nie goedkeur nie. Hy is bewus daarvan dat hy soms vergeet wat die werklike motief van die jag is omdat hy te betrokke raak by Huger en sy drome:

> Het ek vergeet dat dit vir die Boesmans se onthalwe is dat alles aan die gebeur is? Sou hulle later dalk die sin van alles insien? Of sou ek voor daardie tyd aanbreek juis van die sin-loosheid van alles oortuig word? (132)

As Christine die verteller konfronteer oor sy betrokkenheid by die jag, maak hy 'n "dwase belofte":

> "Kyk, ek belowe jou, deur al die jagtery wat van nou af vir my mag voorlê as ons planne werk, sal ek nooit geweer dra nie. Om jou onthalwe, en om my eie, sal ek kaalhand wag vir wat ook al mag gebeur." (40)

Later besef hy egter:

> Ek het juis sonder 'n geweer uitgegaan op hierdie tog, omdat ek die buitestander wou bly, die man met die skoon gewete, onaandadig aan die dood van die olifant, geen uitroeier van skaars wild nie. (257)

Nogtans is hy betrokke en verantwoordelik.

Omdat natuurbewaring nie as 'n eenmansaak beskou word nie, is dit 'n

omstrede onderwerp wat wêreldwye publisiteit geniet. Die Grellers stuur opsetlik 'n verkeerde beeld van die olifantjag in Boesmanland die wêreld in deur verkeerde berigte aan 'n tydskrif te gee. Hierdie foutiewe inligting word doelbewus so gepubliseer as gevolg van hulle persoonlike vendetta teenoor Huger en die verteller:

> Dit is maklik om enigiets uit Afrika as die waarheid aan oorsese lesers te verkoop. (149)
> Niks is bitterder as 'n vrou wat haarself wou gee, en afgekeur word nie. (151)

Dit is duidelik dat natuurbewaring ook nie vir die Grellers van belang is nie en dat hulle betrokkenheid by die olifantjag bloot vir eie gewin is. Die verteller konfronteer Greller as hy die geleentheid het:

> "Herr Greller, jy weet goed genoeg dat jou tydjie in Boesmanland veby is. Moenie kla nie, jy het jou deel hier gehad." (146)

Die koms van die Westerlinge na Afrika het die Boesmans se wêreld verander. Nie net is hulle blootgestel aan uitbuiting nie, maar ook onderwerp aan die Westerse invloede wat sy persepsies van sy omgewing wou verander, maar wat vir hulle moeilik aanvaarbaar is:

> Die inisiatief is daarop gemik om die nomadiese Boesmans 'n beter lewe te bied deur nedersettings naby die boorgate te ontwikkel (8).
> Die saamblyery by die water bied ook nie meer die sosiale vryheid waaraan die Boesmans so gewoond geraak het met hulle swerftogte deur die dorsland nie. Struwelinge en rusies tussen die saamgegooide gemeenskapslede is intens en volop. (9)

Die Westerse idee van benutting en bewaring van die ekologie beïnvloed duidelik die kultuur van die Boesman, en dit is nie altyd ten goede nie. Die popster is 'n tipiese voorbeeld van 'n Westerling wat

onbetrokke is by die ekologiese probleme in Afrika:

> Hy wil hierdie avontuur so vinnig as moontlik afhandel en is nie lus vir die frille nie. Die olifant is nodig vir sy beeld; hy het nie gekom om dit te geniet nie. (164)

### 2.13.3 BENUTTING

Ten spyte daarvan dat die Boesmans nie as bewaarders van die natuur beskou kan word nie, is hulle vanweë hulle afhanklikheid van die natuur bewus van goddelike kragte wat in die aardse dinge teenwoordig is. Die Westerlinge kom na Boesmanland toe om die Boesmans te kom leer om die ekologie te bewaar en te benut. Daarom is dit ironies dat dit die Boesmans is wat die Westerlinge kan leer van kragte in die natuur wat vir die beskawing nog altyd verborge gebly het:

> "Die heuning is vol krag, daarmee kan ons die krag van die siekte en swaarkry weer 'n bietjie wen." (204)

Slinger vat dit só saam:

> "Die grond gee die gif waaruit ons die dood maak om ons bokke te jag wat ons lewend moet hou." (204)
> "Ja, as jy weet waar om te soek, as die geluk hulle vir jou oopmaak, kan die aarde jou baie dinge gee." (205)

Die verteller vra Slinger uit oor die suigpyp wat Greller vir die olifante in die veld gesit het:

> "Ons Boesmans het in die ou dae ook so gemaak, voor die boorgate gekom het. Die wit mense kon dit nie doen nie, net die Boesmans het die krag gehad om die water uit te haal." (136)

Die Boesmans is onbetrokke by die plan om die olifante te jag en die geld dan aan te wend tot hulle voordeel:

> Die jagprojek moes die Boesmans baat, maar hulle was so onbetrokke by die uitkoms daarvan dat dit net sowel nie aan die gebeur was nie. "Ons laat die tyd ons lewens bepaal," het Dahm deur Slinger gesê. "Hy doen dit lank reeds en goed genoeg. Vir wat sal ons nou alles probeer verander." (155)

Na die onafhanklikheid van Namibië is daar van die owerhede se kant nuwe belangstelling in Boesmanland:

> Bosbouers kom hier hout oes vir die meubelmark; hier is geoloë wat na olie en diamante kom soek [...] (13)
> Die staatsdepartemente het almal hul eie agendas vir Boesmanland: Natuurbewaring en Toerisme wil die unieke pannestelsel met sy voëls en wild bewaar. Hulle sal groot moeite doen om die olifante te beskerm. Vir hulle is die olifante noodsaaklik, selfs ten koste van menslike bestaan. (60)

Die verteller voel egter die Boesmans word net uitgebuit en dat daar nie werklik na hulle belange omgesien word nie:

> Vir hulle is die Boesmans 'n bloot toevallige steurnis in 'n andersins ongeskonde tafereel. As hulle die Boesmans kan uitstal aan toeriste, met hulle velle en hulle krale aan, sal hulle geduld word, maar nie as moderne burgers nie.
> Vir ander departemente is hulle ander soort skaakstukke. Boesmanland het potensiaal - diamante, landbougrond, hout: dolfhout, mushivi en kiaat; dalk selfs olie. Die Boesmans se belange self tel min. (60)

As die jagters die tenks en landmynbestande voertuie - die hippo die ratel, die buffel, die luiperd, die cheetah, ens. - in die bos kry, is die verteller met afkeer vervul as hy besef dat "hierdie instrumente van dood na die diere" (186) genoem is:

> Wou ons hiermee iets van 'n gewete inbou in ons oorlog: 'n sagmoedigheid, een of ander wet van die natuur, 'n onontkombare noodwendigheid, iets edels? (186)

Onder die invloed van die Westerse beskawing, het die Boesmans 'n wanpersepsie van die benutting van die ekologie:

> "Ons het hulle nooit probeer doodmaak nie, al die jare wat ons saam met die olifante gelewe het nie. Maar nou sal ek hom doodmaak, dit is baie geld wat daar loop: tweehonderd rand, miskien nog meer." (138)
> Slinger val opgewek in: "In die army, toe ek by 203 was, het ons baie olifante doodgeskiet. [...] Ons het ons gewere getoets, dan was ons reg vir die Faplas [...] Unita het agterna die tande kom uithaal en daarmee gewere gekoop, dit was die manier waarop hy betaal het, met tande en die blink klippies." (138)

Selfs Huger, wat reeds die Boesmankultuur aanvaar het, se sin vir benutting is verwronge:

> "Watter vermorsing!" mompel Huger vererg. "Ons kon tientalle jagters daarmee tevrede gehou het, duisende gemaak het." (96)

Tog het Huger sy sin vir die jagetiek nog nie heeltemal verloor nie, soos blyk uit die volgende opmerkings deur hom:

> "Ons kan nie die tande behoorlik skat nie. Dis buitendien nie sportief om van so ver af te skiet nie." (85)
> "Meer gewere is nie sportief nie; die prooi moet ook 'n kans hê." (153)

Die slagtery van die olifant vervul die verteller met weersin:

> Die karkas word al kaler, al meer weersinwekkend, die gate waar die boude was, die hol rugstringe, die gestroopte ribbes. (93)

Tog is dit 'n positiewe benutting van die vleis:

> Eenkant staan die trekker en die wa wat die vleis na die dorpies moet vervoer. Vrouens en kinders is besig om stukke vleis deur die kole te trek en so amper rou af te sluk. Daar is 'n algemene vrolikheid en gejoel om die dooie olifant. (93)

Uit bostaande bespreking is dit duidelik wat die aard is van die Boesmans se saamleef met die natuur. Daar is

> niks nostalgies aan hul persepsie van die skoonheid waarin hulle leef nie, [...] Die lewe van dag tot dag is moeilik en onmiddellik genoeg dat hulle nie veel energie oorhet om vir te ver die toekoms in te sit en beplan nie. (116)

Dit is op hierdie gebied wat die insig van die Westerlinge van waarde kan wees om die Boesmans attent te maak op die benutting van die ekologie. Tog is die vraag of dit in belang van die Boesman se voortbestaan sal wees as benutting van die natuur voorgestel word. Telkens word dit opnuut duidelik dat die Westerlinge se teenwoordigheid in Boesmanland hoofsaaklik om eie gewin gaan en dat selfs goedbedoelde pogings gewis nie tot die Boesmans se voordeel afloop nie.

### 2.13.4 BEWARING

Standpunte oor die mens se verhouding met die natuur kom uit verskillende hoeke. In 'n artikel in die *Algemene Kerkbode* (12 Augustus 2000:5) word die kwessie van die bewaring van die ekologie deur Fritz Gaum aangespreek:

> Geloofsverklaring 2000, wat einde verlede jaar gepubliseer is, sê só oor die omgewing:
> 'Ons glo
> - dat ons op die aarde as deel van God se skepping aangewese is soos 'n kind op sy of haar moeder
> - dat ons die aarde wat ons van God ontvang het, saam met alles wat dit inhou, moet bewaar - ook met die oog op toekomstige geslagte.

God het immers die aarde geskape en aan die mens gegee om dit as sy "verteenwoordiger" te "bewerk" en daaroor te "heers"

(Gen.1: 27,28). Dit bring mee dat gelowiges glo dat 'n mens 'n baie groot verantwoordelikheid het.

Die kompleksiteit van die kwessie van natuurbewaring is egter te verstane as 'n mens sou vra: Is dit die mens se plig om 'n bemoeienis te maak met die ekologie en die toekoms te probeer reguleer, of is 'n fatalistiese siening soos die Boesmans s'n dalk die beste?

In *Die olifantjagters* kom die vraag telkens na vore: word bewaring van die natuur in die verhaal uitgebeeld as 'n werklike betrokkenheid in die belang van die natuur, of gaan dit steeds om eie belang? As Greller die verteller konfronteer oor die jagkonsessie wat hy verloor het, is hy ongelukkig:

> "Die Boesmans is geen natuurbewaarders nie. Hulle sal alles vrekskiet as hulle gelos word, dit weet jy net so goed soos ek."
> "Daarvoor is ons mos daar om te help keer.'"
> "En dan eindelik alles maar oor te gee vir die uitroeislag?"
> "Ons is sekerlik van plan om hulle op te lei. Hulle sal vorentoe die nut van bewaring besef, nes jy, toe die geld eers in jou sak begin val het." (146)

Die verteller weet egter dat die Boesmans geen natuurbewaarders is nie vanweë hulle waardes wat hulle oorgeërf het om in die veld te kan oorleef. Hy wend 'n poging aan om Dahm te oortuig dat oordeelkundige jag die oplossing is:

> Slinger tolk: "Hy sê hoe minder olifante daar is, hoe beter vir die mense."
> "Die olifante is die mense se behoud," probeer ek weer en teen my beterwete in sê. (131)

Vir die verteller as Westerling is natuurbewaring die plig van elke mens en 'n saak van moraliteit wat deel van sy waardesisteem is:

> Ons Westerlinge het die storie en die opdrag van die Paradys: om dit te bewaar en daaroor te heers. Dit onderlê ons godsdiensbeskouing. (133)

Die maatstaf en professionaliteit waarmee aansoeke oorweeg word, word bevraagteken as die verteller en Huger aansoek doen om Ivory Trails by die Hotelraad te registreer:

> Ons maak ons kamp vir die nagemaakte jag mooi op. (119) Uiteindelik daag die beoordelaar op. Ons het teen dié tyd soveel kans gehad om te oefen dat daar nie fout te vind was met die aanbieding nie. [...] Die koedoebul speel saam (120). Die aand in die kamp voer ons die beoordelaar en onsself net genoeg drankies dat ons mekaar se geselskap geniet. [...] Ons nagemaakte safari is goedgekeur, Ivory Trails is geregistreer. Ons is amptelik deel van die toeriste-sisteem. (121).

Uit bostaande bespreking is dit duidelik dat die bewaring van die natuur deel is van die Westerling se waardesisteem, maar dat hy uit selfsug en die najaag vir eie gewin, 'n verwronge idee het van wat belangrik is.

## 2.14 EKOKRITIEK IN *Die olifantjagters*

Volgens Thomas K. Dean (1994) is *ekokritiek* die studie van kultuur en kultuurprodukte wat op een of ander manier verbonde is aan die mens se verhouding met die omgewing. Ekokritiek is die reaksie op die behoefte van menslike begrip vir die verhouding van die mens tot die omgewing in 'n tyd van omgewingsvernietiging. Omgewingskrisisse is die gevolg van die mens se distansiëring van die omgewing wat nie net

die gevolg is van die toenemende tegnologieë nie, maar ook die onvermoë om die onderlinge verbondenheid van dinge te herken.

Die karakters in *Die olifantjagters* se betrokkenheid by die ekologie is uiteenlopend. Uit die aard van hulle bestaanswyse is die Boesmans uitgelewer aan en afhanklik van die natuur. Vanweë hulle fatalistiese beskouing, sien die Boesmans geen nut in natuurbewaring nie. Huger, wat die lewenswyse van die Boesmans aangeneem het, se verbondenheid aan die natuur strek net tot sy eie belang. Alhoewel hy sê dat hy lief is vir die olifante, oorskrei sy liefde vir jag sy sin vir natuurbewaring. Hy wend geen daadwerklike poging aan om natuurbewaring te bevorder nie.

Die vrouens van die Stigting het vanweë hulle herkoms en oorbeskaafdheid geen kontak met die natuur nie. Sonder insig probeer hulle die Boesmans koloniseer en hou nie rekening met die oergene en instinkte wat deel is van die Boesmans se menswees is nie. Die verteller wat aanvanklik met vooropgestelde idees oor natuurbewaring en -benutting na Boesmanland toe gekom het, het sy sin vir bewaring verloor as gevolg van sy identiteitloosheid en die proses van herdefiniëring van sy selfbeeld.

Die mens se verbondenheid aan die natuur word ook in *Die olifantjagters* uitgebeeld. Die verteller sê aan die begin van die verhaal:

> Ons is almal onontkombaar aan die seisoene vas. Eers as 'n mens in die veld lewe, besef jy hoe jy aan die tyd gebind bly. (1)

Die ruimte waarin die verteller hom bevind, maak hom meer bewus van die mens se afhanklikheid van die natuur:

> Ons almal wag vir die reënseisoen om te begin. [...] Soms verskyn wolkies so groot soos 'n man se vuis teen die laat-oggend op die einder en in die middag verdwyn dit weer met die ergerwordende hitte. Elke dag word wakker met hoop en gaan met 'n verslaentheid weer mettertyd oor in die nag. (1)

In *Die olifantjagters* het die verteller begrip daarvoor dat die Boesmans nie sin vir enige natuurbewaring het nie. Tog is dít nie waaroor hy bekommerd is nie:

> Maar ek het gesien waartoe die mens in staat is, hoe gou en maklik hy die natuur kan vernietig. (117)

Moontlike gevolgtrekkings wat gemaak kan word uit bogenoemde stellings is dat die mens se houding teenoor die natuurbewaring ge-setel is in elke individu se waardesisteem. Die kulturele omgewing waarin elkeen bestaan en funksioneer is verantwoordelik vir die verskillende gesindhede teenoor die ekologie. Die Westerling se verwronge idee van sy verhouding met die natuur is egter die gevolg van 'n egosentriese lewensbeskouing. Dit is belangrik om te onthou dat die natuur steeds sal aangaan sonder die mens, terwyl die mens nie sal kan aangaan sonder die natuur nie.

## 2.15 EKOLOGIE EN POSTKOLONIALISME

Sentraal in die ekologieteorie staan die "critique of domination" (Wellerby 1985:235; vgl. ook Meintjes, 1998:28) wat net soos die postkoloniale diskoers daarop ingestel is om alle vorme van koloniali-sering te ondermyn. Die "critique of domination" is gerig teen domina-

siestrukture wat nie net die individu nie, maar die hele gemeenskap en dus die hele ekosisteem domineer en verwoes.

Volgens Naess (soos aangehaal deur Meintjes:1995) is die "critique of domination" gerig teen magstrukture wat betrokke is by die verwoesting van "individuals species, polulations, habitat, as well as human and non-human cultures". Naess stel die "deep ecology" voor as korrektief op die "shallow ecology". Hy beskou die Westerse kulture se dominasie van die natuur as die grondoorsaak van die hedendaagse ekologiekrisis.

Die "deep ecology" het 'n hekel aan enige vorm van dominasie en volgens Naess moet alle individue, spesies, populasies, habitat asook menslike- en nie-menslike kulture van oorheersing gevrywaar word. Fox (1989:8) wys daarop dat diegene wat die "deep ecology" bedryf, glo dat dit 'n oorkoepelende gelykmakende benadering tot die heelal is.

## 2.16 SAMEVATTING

Dit is duidelik dat die begrip *ruimte* 'n omvattende kategorie in die epiek is. Daarom was dit nodig om ondersoek in te stel na hierdie term.

Omdat ruimte dikwels as net die "fisiese ruimte", m.a.w. plek, gesien word, is dit nodig om die narratiewe ruimte in die verhaal te ondersoek. Deur gebruik te maak van 'n narratologiese analise van die basiese gegewens in 'n verhaal, word die fiktiewe wêreld in 'n verhaal met die werklike wêreld in verband gebring, asook met 'n distansiëring

waarmee die leser die fiktiewe wêreld kan onderskei van die werklike wêreld.

In die narratologie word daar duidelik onderskeid gemaak tussen ruimte en plek. In die kategorieë van ruimte word daar onderskei tussen die diëgetiese ruimte, wat as die woordruimte beskou word, teenoor die mimetiese ruimte, wat op sy beurt weer as die sigbare of storieruimte beskou word. Die diëgetiese ruimte, of verhaalruimte, ontstaan soos wat die leser sy verwysingsraamwerk bou om die gerepresenteerde ruimte.

Die aspekte van ruimte bestaan uit die sintuiglike waarnemings van die ruimte in 'n verhaal. Met behulp van sintuiglike waarnemings kan die verhouding tussen die karakter en die ruimte bepaal word. 'n Karakter beleef ruimte as 'n kader waarin hy ingesluit word en die invulling en betekenis van die kader is vir die karakter belangrik in sy belewing van die ruimte.

Die vooraftekste, die titel, die motto, die fokalisator en die leser se voorafkennis van die outeur, vorm die diskursiewe outeursruimte.

In die bespreking van die Afrika-ruimte is daar eers aandag gegee aan die geografiese ruimte van Afrika en aan die beskouing van Afrika in 'n pre-koloniale fase, asook die wyse waarop Suid-Afrika se politieke beleid die letterkunde beïnvloed het. Daar is ook kortliks aangedui hoe Afrika in die Afrikaanse letterkunde gefigureer het en daar is gewys op die prominensie wat Afrika tans in die letterkunde geniet.

Die Afrika-ruimte in *Die olifantjagters* word funksioneel aangewend om te fokus op die probleme van kolonialisasie, die verlies aan persoonlike en kulturele identiteit, asook die uitbuiting van die ekologie, wat verreikende gevolge het vir ons toekoms in Afrika.

Omdat *Die olifantjagters* so sterk ruimtegerig is, kan dit verwag word dat dit by die ekologiese problematiek sal aansluit.

Ekokritiek is van waarde vir die mens se hele bestaan omdat die heelal se verskillende elemente 'n onderlinge geheel vorm wat 'n mens net meer daarvan bewus maak dat die heelal groter is as ons bewustheid daarvan. Elke deel van die heelal is onlosmaaklik deel van elke ander deel, waarsonder niks sal kan funksioneer nie.

Afrika het verander onder die invloed van die kolonialisme en omdat Afrika 'n plek is wat weens sy uiteenlopende kulture en waardes verandering en aanpassing van elkeen eis, is die invloed van vreemde kulture duidelik te bespeur in *Die olifantjagters*. Die verwarring wat ontstaan as gevolg van vreemde invloede is nie net beperk tot die Boesmans nie, maar daar is ook 'n verlies van die waardestelsel van die Westerlinge vanweë hulle betrokkenheid in Afrika 'n ruimte wat hulle nie ken nie.

Die verteller is bewus van die verwarde situasie waarin die Boesmans verkeer as gevolg van invloede wat Afrika wil verander:

> Uiteindelik is dit juis die moderne mens, met al sy verantwoordelikheid ten opsigte van goed en kwaad, wat die natuur finaal aan die vernietig is, terwyl die Boesmans, wat hulle

> nie aan die die moraliteit daarvan steur nie, daarin aan die voortleef is. (134)

Afrika se uiteenlopende kulture en waardes skep dit die ideale milieu om kwessies soos "critique of domination" wat nou verweef is met ekologiese kwessies, magsverhoudinge en identiteitsproblematiek van die verskillende kultuurgroepe in die postkoloniale omstandighede, aan te toon.

# HOOFSTUK 3

# IDENTITEIT

## 3.1 INLEIDING

Volgens die psigoanalis, Fromm (Meyer e.a., 1988:137), onderskei die mens hom van die dier deurdat hy bewus is van homself as 'n aparte entiteit. "Die behoefte aan 'n identiteit reflekteer die individu se behoefte om homself te ken en sy plek as 'n vry, ongebonde individu in die samelewing te bepaal." Omdat die mens 'n rede, gewete en verbeelding het, onderskei dit hom van 'n dier en stel dit hom in staat om sin te gee aan die spesifieke verwysingsraamwerk waarbinne hy funksioneer.

Die verwysingsraamwerke kan van individu tot individu en van samelewing tot samelewing verskil ten opsigte van inhoud en vorm. Wanneer die individu daarin slaag om integrasie te bewerkstellig tussen al sy vroeëre identifikasies, sy drange, sy wense en toekomsverwagtinge, vermoëns en vaardighede, en die geleenthede wat sy samelewing hom bied, sal hy 'n gevoel van identiteit ervaar. Die gevoel van identiteit by 'n mens reflekteer die individu se behoefte om homself te ken en om sy plek as 'n vry, ongebonde individu in die samelewing te bepaal.


Erikson (Meyer e.a., 1988:169) identifiseer die belangrikste vrae in terme van die bepaling van individuele identiteit as: Wie is ek? Wie en

wat is ek in die oë van ander mense? Hoe stem dít ooreen met die beeld wat ek van myself het? En hoe pas die rolle en vaardighede wat ek vroeër aangeleer het in my huidige verwysingsraamwerk en my voorgestelde toekoms in?

Hierdie soektog na 'n selfbeeld en kontinuïteit in die eie lewe en die soeke na ooreenstemming tussen die selfbeeld en rolverwagtings van die samelewingsverbande soos die gesin, familie, kultuur, religie, nasionaliteit, ens., is die soeke na persoonlike identiteit.

Geen mens het net een identiteit nie (Kapp, 1999:1), en hoe meer individue daar in 'n samelewing is en hoe meer kompleks die samelewing is, hoe meer oorvleuelende identiteite sal daar wees. Die identifisering met 'n groep of verskynsel is 'n histories-sosiologiese faktor en is 'n besonder komplekse saak. Dit is egter belangrik dat daar 'n harmonieuse balans moet wees tussen die verskillende identiteite omdat mense hulleself in relasie tot ander mense moet posisioneer. Indien daar in heterogene en plurale samelewings bepaalde probleme ontstaan met betrekking tot die posisionering van bepaalde identiteite, kan daar 'n identiteitsvraagstuk ontstaan.

Volgens Hofstede (1991:5) stel Segers die identifisering van 'n groep of 'n samelewing voor deur middel van die diagram in figuur 1:




Figuur 1

Die drie komponente van die konstruksie is onderling verwant aan mekaar. Die gegewe statistiek is die formele kenmerke en die feitelik aantoonbare gegewe van 'n bepaalde samelewing, bv. getalle, demografie, taal, politiek, godsdiens, ens. Die selfbeeld van 'n groep is afhanklik van die aantoonbare statistiek, maar behels hoofsaaklik die manier waarop die groep hulself sien. Volgens Van der Merwe en Viljoen (1998:144) is dit "die konstruksie wat 'n volk van sigself gemaak het". Die uiterlike beeld wat van hierdie groep gevorm word en wat buitestanders waarneem, hang af van die gegewe statistieke, asook die beeld wat die groep uitdra. Uiteindelik gaan dit egter om die persepsies van hoe, wat en wie 'n groep is in die oë van die buitewêreld, m.a.w. "die imago, die beeld wat van buite [deur ander volkere] oor daardie volk gemaak is" (Van der Merwe & Viljoen, 1998:144).

Volgens Segers is kulturele identiteit in balans as die drie komponente van die diagram met mekaar korreleer, ten volle geloofwaardig en in onderlinge wisselwerking is. Die gegewe statistieke kan getoets word

vir geloofwaardigheid, maar omdat identiteit volgens Hofstede (1994:5) nie staties is nie, kan die statistiese gegewe nie die reaksie op die selfbeeld bepaal nie.

Die omskrywing van 'n volk se identiteit sluit in verwysing na taal, ras, godsdiens, geskiedenis en gebruike, gedragsvorme, waardes, houdings en 'n lewenswyse wat histories verklaarbaar is (Steyn, 1984:19). Hierdie eienskappe is kenmerke wat nie altyd almal of gelyktydig met kulturele identiteit in verband gebring word nie. In 'n situasie waar een van hierdie eienskappe egter bedreig word, kan die groep of volk voel dat sy ware identiteit slegs geleë is in daardie bepaalde eienskap. Wanneer dit gebeur, ontstaan 'n sterk moontlikheid dat sekere identifiserende eienskappe die basis van 'n ideologie word. Die behoud, bewaring en ontwikkeling van die ideologie kan dan lei tot 'n magstryd, soos wat met die apartheidsideologie gebeur het.

Die konsep *individuele identiteit* (3.2) en *identiteitsproblematiek* (3.3) sal vervolgens bespreek word. Omdat die *kulturele identiteit* (3.5) van die karakters ook ter sprake is, sal daar vasgestel word hoe hierdie konsepte figureer in die verhaal.

## 3.2 INDIVIDUELE IDENTITEIT

In *Sources of the self* (1989:27) is Charles Taylor van mening dat 'n mens se individuele identiteit bepaal word deur morele of spirituele oortuigings en deur die kulturele tradisies van die nasie waaraan hy behoort (Lötter, 1998:180).

Individuele identiteit word beïnvloed deur 'n persoon se plek van oorsprong, sy familie of familienaam en die taal wat hy praat. Taal is die medium waardeur hy kennis opdoen deur verhale, literatuur, geskiedenis en die media. Taal is ook die medium waardeur 'n persoon sy diepste gevoelens, gedagtes, wense en begeertes tot uiting bring.

In sy artikel "Narrative Identity" (1991:73) is Paul Ricoeur van mening dat die probleme wat ontstaan ten opsigte van identiteit deur 'n studie van narratiewe identiteit belig kan word. Deur die analise van verhale wat mense vertel kan sleutels tot identiteit gevind word:

> Presently, I am convinced that a strong and convincing plea can be made in favour of narrative identity if it can be shown that this notion, and the experience that it designates, contribute to the resolution of the difficulties relative to personal identity as it is currently discussed in broader philosophical circles [...] (Ricoeur,1991:7).

Volgens Ricoeur ontstaan probleme ten opsigte van identiteit deur die verwarring van eendersheid ("sameness") en individualiteit ("self") omdat hierdie twee begrippe mekaar in 'n sekere mate oorvleuel.

Ricoeur tref 'n fyn onderskeid tussen identiteit en individualiteit. Die kern van sy argument is dat identiteit met eendersheid sowel as individualiteit te make het. Hierdie onderskeidinge word deur verhale openbaar en ander identiteite word daardeur leer ken.

Die probleme en verwarring wat ontstaan in terme van identiteit en individualiteit kan in die narratiewe tekste opgelos word. Selfs kwessies wat nie opgelos of deurgrond kan word in die werklikheid in die normale gang van die lewe nie kan op so 'n wyse opgelos word. In

'n fiktiewe narratief is dit moontlik om 'n identiteit te skep waar teenstrydighede en ooreenkomste bestaan in dieselfde werklikheid. Die menslike bestaan raak meer aanvaarbaar en verstaanbaar as dit in die vorm van verhale en narratiewe tekste weergegee word.

In 'n fiktiewe narratief word die werklikheid omvorm tot fiksie en daarom kan die probleme wat ontstaan met die vorming van identiteit, in die verhalende tekste meer verstaanbaar gemaak word. So kan insig en begrip by die leser tuisgebring word. Die oorvertel van mites en sprokies kan byvoorbeeld die waardesisteem van 'n sekere volk oordra, verduidelik en vorm.

## 3.3 IDENTITEITSPROBLEMATIEK

Identiteitsprobleme ontstaan as daar sekere elemente van die persoonlike en kulturele identiteit is wat onverenigbaar is. 'n Professionele vrou kan byvoorbeeld konflik ervaar tussen beroeps-identiteit en die geslagsrol wat, byvoorbeeld, insluit om ma te wees. Om 'n kompromie te bereik, is om te wag met moederskap tot haar beroepsideale bereik is. Sommige elemente is in sommige situasies belangriker as ander en 'n persoon kan tot 'n vergelyk kom deur te besluit watter komponent vir hom die belangrikste is.

Volgens Hofstede (1991:13) is die algemeenste probleme wat ontstaan ten opsigte van identiteitsproblematiek die ongelykheid tussen die gemeenskap en die owerhede, die verhouding van die individu tot heersende groepe, die implikasies van geslagsverskille, die emosionele reaksie op onsekerhede en die lang- en korttermyn plekbepaling van

die individu in die samelewing.

'n Gemeenskap wat 'n individu toelaat om 'n keuse te maak en die veelvoudige persoonlike identiteite te ontdek, het 'n voorsprong oor 'n gemeenskap wat nie ruimte aan sy lede bied nie en slegs 'n paar dominante identiteite het. So 'n gemeenskap voorkom die vorming van geslote groepe, behalwe as dit in sy eie belang is, bv. etniese groepe.

### 3.4 KULTUUR


By die World Conference on Cultural Policies in Mexico is die volgende definisie van kultuur gegee: "[T]he whole complex of distictive spiritual, material, intellectual and emotional features that characterise a society or social group. It includes not only arts and letters but also modes of life, the fundamental rights of the human being, value systems, traditions and beliefs." (Van der Merwe, 1999:24.)

Met verwysing na die siening van Hofstede (1994:5), verduidelik Rien Segers (1997:267) dat elke mens van kleins af patrone aanleer van denke, optrede en gevoelens waarvolgens hy optree, reageer en lewe. Hy noem dit 'n mens se mentale programmering. Elke mens beskik egter oor die vermoë om van hierdie mentale programmering te kan afwyk en hom tot nuwe denke en optrede te wend. Volgens Hofstede is die bronne van hierdie mentale programmering geleë in die sosiale omgewing waarin 'n mens grootword en waarin 'n mens lewenskennis en ervarings opdoen. Hierdie "programmatuur" van die mentale prosesse word kultuur genoem.

Hofstede (1994:5) gee 'n uiteensetting van die term kultuur en dui verskillende sienings van die konsep aan. Vir sommige teoretici verwys kultuur na beskaafdheid en verfyndheid van gees, soos dit gevind kan word in onderwys, kuns en literatuur. Segers (1997:268) verkies egter Hofstede (1994:5) se tweede definisie van kultuur:

> "[C]ulture two, which deals with much more fundamental human processes than culture one. [I]t deals with the things that hurt. Culture (two) is always a collective phenomenon, because it is at least partly shared with people who live or lived within the same social environment, which is where it was learned. It is *the collective programming of the mind which distinguishes the members of one group or category of people from another.*

Verder is kultuur volgens Hofstede nie staties nie en altyd aan die verander. Hofstede (1991:6) stel die verskillende aspekte van kultuur diagrammaties soos volg voor:




Figuur 2

Die implikasies van die diagram is dat alle mense menslike natuur in gemeen het. Die universele vlak in die mentale programmatuur van die mens bepaal die fisiese en basiese psigologiese funksionering van

die mens, maar kan ook oorgeërf word deur die menslike gene. Die mens se vermoë om emosies te beleef, die behoefte aan ander mense, en die mens se vermoë sy omgewing te kan waarneem, behoort alles tot die menslike natuur in die struktuur. "However, what one does with these feelings, how one expresses fear, joy, observa- tions, and so on, is modified by culture." (Hofstede, 1994:5.)

Volgens Hofstede (1994:5) word kultuur aangeleer en nie oorgeërf nie. Kultuur word bepaal deur die sosiale omgewing waarin 'n mens opgroei, leef en werk. Dit is hierdie bewuste eienskappe van die mens wat onderskeid maak tussen lede van bepaalde groepe of onderskeid maak tussen mense. Lévi-Strauss and Eribon (1988:229) is van mening dat


> ... one culture has no absolute criteria for judging the activities of another culture as "low" or "noble". However, every culture can and should apply such judgement to its own activities, because its members are actors as well as observers (Hofstede, 1994: 7).

Die aangeleerde kulturele reaksies en handelinge lê volgens Hofstede op die middelste vlak van die diagram.

Die persoonlikheid van 'n individu is elke mens se unieke stel van mentale programme wat nie met 'n ander mens gedeel word nie. Hierdie persoonlikheidseienskappe van 'n mens is deels oorgeërf en word deels gevorm deur die invloed van die kultuur waarin 'n persoon lewe, asook die invloed van ondervindings wat uniek op elke mens sal inwerk. Dit is egter belangrik om daarop te let dat oorerwing nie net beperk is tot fisiese eienskappe soos voorkoms nie, maar ook persoon-

likheidseienskappe en fisiese vermoëns kan oorgeërf word - dit vorm die boonste punt in Hofstede se diagram.

Kulturele verskille word op verskeie wyses gemanifesteer en om dit die beste te illustreer, gebruik Hofstede 'n diagram wat soos 'n ui lyk. Hierdie diagram is ontwerp om aan te dui dat alle aspekte van kultuur nie ewe belangrik is of nie tot dieselfde mate bepalend en onveranderlik is tot dieselfde mate nie. Die verskillende sake wat 'n kultuur tipeer, word in terme van standhoudenheid aangedui.




Figuur 3

Simbole word in die buitenste laag geplaas en behels taal, voorstellings of voorwerpe wat 'n sekere betekenis dra en slegs in 'n sekere kultuurbekend is. Hofstede (1991:7) plaas taal in die buitenste laag van die ui-diagram by simbole: "The words in a language or jargon belong to this category". Dit is egter 'n komplekse vraagstuk waarop nie hier verder ingegaan word nie. Ou simbole kan verdwyn en nuwes kan aanvaar, ontwikkel of oorgeneem word van ander kulture. As gevolg van die tydelikheid en kunsmatigheid van simbole, word dit in

die buitenste laag van die ui geplaas.

Helde is gewoonlik mense wat nog leef of reeds dood is, werklike of fiktiewe karakters wat karaktereienskappe besit wat belangrik is in die spesifieke kultuur en wat gewoonlik dien as 'n voorbeeld vir optrede of gedrag.

Rituele is gemeenskaplike aktiwiteite wat in 'n sekere kultuur betekenisdraend is en sosiaal as noodsaaklik beskou word. Sosiale en godsdienstige seremonies kan as voorbeelde genoem word. In die ui-diagram word simbole, helde en rituele beskou as praktyke wat vir die buitestander sigbaar is. Die kulturele waardes en betekenis daarvan is vir die buitestander slegs van waarde op die wyse waarop lede van die kultuurgroep dit vertolk.

Die kern van kultuur word deur waardes gevorm. Waardes kan beskou word as die opvattings waar keuses bestaan oor wat aanvaarbaar is of nie aanvaarbaar is nie. By kinders word waardes nie doelbewus aangeleer nie, maar dit word as vanselfsprekend beskou op grond van die voorbeelde waarmee hulle saamlewe. Op grond van waardes word onderskei tussen goed teenoor sleg, skoon teenoor vuil, normaal teenoor abnormaal. Waardes het dus positiewe sowel as negatiewe betekenis omdat afkeurenswaardige dinge ook daardeur aangedui word.

Vir die mense van 'n kultuur is die waarde van die waardesisteem geleë in die onderskeid tussen dít wat hulle dink behoort te wees, (dít

wat wenslik is) en dít wat hulle self graag wil hê (dít wat gewens is). Waardes gee aanleiding tot bepaalde norme wat mense uitleef. Hierdie onderskeid is geleë in die norme wat betrokke is. Norme is die standaard wat gestel word vir waardes wat bestaan in 'n groep mense wat dieselfde beginsels in gemeen het.

### 3.5 KULTURELE IDENTITEIT

Segers (1997:69) sluit aan by Hofstede en verduidelik dat kultuur uit verskillende vlakke bestaan wat onderling aaneengeskakel is wat op nasionale vlak manifesteer ooreenkomstig 'n persoon se land van herkoms; 'n streeks, godsdienstige, etniese of linguistiese affiliasie; geslag; generasie; sosiale klas; lidmaatskap van 'n organisasie of korporatiewe vlak vir werknemers. Dit is dus duidelik dat 'n persoon se identiteit vloeibaar is en daarom kan identiteit nie as 'n vaste entiteit beskou word nie.

Die enigste vlakke van kulturele identiteit wat as permanente kenmerke van 'n mens se kulturele identiteit beskou kan word, is geslag, generasie en etniese groepering. Die etniese afkoms is die mees permanente kenmerk omdat dit 'n mens se geskiedenis, kulturele tradisies, voorgeskrewe norme en waardes wat oorgeërf word oor geslagte heen, bepaal. Lidmaatskap van 'n etniese groep gee 'n persoon 'n gevoel dat hy tot 'n groep mense behoort wat nie deur sosiale strukture bepaal word nie.

Daar sal nie hier indringend ingegaan word op kulturele identiteit en individuele identiteitskwessies nie. Nogtans is die identiteitsbelewenis

van die karakters 'n belangrike aspek van die roman, *Die olifantjagters,* en dit sal daarom onder bespreking geneem moet word ter afsluiting van die analise en interpretasie.

### 3.6 DIE IDENTITEIT VAN DIE KARAKTERS IN *Die olifantjagters*

In hierdie deel van die bespreking van identiteit sal gefokus word op die individuele sowel as die kulturele identiteit van die karakters in die verhaal. Die karakters en groepe karakters sal in die volgende afdelings bespreek word deur aandag te gee aan die volgende aspekte:

- hoe die bepaalde "identiteite" weerspieël word;
- wat elke karakter motiveer om 'n bepaalde identiteit te hê;
- die waardes van elke kultuur;
- stereotipering;
- die herdefiniërding van identiteite; en
- die selfsiening van karakters teenoor die siening van buitekarakters, in die besonder met betrekking tot stereotipering en kulturele hierargië.

#### 3.6.1 DIE VROUE VAN DIE STIGTING

Die vroue se bepaalde kulturele identiteite word weerspieël in die manier waarop hulle hulle taak sien: hulle kom na 'n vreemde kontinent om die inwoners te probeer ophef. Hulle betrokkenheid by die inwoners van Afrika kan teruggevoer word na die koloniale las waaraan Westerlinge skuldig voel.

Aan die hoof van die Westerse Stigting staan die twee buitelandse

vroue wat onder uiters primitiewe omstandighede lewe sodat hulle die Boesmans kan help ontwikkel tot selfstandigheid:

> Dié twee vrouens is hier in beheer met miljoene rande se oorsese skenkerskapitaal om jaarliks aan Boesman-ontwikkeling te spandeer. (35)
> Al die geld moet na die Boesmans toe. Hier is geen koel, gedekte bungalows om in te bly nie, net die warm tente en die oop veld. [...] Hier is nie 'n stoof nie. [...] ons lewe van ou brood, [...] Hier is geen badkamer of toilette in die kamp nie; [...] (42)

Die vroue het geen vroeëre kontak met of insig in die Boesmans se bepaalde waardesisteem nie. Daarom is daar in hulle rasionele uitkyk nie plek en begrip vir die Boesmans se lewenswyse, omgewing en gebondenheid aan die natuur nie. As die vroue se teenwoordigheid in Boesmanland werklik opreg was, sou hulle die mistiek en lewenswyse van die Boesman wat in die natuur leef, gerespekteer het, want dit is juis hulle wat so baie by die Boesmans kan leer.

Die leser is bewus daarvan dat elkeen van die vroue 'n innerlike woede teenoor die lewe koester, maar dit word nooit duidelik wat hulle werklike redes is vir hulle teenwoordigheid in Boesmanland nie. Dit is egter moontlik dat die vroue kompensasie soek vir ander verliese in hulle lewe en daarom raak hulle betrokke by die opheffing van die Boesmans. Wat wel duidelik is, is dat die vroue nie werklik bereid is om te praat oor hulle teenwoordigheid in Boesmanland nie en daaruit word afgelei dat ook hulle Boesmanland beskou as 'n plek om te skuil.

Die woede en verbittering wat die vroue in hulle omdra, word geprojekteer op die Westerse mans wat ook teenwoordig is in Boesmanland. Die verteller is bewus daarvan dat Christa en Christine

nie in die opregtheid van sy bemoeienis met die Boesmans glo nie en daarom is sy gesindheid teenoor hulle negatief:

> Dalk wil hulle my lojaliteit teenoor die Boesmans toets. (9)

Die vrouens voel anders oor die verteller se teenwoordigheid in Boesmanland as wat die verteller vermoed en het moontlik rede om skepties te wees:

> "Wat het jy buitendien hier by ons kom soek?" (38)
> "hoe weet ons jy het nie iewers gesteel, gemoor of verkrag nie, en nou hiernatoe gevlug nie?" (39)
> "Maar ek bly onseker oor jou werklike redes om hier te wees." (40)

Ook teen Huger is die vroue vyandiggesind:

> Christa, [...] kla oor wat sy sy verkeerde invloed op die Boesmans noem. Christine snork deur haar neus as sy naam genoem word. (6)
> Sy begin hom uitskel oor sy verhouding met !Asa: "How can he exploit that girl so? She can hardly be seventeen." (39)
> "Huger is mal!" roep Christine uit. "Ek is seker hy is al by dié tyd vrot van die sifilis." (142)

Ook Greller loop deur onder die vroue se verbittering:

> Christine gee die deurslag. Sy het 'n nog groter weersin in Greller as in Huger. Sy nog meer robuuste manlikheid steek haar selfs dwarser in die krop. (61)

'n Moontlike verklaring vir die vroue se verbittering is dat hulle uit hulle eie samelewing gevlug het as gevolg van teleurstellings wat hulle beleef het waarby mans betrokke is, en vandaar hulle bitterheid en wantroue teenoor die Westerse mans.

Die vroue bly egter wel getrou aan hulle waardesisteem, en daaruit volg hulle toegewydheid aan hulle taak. Tog is hulle bewus daarvan dat hulle pogings om die Boesmans op te hef, nie suksesvol is nie:

> Nie dat hulle regtig weet waarnatoe hulle op pad is nie. (36)

Ten spyte van hul Christelik-klinkende name, Christine en Christa, is die vroue ateïste wat glo:

> "Dis net mense wat nie vir hulleself kan dink nie wat in 'n God glo!" (38)
> "Ek meen, jy wat my so kwalik neem vir my godloosheid, vir my klink dit juis na godslastering, as dit [die olifantjag] niks anders is nie." (142)

Die verteller konfronteer die vroue oor hul ateïsme:

> "Die onnoselheid skree ten hemele! [...] maar om te sê dat daar glad nie 'n God is nie, is kortsigtigheid." (38)
> "'n Sekulêre humanis, wonderlik! If you are not religious, Christine, there is no reason why you should view man higher than the animals!"
> "Don't you believe in evolution?" vra sy spottend.
> "Evil-ution?" kap ek dadelik terug. "The more evil the higher you grow?" (140)

Die uitsprake wat die verteller doen oor die vroue is soos hy die vroue sien en ervaar. Hierdie eensydige siening van die vroue word deur die verteller as fokalisator gedoen en daarom aanvaar die leser wat die verteller aan hom meedeel van wat en wie die vroue is.

Hierdie apatiese houding van die vroue teenoor God kan moontlik wees as gevolg van hulle oorbeskaafdheid. Hulle argumente oor Christenskap spreek dus van arrogansie as hulle dink hulle het nie meer godsdiens nodig nie.

Dit is duidelik dat die vroue as gevolg van hulle ateïsme alle kontak verloor het met die natuur, al is hulle die hele dag met die wonders van die natuur in aanraking:

> Vir my vergoed belewing van die natuur vir alles; by hulle is ek nie so seker of hulle die natuur ooit raaksien nie.
> In soveel grootsheid vervaag menslike kleinlikhede, kan ons vir onself lag. (140)

Die verteller, wat intens bewus is van die grootsheid van die Skepping, voel dat die vroue nie met ontsag vervul is vir die natuur nie en daarom kan hulle nie kontak met die natuur hê nie:

> "Why, do you want to view yourself on an evolutionary level higher than the Bushmen?"
> Ek besef maar alte goed met watter vooropgestelde meerderwaardigheid alle buitelanders na Afrika toe kom, en hoe goed hulle dit probeer wegsteek. (141)

Die verteller maak sy eie gevolgtrekking oor die vroue:

> "Kruip julle nie maar almal weg nie? Julle - 'n spul ateïste wat soos sendelinge hul lewens hier in die bos kom opoffer, kamtig vir Boesman-ontwikkeling, terwyl julle nie eens glo dat 'n mens 'n siel het nie!" (38),

Die verteller suggereer dat die vroue uit selfsug in Boesmanland teenwoordig is. Die vroue sien hulle verblyf in Boesmanland as 'n taak wat aan hulle opgedra is, al is die suggestie daar dat hulle die opheffing van die Boesmans as 'n stut gebruik in persoonlike problematiek.

Dit is duidelik dat die vroue nie van hulle kulturele waardes afsien tussen die Boesmans nie. Hulle is bewus daarvan dat hulle nie baie sukses behaal in hulle werk met die Boesmans nie, maar is nie bereid

om van hulle sienswyses af te sien en die Boesmans se kulturele waardesisteem te konsidereer nie.

Beide die twee vroue ondergaan 'n proses van herdefiniëring van identiteit as hulle nie na waarde geag word tussen die Boesmans nie. Die vroue se identiteit word gedefinieer van buite deur ander, sowel as van binne deur hulleself. In die Westerse wêreld word die twee vroue bekwaam genoeg geag om in beheer van miljoene rande geplaas te word. In die primitiewe milieu van Afrika is dit duidelik dat nie net die bekwaamheid van die gekultiveerde Westerse vroue misken word nie, maar dat ook hulle vroulikheid deur die Westerse mans gering geag word. Dit is moontlik dat hulle woede teenoor die verteller en Huger juis in hierdie belangrike faset van vrouwees gesetel is. Huger verkies vir lAsa, 'n jong, primitiewe Boesmanmeisie bo die Westerse vroue:

> "Met geen vroulikheid, geen seksualiteit in hulle nie. Nee, dankie, nie vir my nie." (108)

Die verteller voel ook nie aangetrokke tot die twee vroue nie:

> Ek wou haar koggel met haar eie seksuele frustrasies, dat dit die rede is wat haar so laat uitvaar teen Huger, jaloers omdat hy snags warm kan lê, sy alleen koud onder die komberse. (39)

Die verteller verwys na Christine se geskende gesig:

> "Die feit dat jou gesig verbrand is, beteken nie dat jou hart ook verbrand is nie!" (39)

maar hy konfronteer haar later direk oor haar bitterheid:

> "En jy, is jy nie ook maar hier om jouself te martel nie, deur

> elke dag meer te ontbeer, 'n soort geseling, 'n selfpyniging om jou aandag af te lei van al die pyn wat agter jou lê." (142)

Die vroue se teenwoordigheid in Boesmanland spreek van die politieke korrektheid van die Westerse wêreld. Vir die vroue is die opoffering om tussen die Boesmans te kom bly sodat die Boesmans opgehef kan word, 'n moontlike lewenstaak omdat hulle wil goed doen en aan ander die kans wil gee om beter te kan lewe. Tog is daar 'n duidelike meerderwaardigheid te bespeur by die vroue as hulle die motiewe van die olifantjag bevraagteken:

> "Wat weet jy van olifantjag?" (37)
> "Julle Afrikaners maak my siek: so ongelooflik arrogant, so seker van julleself, so chauvinisties. Ek meen, noudat onafhanklikheid gekom het en julle nie meer met die arme inboorlinge kan doen wat julle wil nie, nou kom jy maar olifante skiet." (37)

Ironies genoeg toon die vroue die tipiese koloniale meerderwaardigheid as hulle weier om van hulle idees en opinies afstand te doen. Selfs as die projekte waaraan hulle werk nie geslaagd is nie, is hulle nie bereid om aanpassings te maak nie. Die vroue se kulturele identiteit word wel in 'n mate geherdefinieer omdat hulle bereid is om onder primitiewe omstandighede te bly en te werk.

### 3.6.2 DIE BOESMANS

Die Boesmangemeenskap in *Die olifantjagters* word uitgebeeld as 'n ontheemde troppie mense wat duidelike tekens toon van Westerse invloede. Die Boesmans word beskryf as 'n verworde groepie mense met

> stukkende Westerse klere, halfmasbroeke en baadjies sonder moue (5)

wat belangeloos met 'n pak kaarte en stukkende kassetbande speel. Dit is duidelik dat die effek van die Westerse invloed op die Boesmans baie twyfelagtig is. Die woord "Buschmangluck" (Boesmansgeluk) (10) wat op 'n houtbord uitgebrand is en voor die tent se ingang hang, is daarom ironies.

Met verwysing na Hofstede se piramide (hoofstuk 3, figuur 2) waar die mens se mentale programmering geïllustreer word, is die Boesmans se behoeftes op die vlak van die menslike natuur dieselfde as dié van ander mense. ǀAsa se seksualiteit, oorlewingsdrang, behoefte aan kos en menslike gemeenskap is 'n voorbeeld hiervan. Die manier waarop die Boesmans hierdie behoeftes hanteer, is kultureel. Die Boesmans se waardes en mentale programmering is gevorm op 'n bepaalde wyse en vasgelê op grond van die eise van hulle lewensstyl. Die omstandighede van die Boesmans het meegewerk dat die instinktiewe dinge wat vasgelê is in hulle mentale programmering steeds funksioneer. In kontras hiermee was die omstandighede van die Westerlinge die oorsaak dat hierdie menslike vermoëns afgelê is.

Die ruimte waarin die Boesmans lewe, lei daartoe dat hulle 'n bepaalde identiteit het. Al verkeer hulle onder die Westerlinge se invloed, is daar sekere aspekte in hulle waardesisteem wat hulle slegs sal kan laat oorleef in die ongereptheid van Afrika. Dit is slegs ǀAsa se instinkte wat haar en die verteller laat oorleef in die bos en deur haar ingebore sin vir rigting is dit sy wat hom teruglei na die beskawing toe.

Uit bostaande argument is dit duidelik dat daar eienskappe is wat in die mentale programering van die mens se menslike natuur nie verander of verleer kan word nie omdat dit deel van die mens se mentale programmering is. Dit is slegs die uiting van gevoelens wat deur die bepaalde kultuur waarin 'n mens hom bevind, bepaal word.

In terme van Hofstede se ui-diagram (hoofstuk 3, figuur 3) is die buitenste laag van die simbole die Boesmans se taal en kleredrag, die velskorte en die pyl en boog: dus hulle vernaamste simbole van hulle kultuur. Met die koms van die Westerse invloede, verander hierdie simbole. Sommige van die Boesmans kan Afrikaans en Engels praat en verstaan:

> [D]ie Departement Onderwys en Kultuur het skooltjies opgesit waar die Boesmans moet leer Engels praat en dink [...] (13)

Die Boesmans dra nou Westerse klere, daar is nie 'n pyl en boog in sig nie, en hulle jag al minder omdat die olifantjagters aan hulle vleis voorsien. Dit is duidelik dat die tipiese simbole van die Boesman besig is om te verdwyn vanweë hulle kontak met die Westerse beskawing. In Hofstede se ui-diagram is die volgende laag helde. Soos wat 'n groep se verwysingsveld verander, verander hierdie verering van 'n held ook. In *Die olifantjagters* word Huger as 'n held beskou vanweë sy vuurwapen waarmee hy aan die Boesmans kos kan voorsien en sy voertuig waarmee hy vir die Boesmans afstande kan korter maak. Die outoriteit waaroor Huger beskik lei daartoe dat hy toegelaat word om 'n Boesmanmeisie as vrou te vat. Ook Christa het 'n voorsprong bo die ander Westerlinge by die Boesmans:

> Die feit dat sy hulle taal kan praat, plaas Christa in 'n ander kategorie as ons oningewydes. Sy kan die Ju|'hoantaal goed praat. (42)

As Slinger die storie vertel van die man wat raad soek oor die beste ding in die lewe, is dit duidelik dat die olifante een van die Boesman se tradisionele helde is:

> "Einde ten laaste loop hy die olifant raak. Hier sal hy die antwoord kry! Kyk hoeveel rimpels! Dié dier moet óúd wees! En slim! Hy sal alles weet wat al op die aarde gebeur het, van die begin af tot nou toe, waarnatoe ons moet stap om by die regte plek uit te kom." (191)

Onder invloed van die Westerlinge het die Boesmans se persepsie oor olifante egter verander en is olifante vir hulle nou 'n bedreiging:

> "Gee vir ons gewere dat ons self kan doodskiet, ons sal nie wag nie!" (114)

Dit is duidelik dat die Boesmans besig is om ook hulle helde te vervang vanweë die invloed van die olifantjagters.

Huger lig die verteller in oor die Boesmans se gebruike:

> "Onthou tog dat Boesmanvrouens net sterk mans liefhet, dat hulle net met die oorwinnaar saamgaan. Medelye met die swakkes het Boesmans net so min as wat 'n dier medelye toon met die swakkes." (105)

As lAsa in die bos die verteller bo Huger verkies, weet Huger dat hy swakker as die verteller is en dit dra dan by tot sy selfmoord.

In die volgende laag van die ui, nader aan die kern, is rituele. Die wêreld van die Boesman is vol simboliek en mistieke betekenis. Huger smeer die sap van 'n sekere wortel aan sy horlosiegespe:

> "'Die olifante ruik dit, selfs teen die wind in, en hulle gaan staan om te wonder." (84)

Hulle kan hulle in " 'n trans [...] indans" om met die geeste te gaan praat (43).

> Daar het 'n groot medisyneman van N#aqmtjoha af gekom. Vanaand sal hy baie siektes uithaal. (124)

Die tegniek van vuurdraai uit twee stokkies is 'n ritueel wat nie deur die verteller bemeester kan word nie en wat daarop dui dat hy steeds 'n buitestander is by die Boesmans. Dit is duidelik dat die Boesmans nog nie afgesien het van al hulle rituele nie, en dat daar sommiges is wat staande bly.

Die verteller is geskok as die jagters op die jagtog nie 'n dag wil oorbly as llUce baie siek is aan malaria nie. Hierdie onbetrokkenheid van die Boesman by die swakkes, bevestig die behoud van sekere waardes van die Boesmans:

> So is dit dan waar dat dit by die Boesmans steeds gaan oor net die sterkste wat oorleef. (107)

Dit kan ook die rede wees hoekom lAsa Huger verruil vir die verteller as Huger se obsessie met die olifant hom verswak.

By lAsa het Huger geleer dat 'n Boesman dinge anders sien as 'n Westerling. As gevolg van hulle verbondenheid aan die natuur het hulle minder pretensies as die Westerlinge, en hulle kan nog met ontsag kyk na dinge in die natuur. Deur die Boesmans se verbintenis aan die

natuur waarvan hulle lewe afhanklik is, is hulle hele bestaan gebou op 'n fatalistiese siening. Die feit dat hulle min begrip het vir natuurbewaring, kan in hierdie afhanklikheid van die natuur gesetel wees:

> Dalk is dit juis die wispelturigheid van die natuur met sy reën en droogtes, wind en son, vuur en onweer, onverwagse vreugdes wat dit sinloos maak om enigiets self daaraan te probeer verander. (133)

Vir die Boesman is God anders as vir die Westerlinge:

> "[D]is asof God vir hulle ver en onbetrokke is, dat Hy uit die vertes op die mens afkyk en Hom min steur aan hulle pogings om Hom te bereik." (133)

Ten spyte van hierdie siening is hulle bewus van goddelike kragte in aardse dinge, waarvan die Westerlinge nie bewus is nie. As gevolg van hul verbondenheid aan die natuur beskik hulle oor kennis van die geheimsinnige krag wat uit die aarde kom:

> "Die grond gee die gif waaruit ons die dood maak om ons bokke te jag wat ons lewend moet hou." (204)
> "Ja, as jy weet waar om te soek, as die geluk hulle vir jou oopmaak, kan die aarde jou baie dinge gee." (205)

Die Boesmans se onderskeiding tussen goed en kwaad word ook deur hulle fatalistiese siening bepaal deurdat hulle nie daaroor vrae vra nie:

> "Dit beteken nie dat hulle nie goed en kwaad kan onderskei nie, dit doen hulle wel, maar dan eerder as 'n onafwendbaarheid waardeur die mens onverbiddelik saamgesleur word." (134)

Dit is duidelik dat ook die Boesmans hulle bevind in 'n fase wat hulle identiteit laat verander. Die Boesmans word aangetrek deur die nuwe invloed van die Westerse beskawing en word verlei deur die geld en alkohol wat saam met die ouderdompensioene en die weermag in die

gemeenskap gebring word. Hierdie middele kan gesien word as Westerse dinge wat die Boesmans se lewe en lewensingesteldheid verander. Dit bevat ook steeds 'n element van kolonialisme aangesien 'n sterker kultuur hulle lewens dikteer. Hulle geestelike ingesteldheid word "gekoloniseer" en hulle liggame verwoes. Die Westerlinge koloniseer die Boesman se gees en verwoes sy liggaam. Huger skets aan die verteller wat die implikasies daarvan is:

> "Tsumkwe het in Sodom en Gomorra verander." (105)
> "Hande het uitgereik met note vol geld, dit is vir bottels vol drank geruil [...] Oraloor het besopenes gelê [...] mense was vol bloed soos hulle baklei het [...] Teen 'n muur het vier mans 'n kind verkrag, 'n klein meisietjie wat self so dronk was dat sy nie kon weghardloop nie.
> Ek het al voorheen die meisies hoor vertel van sulke nagte.
> Ek het altyd gedog hulle oordryf, maar die werklikheid was veel erger." (106)

Melita, die dokter, is bekommerd oor die groep Capriviane wat aan 'n grenspos bou en bevriend raak met die Boesmanmeisies:

> "The Caprivi is rotten with Aids!" sê sy. "This is a living time bomb!" (45)

Die vroue van die Stigting lê die oorsaak van die maatskaplike probleme van die Boesmans voor die deur van apartheid:

> "You Boers, supposedly African, what did you do to help?
> All these years of apartheid and what did it bring the Bushmen?
> Nothing al all! Nothing but a lifelong feeling of inferiority." (140

Die verteller is van mening dat die probleme waarmee die Boesmans te kampe het, 'n ander oorsaak het:

> "'En nou, 'n jaar ná onafhanklikheid, het enigiets verander?
> 'n Swart regering wat steeds net sorg waar dit die naaste aan hul eie bas gevoel kan word, die Boesmans hier in die Kalahari alleen gelaat, toeriste-kuriositeite waarmee die minis-

> ters soms hul oorsese gaste kom vermaak? En die ou bietjie werk wat die Stigting hier kom doen het - 'n mislukte beesboerdery, die opkoop van snuisterye: pyle en boë en kralewerk vir die verbygaande toeriste en Windhoekse straatmarkte, die bietjie watervoorsiening wat die nomadiese bestaan ingekort het, die pille wat nou en dan, maar hopeloos ontoereikend, teen malaria uitgedeel word? Was dit nie maar alles ruilhandel waarin die Boesmans steeds aan die kortste end trek nie? Julle antropoloë en filmmakers word in die buiteland beroemd met boeke en films en voorlesings. Die Boesmans, waarmee bly hulle oor? 'n Paar suie twak, drank, vodderige klere om te dra, maar niks meer nie, nog steeds mense van die bos soos dit 'n halfeeu vroeër was." (140)

Dit is ironies dat die verandering wat in Boesmanland plaasvind nie net polities van aard is nie en nie net vooruitspruit uit die onafhanklikheid van Namibië nie. Dit gaan om 'n meer omvattende algemene verandering en ontwikkeling wat onvermydelik is en 'n transformasieproses teweeg bring.

Wat dus duidelik word uit bostaande argumente is dat die Westerse invloed tog besig is om die Boesmans se kulturele identiteit te verander. Om hierdie verandering verder te verduidelik sal Hofstede se ui-diagram weer as illustrasie gebruik word. Die Boesmans se kulturele identiteit is gevorm en ontwikkel om aan te pas by die ruimte waarin hulle leef. Daar is egter 'n duidelike verandering by hulle kulturele simbole, wat volgens Hofstede in die buitenste laag van die ui lê. Hulle kleredrag is hoofsaaklik Westers, baie van hulle praat en verstaan Afrikaans en Engels en hulle wil hulle wend tot die Westerlinge se gewere om te jag. Nêrens is daar sprake van die pyl en boog nie.

Die Boesmans se tradisionele helde, wat in die ui-diagram se tweede laag lê, bestaan hoofsaaklik uit diere, maar hulle verering van Huger

as 'n held spruit duidelik uit sy Westerse vermoëns. Slinger se storie is 'n bewys dat daar steeds verwysings is na die diere se kwaliteite, maar ook dít word deur die Westerse invloede verdring. Dit is opmerklik dat die Boesmans se helde vervang word soos wat hulle kulturele identiteit verander. Die tradisionele rituele van die Boesman is egter steeds in werking in die verhaal, en selfs Huger maak gebruik daarvan.

Die implikasies van hierdie Westerse invloede is dat die Boesmans se kulturele identiteit tekens toon van verandering. Die uiterlike dinge van die waardesisteem is reeds besig om te verbrokkel en daar is tekens dat die grense van hulle waardesisteem verbreek word. Voorbeelde van manifestasies hiervan is hulle sedeloosheid as gevolg van geld en alkohol. Tog is daar sekere dinge wat behoue gebly het. Die belangrike vraag is egter vir hoe lank die kulturele identiteit van die Boesman nog sal kan staande bly voordat 'n nuwe kulturele en individuele identiteit gevestig word.

### 3.6.3 HUGER

As die verteller vir Huger die eerste keer ontmoet, identifiseer Huger homself:

> "Ek is Huger, Bell Huger, beroepsjagter."
> "Dit kom van die Duitse Wilhelm," sê hy effens nors. "My oupa het al die naam gehad. Hy was in Duitsland daarmee beroemd as jagter." (6)

Huger is van Duitse afkoms, maar het hom in Boesmanland kom vestig en skynbaar sy bande met Duitsland gebreek:

> "Verlang jy nooit terug na Duitsland nie?" vra ek. "Jy is so lankal hier in Afrika."
> "Nooit! Ek haat daardie buitelanders soos die pes!" (109)

Oor sy teenwoordigheid in Boesmanland, spreek Huger hom só uit:

> "Kyk, ek is lief vir olifante. [...] Ek sê, vir my is die olifantjag die grootste ding van alles." (98)
> "!Asa is die enigste vroumens wat dit so hier by my sal uithou, dat ek my olifante kan jag. [...] Vir alle ander vrouens sal die beskawing op die ou end terugroep." (108)

Hy probeer sy betrokkenheid met !Asa in perspektief stel:

> "Vroeër het ek gedink daar is net twee belangrike dinge in die lewe, net twee goed wat saakmaak: vroumense en olifant. Vandag weet ek daar is net een ding wat belangrik is: dis die olifantjag! [...] Ek is lief vir die bos en vir die olifante. !Asa is die enigste vroumens wat dit so hier by my sal uithou, dat ek my olifante kan jag." (108)

Waneer Huger se voorkoms beskryf word, is dit duidelik dat hy reeds sy kulturele identiteit begin aflê:

> Tog onderskei sy lengte hom van die Boesmans weerskante van hom. Die Boesmans dra stukkende Westerse klere, halfmasbroeke en baadjies sonder moue; hy 'n velskort en sandale, sy bolyf bruin en kaal. Sy swart hare is byna in sy kopvel in kaalgeskeer. Sy voorkop is pan.[ [...] Om sy nek hang 'n string leeunaels. Op sy linker-boarm is die kop van 'n luiperd getatoeëer, baie professioneel gedoen, 'n swart kop met oop tande en 'n rooi tong. 'n Ou litteken, lank en blink, begin aan die binnekant van sy regterarm, loop skuins oor sy bors deur sy naeltjie en verdwyn by sy velbroek in. (5)

Dit is interessant dat die invloede in *Die olifantjagters* weerskante toe werk. Die Boesmans en Huger is voorbeelde van hoe kulturele invloede op mekaar kan inwerk.

Huger het !Asa gekry as vrou omdat sy 'n weeskind was. Hy het haar geruil vir 'n bottel brandewyn:

> "Sy was maar dié een wat vir my die mooiste was. Sy het ook die beste gedans van hulle almal. So het ons maar met mekaar begin praat en so het die storie begin, né. So het ons lief geraak vir mekaar." (31)

Dit het egter lank gevat om bymekaar aan te pas:

> "Ek kan nie sê sy het net by my aangepas nie. Ek het ook baie by haar aangepas." (31)
> "Ek het baie by haar geleer. Ek het in twee jaar saam met haar meer geleer as in veertien jare skool in Duitsland." (32

Die kommunikasie tussen hulle is nie 'n talige kommunikasie nie, maar eerder lyftaal. Huger sê oor hulle kommunikasie:

> "Ons kom op 'n manier reg." (19)

Dit is egter duidelik dat daar in die verhouding van Huger en lAsa 'n vermenging van hulle kultuur plaasvind:

> "Tog het sy verander. [...] Ek het gesien hoe sy begin om die honde te beskerm as haar broer hulle wil seermaak. Dit is iets wat jy nooit by 'n Boesman sien nie. Dan begin jy agterkom daar is iets van ons kultuur wat deurkom. Jy kan in klein dinge sien hoe sy verander." (31)
> "Maar dis wat ek geleer het, ek het geleer hoe die lewe werklik is. Dat dit maklik is om agter mense te sien. Dat hulle nie deur die reëls wat hulle as kinders geleer is, beskerm is nie. Dit was baie belangrik vir my gewees om dit te besef. Dit het lAsa vir my geleer." (33)

Beide Huger en lAsa beweeg buite die grense van hul waardesisteem as hulle van hulle waardes prysgee om bymekaar te leer en aan te pas.

Op realistiese vlak is die olifant Huger se droom. Reeds as kind het hy 'n obsessie gehad oor olifante:

> "Kyk, ek het as 'n klein kind, jy weet, my ma, ná ek gebore is, sy het dit vir my gegee, ek het so 'n klein olifantjie in my bed gehad." (97) "Soos 'n ander kind 'n teddiebeer het, het ek die olifant gehad." (98)

Later het olifante vir hom 'n objek van vrees geword en hy het angsdrome oor olifante gekry:

> "Dis naby, dis altyd gevaarlik, ek was baie bang. Dit het ek altyd gedroom, so 'n storie, daardie tipe storie. Selfs as grootmens het daardie drome by my gebly." (98)

Huger se obsessie met die olifant word 'n magstryd. Huger wil sy vrees besweer deur die olifante te oorwin. Hy doen dit met die mag waaroor hy beskik en gebruik sy kennis en moderne wapens.

Die redes vir Huger se betrokkenheid by die jag op Maxamesi is onseker. Hy noem self 'n paar redes vir die verteller hoekom hy die olifant wil gaan jag:

> "Dis my eie olifant, my spaargeld vir die toekoms, my pensioen." (99)
> "My baklei met die olifante, die feit dat ek 'n olifantjagter is, wys dat ek die dood soek. [...] Vir daardie ding het ek vir Maxamesi nodig." (102)

Die verteller het ook sy bedenkinge oor wat Huger se werklike beweegredes is om in Boesmanland te bly:

> Ek het gewonder of hy so bly was omdat hy om lAsa se ontwil in Boesmanland sou kon aanbly en of dit die bul self was wat werklik vir hom so baie saak gemaak het. (114)
> Om jou naam as jaggids in wêreldrekordkringe genoem te kry, is 'n status waarna alle safarileiers streef. Huger slyp sy tande vir hierdie geleentheid. (115)

Huger se koms na Boesmanland het rusies en tweespalt tussen die Boesmans gebring:

> Sommige het die voorspoed verwelkom wat sy teenwoordigheid sou bring: 'n geweer, wat meer vleis en beter beskerming teen roofdiere en olifante sou beteken, ekstra kontant in die die kamp vir luukses en drinkgoed, 'n ryding om siekes dokter toe te vat of inkopers winkel toe. Baie ander skop egter verbete teë teen die wit man se teenwoordigheid. (9)

Die gesag wat Huger by die Boesmans afdwing strek tot waar hy die lewe vir die Boesmans 'n bietjie makliker kan maak. Die aansien wat Huger aan lAsa verleen deur haar as sy vrou te neem, word verstewig deur die materiële voordele wat sy van hom af ontvang en met haar vriendinne kan deel. Vanweë die vermenging van die Westerse en Boesmankultuur is hier ook 'n vermenging van die waarde van die abstrakte en materiële dinge.

Die verhouding tussen Huger en die verteller tree sterk na vore en die verteller besluit gou:

> Ek en die olifantjagter vat 'n slingerpad waarop ons nie weer sal terugkeer nie. (9)

Die verteller het hom gou met Huger geïdentifiseer:

> Twee mense wat uit die samelewing gestoot is soos ek en Huger, soos die uitstootbulle van 'n trop, ontwikkel maklik 'n deernis met mekaar. Daarom dat ek my dadelik tot die olifantjagter aangetrokke gevoel het. (44)

Tydens die hofsaak sit die verteller en kyk na die kinders wat by die volwassenes speel:

> Hulle speel oor en onderdeur die volwassenes, klouter op rûe

> skouers sonder dat enigeen hulle daar afboender. Ek kan verstaan dat met soveel geduld geen dier 'n ontkomkans het as dié mense eers op sy spoor is nie. (24)

As die verteller en Huger wag vir kliënte vir hulle olifantjag wat hulle geadverteer het, begin die verteller ongeduldig raak:

> Ek was ongeduldig en wou resultate sien, [...] Huger het hom egter nie laat afsit nie. Hy het reeds die geduld aangeleer waarvoor die Boesmans so bekend is. (155)

Nie net is Huger se motiewe met die olifantjag twyfelagtig nie, maar ook word sy teenwoordigheid in Boesmanland bevraagteken. Dit is moontlik dat Huger 'n woede in hom omdra en dit projekteer op Maxamesi. As kind was olifante vir hom die objekte van sy vrees. Hy bevestig dit nie self nie, maar die verteller wonder:

> Wat kon hom so 'n skrik in die beskawing gegee het dat hy hierheen gevlug het? (22)

Ten spyte daarvan dat hy tussen die Boesmans lewe en selfs 'n Boesmanvrou het, twyfel Huger tog of die ontberinge die moeite werd is:

> "Ek is tog maar net 'n wit Boesman," sê hy wrang. (120)

Tog is Huger tevrede om jaar na jaar die olifante in Boesmanland te agtervolg, mits hy naby lAsa kan wees. Vir Huger is dit die sin van sy lewe:

> "Liewer 'n koning op aarde as 'n kneg in die hemel!
> Dis hoekom ek hierso bly: die koning van Boesmanland, met sy bywyf en sy eie kraal!" (68)

As Maxamesi uiteindelik sterf, kan Huger nie die olifant se tande loskry om saam te neem nie. Wanneer die tande uiteindelik los kom, is dit te swaar en kan hulle dit nie terug dra nie:

> Huger wil egter niks daarvan weet om die tande te los nie: "Ons dra dit, al vrek ons daaronder!" (244)

As lAsa nie die tande kan dra nie, raak Huger buite homself van woede:

> Huger trek inmekaar van woede, sy hande in twee kloue voor hom uit geklem. Hy skree in 'n hees en onherkenbare stem op haar: "Staan op, jou bliksem! Staan op!" (244)

Dit is duidelik dat Huger nie meer by sy sinne is nie, dat hy die stryd teen die olifant verloor het. Hy dwing die verteller en lAsa om die tande in 'n bos te versteek as hy besef dat hulle dit nie verder gedra sal kry nie.

> Bedags vat Huger die geweer en dwaal ure lank in die veld rond, [...] Hy het opmerklik ouer geword in die laaste tyd. [...] Nou is die hare lank en wild, windverwaaid en gefril soos van 'n ou man. Die kepe om sy oë het dieper geword, sy mond-hoeke swaarder en meer onvergenoegd. (246)
> Dit is asof hy vir iets wag om te gebeur, iets wat hom van die tande sal verlos waaraan hy nou so onlosmaaklik gebind is. (247)

Wanneer Huger besef dat hy vir lAsa verloor het en hy die stryd teen Maxamesi verloor het, pleeg hy selfmoord en die verteller glo

> Dit is die olifant wat vergeld het. (249)

Bostaande bespreking toon aan dat ook Huger se identiteit herdefineer

word as gevolg van sy saamleef met die Boesmans. Hofstede se ui-diagram kan hier weer gebruik word om te illustreer hoe Huger van sy kulturele waardes aflê. Huger het ontslae geraak van die simbole van die Westerse beskawing as hy 'n velskort, wat tipies van die Boesmans se kleredrag is, dra. Soos vir die Boesmans is die olifante vir hom helde, maar hy moet sy helde die stryd aansê en hiervoor gebruik hy sy kennis. Die olifante word egter vir hom 'n obsessie. Huger smeer van die boomwortel aan sy horlosiegespe, wat 'n gebruik van die Boesmans is. Dit is 'n teken dat hy reeds van die Boesmans se rituele gebruik maak. Ook het hy reeds die geduld van die Boesmans aangeleer.

Al het Huger lAsa as vrou gevat, het sy Westerse waardes en vooroordele nog nie radikaal verander nie. Hy distansieer hom tog nog van die Boesmans as hy sê:

> "Dat mens bliksemswil jou tyd met dié mense mors!" (24)

Huger dra Boesmanklere, maar as die buitelandse jagters kom jag, trek hy weer sy Westerse klere aan:

> Huger kom nader: kakiehemp en -broek, 'n kortmou-baadjie met baie sakke, gestikte lussies gevul met 'n ry stompneus geweerpatrone [...] (46)

Huger kan hom nie losmaak van die olifanttande nie. Vir hom is die tande reeds geld werd en as hy besef dat hy hulle verloor het en verder nog ook vir lAsa, knak hy finaal. Dit is duidelik dat Huger se waardesisteem nog oorwegend Westers is. Vir hom is Boesmanland, en ook lAsa as sy vrou, slegs middels tot sy doel om die groot

honderdponder te kry.

### 3.6.4 SLINGER

In Hofstede se diagram (hoofstuk 3, figuur 2) van die mens se kulturele vlakke is Slinger se algemene menslike eienskappe dié van oorlewing, oorwinning en liefde. Vanweë die ruimte waarin hy grootgeword het en leef, kan Slinger spoorsny en weet hy hoe om te oorleef in die veld. Na Slinger se dood besef Huger en die verteller dat hulle nie sonder Slinger die pad terug sal kry na die tande toe nie:

> Alleenlik Slinger sou dit weer vir ons kon kry - vir hom was die veld 'n boek, plekke herkenbaar soos bladsynommers. !Asa kan ons nie help nie; sy is 'n vrou en nie vir die jag gemaak nie. Ek en Huger is albei te beskaafd om die veld te kan lees. (231)

Ten spyte daarvan dat Slinger aangetrokke voel tot die Westerse beskawing en reeds die invloed daarvan benut, het hy nie die oerinstinkte wat in sy gene is, verloor nie. As Lloreda 'n olifant skiet, is Slinger uitgelate:

> Slinger sit met 'n wydoop mond en glimlag. Vir hom is sukses ongekompliseerd. (89)

Dit is deel van die Boesmankultuur om bly te wees as daar gejag word omdat dit vir die Boesmans beteken dat daar weer kos is. Van die sinloosheid van die jag wat die verteller ervaar, is daar by die Boesmans nie sprake nie.

Slinger is die Boesmanspoorsnyer, maar dra die tekens van die invloed van die Westerse beskawing waarmee die Boesmans reeds kennis

gemaak het. As die verteller vir Slinger die eerste keer sien, het hy vuil weermagklere aan met twee rangstrepe op sy mou:

> Hy het nog steeds die houding van 'n korporaal gehad. Daar was 'n hele string amateuragtig getrekte tatoeëermerke op sy arms: rose, harte, doodshoofde, 'n AK-47 in 'n vuis, onherkenbare name. (7)

In kontras hiermee dra Huger 'n velskort en sandale. Sy tatoeëring is 'n luiperdkop wat baie professioneel gedoen is. Die wedersydse beïnvloeding blyk duidelik uit hierdie kontras.

As die buitelandse jagters kom jag, is dit opvallend dat Huger en Slinger weer hulle rolle omruil en weer die simbole van hulle kulturele waardes aanvaar. Huger het

> [...] nou sy Boesmanvelle afgegooi, sy geweer geolie en vir die jagseisoen in sy rondawel in die jagkamp ingetrek [...] (49)
> Vir sy professionele beeld gedurende die jagtyd dra hy nie sy Boesmanklere nie, maar 'n kakiepak met kortbroek en lang sokkies, die breë hoed op sy kaalwordende kop. (90)
> Slinger is vanaand die kelner. Tegelyk tragies en komies in sy springbokvelskorte, kwyt hy hom goed van sy taak, al lyk hy ook hoe uit sy aard uit. (51)

Slinger is 'n voorbeeld van iemand wat nie net die invloed van die Westerse beskawing tot sy voordeel wil aanwend nie, maar by wie daar ook verwarring ontstaan:

> "Ek is Slinger. Ek was kopperaal in 203 bateljon. Leen my tien rand." (7)

Slinger is bewus daarvan dat sy kontak met die weermag aan hom status verleen, nie net tussen die Boesmans nie maar ook by die blankes. Dit is egter te betwyfel of Slinger regtig belang gehad het by

die motivering vir die oorlogvoering waarby hy betrokke was. Vanweë Slinger se instinkte as Boesman wat goed kan spoorsny, is hy deur die Suid-Afrikaanse Weermag gebruik in die oorlog waarvan hy as Boesman niks verstaan het nie en waaruit hy ook nie kon voordeel trek nie.

Die betreding van die Westerling van die leefwêreld van die Boesman het die Boesmans verwar. Die invloede wat die koms van die Westerling saam met hom gebring het, het hulle lewens onherroepelik verander. Slinger het deur sy betrokkenheid met die weermag 'n wanpersepsie van die waarde van geld. As gevolg van hierdie magtelose navolging van die Westerse invloede en verleidinge, is daar 'n definitiewe verlies van kulturele identiteit by hom. Die olifante is deel van die Boesmanlewe en figureer in hulle sprokies. Daar is met respek na die olifante verwys, byvoorbeeld in die sprokie wat Slinger vertel oor die olifant se wysheid, (190) maar nou het Slinger 'n ander siening:

> "Ons het hulle nooit probeer doodmaak nie, al die jare wat ons saam met die olifante gelewe het nie. Maar nou sal ek hom doodmaak, dit is baie geld wat daar loop: tweehonderd rand, miskien nog meer." (139)
> "In die army, toe ek by 203 was, het ons baie olifante dood-geskiet." (96)
> "Ek verkoop die tande vir honderd rand aan die Herero's en suip alles uit!" (97)

Indirek verwys Slinger na die tyd voor die Westerse invloede na Boesmanland gekom het en bevestig dan die verandering in sy siening na die kontak met die Westerse ontwikkeling. Hierdie teenstrydighede spreek duidelik van die verwarring wat by die Boesmans te bespeur is.

Ten spyte daarvan dat Slinger tog aangetrokke voel tot die Westerse invloede, is sy kulturele eienskappe steeds teenwoordig. Dit is dan hierdie instinkte om te kan spoorsny van Slinger wat deur die Westerse jagters uitgebuit word. Slinger stap willoos saam met die jagters agter die olifant aan en lei die jagters agter die olifant aan tot waar die olifant doodgeskiet word. Dit blyk dat Slinger vir die Westerlinge bloot 'n instrument is om hul doel te bereik. Slinger het geen belang by die olifant nie, maar hy moet die jagters na die olifant toe lei en hulle help om te oorleef in die bos.

### 3.6.5 lASA

Die skrywer-verteller slaag daarin om in lAsa se vrouwees die misterie wat in die verhaal teenwoordig is, uitbeeld. lAsa word uitgebeeld as volkome onvoorspelbaar, primitief, manipulerend, lewegewend en terselfdertyd vernietigend. Saam met Maxamesi kan lAsa beskou word as die protagonis van die verhaal. lAsa en Maxamesi is naamlik die verteenwoordigers van Afrika. Hierteenoor staan die Westerlinge, wat as antagoniste die Westerse kultuur wil aanwend om die primitiewe Afrika-wêreld te koloniseer en beskaaf te maak.

Huger het vir lAsa as vrou gekry omdat sy 'n weeskind was en:

> "Sy was maar dié een gewees wat vir my die mooiste was."
> "So het ons lief geraak vir mekaar." (31)

Vir die Boesmans, vir wie ruiltransaksies deel is van hulle kulturele rituele (hoofstuk 3, figuur 3), is dit aanvaarbaar dat Huger vir lAsa se oom 'n bottel brandewyn aanbied in ruil vir haar:

"daar is min wat 'n bottel brandewyn nie regkry nie." (22)

Vir die Boesmans, wat reeds onder die Westerse invloed kennis gemaak het met alkohol, is die bottel drank deel van die lekker dinge wat saam met die Westerse leefwyse na Boesmanland toe gekom het. Hiermee het Huger sy aanvaarbaarheid tussen die Boesmans bevestig en daarom word lAsa beskou as sy paspoort om tussen die olifante te bly. Huger som dit só op:

> "Dis hoekom ek hierso bly: die koning van Boesmanland, met sy bywyf en sy eie kraal!" (68)

Al kan lAsa en Huger nie in taal kommunikeer nie, het hulle 'n goeie verstandhouding:

> "Ons het baie probleme gehad aan die begin. [...] Ons het baie lank gevat om mekaar te verstaan. Ek praat nie van die woorde nie, ek praat van om te verstaan hoe die ander mens werk, nè. Ek kan nie sê sy het net by my aangepas nie. Ek het ook baie by haar aangepas." (31)

Beide Huger en lAsa breek deur hulle kulturele grense as hulle betrokke raak by mekaar. Hulle kan nie deur taal kommunikeer nie en daarom leer hulle mekaar ken deur die simbole en rituele wat deel is van elkeen se kultuur.

lAsa, wat bewus is van die krag van haar vroulikheid, wend dit subtiel aan om die verteller in haar mag te kry en hy raak reddeloos verlief op haar. Die feit dat die verteller homself met Huger identifiseer, sin soek in sy bestaan in Boesmanland, eensaam is en "weke sonder vroue in die bos is" (11), maak hom weerloos teen lAsa sodat hy later aan Huger sê:

"Jy het 'n mooi vrou" (108).

Al is lAsa 'n primitiewe Boesmanmeisie en nog baie jonk, word haar seksualiteit deur die Westerse mans hoër geag as dié van die wit vrouens wat saam met hulle in Boesmanland is. As Greller se vrou haar opdring aan Huger, wys hy haar af. Die drie vrouens wat vir die Stigting werk, staan Huger nie aan nie:

> "Met geen vroulikheid, geen seksualiteit in hulle nie. Nee, dankie, nie vir my nie." (108)

Dit volg uit Huger en lAsa se verskillende kulture dat daar ook 'n verskil in hulle onderskeie waardesisteme sal wees. In terme van Hofstede se ui-diagram (hoofstuk 3, figuur 3), sal die simbole en rituele van lAsa en Huger verskil omdat hulle waardesisteme in verskillende kulture gevorm is. Huger sê self "'n Boesman sien dinge anders as wat 'n blanke" (31) dit sien.

As Huger sê: "Ek kan nie sê sy het net by my aangepas nie. Ek het ook baie by haar aangepas" (31), is dit duidelik dat kultuur nie hermeties afgeseël is in 'n bepaalde kulturele identiteit nie. Omdat kultuur eerder as 'n geestesingesteldheid beskou kan word en dit nie oorgeërf kan word nie (hoofstuk3, figuur 2) is dit vanselfsprekend dat kulture individue wedersyds kan beïnvloed.

Dit word duidelik dat lAsa se krag in haar vroulikheid lê. Sy besluit self watter man sy wil hê en behoort uit haar eie keuse aan hom - eers aan Huger en daarna aan die verteller. Dit is opmerklik dat lAsa, getrou aan haar Boesmanwaardes om die sterkste man lief te hê, getrou aan Huger bly terwyl hy prominent figureer tydens die jagtog. As

Maxamesi dood is en Huger nie as die oorwinnaar daarvan afkom nie, wend sy haar tot die verteller wat nog by sy sinne is en niks het om te verloor nie.

lAsa is in 'n groot mate die stukrag agter die jaggeselsskap wat jag maak op Maxamesi. Sy kan as 'n hoofkarakter beskou word in die verhaal. (Sien hoofstuk 4 (4.8.2.6) vir 'n uitvoerige bespreking van die manier waarop lAsa mag het en dit gebruik.) In kontras met Maxamesi wat die jagters verder in Afrika in lei, is lAsa die een wat agter die jagters aanloop met 'n bondel beskawing op haar rug:

> "die komberse was 'n hoogs sigbare bondel beskawing in 'n omgewing waarin ons juis onsigbaar moet wees" (22).

Net soos die ander karakters in die verhaal, het ook lAsa 'n onderliggende woede in haar. lAsa is geneë om agter die Westerlinge aan te loop in die ongereptheid van Afrika in, sy sorg dat daar kos vir hulle is, sy voorsien in Huger se behoeftes en later in die verteller s'n, en op haar woordelose manier sorg sy tog vir warmte in die geselskap. Die wraak van Maxamesi is ook lAsa se wraak en net soos Maxamesi 'n simbool van Afrika is, is lAsa met haar primitiewe ingesteldheid ook 'n simbool van Afrika. Dit is moontlik dat die woede wat lAsa in haar dra, gerig is teen die teenwoordigheid van die Westerlinge in Afrika. Nie net is hierdie teenwoordigheid van die Westerse beskawing se vreemde invloede 'n bedreiging vir haar kulturele identiteit nie, maar sy word as vrou ook uitgebuit. Huger het lAsa gekry as sy vrou en hy erken self:

> "As lAsa nie 'n weeskind was nie, sou ek haar nooit gekry het

nie." (22)

Haar waarde as mens is so min geag dat sy vir 'n bottel brandewyn geruil is. Dit is verstaanbaar dat sy as mens tog 'n innerlike woede sou dra dat sy vir Huger slegs van waarde is om sy seksuele behoeftes te bevredig en ook om as sy paspoort te dien om tussen die olifante te wees. Net soos Maxamesi die jagters tydens die jagtog na die water toe lei, vir hulle heuning ooptrap en deur instinkte om die gevaar lei, is lAsa ook daar om vir die jagters tydens die jagtog kos te versamel en voor te berei. Dit is opmerklik dat lAsa en Maxamesi deel is van 'n mag wat die jagters na vernietiging toe lei. (Hierdie gesamentlike mag word uitvoeriger bespreek in hoofstuk 4.)

Ten spyte daarvan dat lAsa en die verteller nie mekaar se tale kan praat nie, kommunikeer hulle met lyftaal en gebare. Dit is vreemd omdat kommunikasie belangrik is in enige verhouding. Wat die verteller van lAsa leer, kan ook nie in woorde vasgevang word nie. Dít is verhewe bo taal en blywender as enige talige kommunikasie.

lAsa vergesel die verteller nie net op sy tog terug na die beskawing nie, maar ook sy reis na sy dieper self waar hy verlossing in die vorm van die Christelike nagmaalboodskap vind. As primitiewe vrou en primitiewe mens help lAsa die verteller om 'n geestelike verlossing te vind. Tydens die verteller se trans-ervaring herontdek die verteller die natuurlike aardse kragte deur lAsa wat na aan die natuur leef:

> lAsa was die een. Sy het my ingeloop toe ek alles reeds oorgegee het. (261)
> Ek verbeel my dat sy wydsbeen oor my kom hurk, haar skort lig. Iets warms loop in my mond in, souterig.
> Ek het gesluk en gelewe. (262)

> Elke keer was ǀAsa daar, 'n koel, donker skaduwee onder dieselfde boom as waar ek lê. (263)
> ǀAsa se water laat my genoeg herstel om regop te kan sit. (263)

ǀAsa hou die verteller aan die lewe. Vir haar is dit 'n kwessie van oorlewing:

> Sy wil my laat opstaan [.. Sy vat my aan die hande en begin my sleep. (262)
> As ek wil val, vryf sy my bene met haar klein vingertoppe; ek wat oor haar skouers hang, totdat die lewe stadig na hulle toe terugkeer. (263)

Die verteller ervaar herlewing egter as 'n Christelike religieuse belewenis:

> "Ek is baie honger," sê ek tussen my geskeurde lippe deur. Sy vat 'n stok en woer dit tussen die duiwe in. (265)
> Die klein ǀAsa kry nou genoeg van die gespelery met my oë en laat val die eerste druppels bloed in my neusgate.
> Ek kan voel hoe die bloed damp word in my longe [...] hoe my hele liggaam daarmee deurspoel word. (268)
> "Skoongewas. Skoongewas," sê die stem. "Alles weer skoongewas." (270)

Die verskillende rituele van elke kulturele identiteit word verskillend geïnterpreteer en verstaan, juis omdat dit in verskillende waardesisteme geplaas en daarom verskillend vertolk word. Dit is in hierdie simboliek van die verhaal wat ǀAsa die grense van haar primitiewe wysheid oorskry en as vrou en bemiddelaar figureer. Hierdie wêreld wat ǀAsa as vrou betree is die erkenning van haar innerlike krag. Sy dra daartoe by dat die verteller se manlikheid en innerlike krag herwin word.

### 3.6.6 VERTELLER

In die volgende afdelings word gefokus op die verteller in die roman. Die verteller as fokalisator word bestudeer (3.6.6.1) en daar word aangetoon hoe hy homself identifiseer (3.6.6.2), wat sy verhouding met die Boesmans is (3.6.6.3), wat sy verhouding met Huger is (3.6.6.2) en wat sy verhouding met lAsa is (3.6.6.5). Laastens word sy skuld (3.6.6.6) en sy innerlike ontdekkingstog (3.6.6.7) bespreek.

#### 3.6.6.1 DIE VERTELLER AS FOKALISATOR

In die roman *Die olifantjagters* is 'n ek-verteller aan die woord. Hy is ook die fokalisator wat verslag doen van die verhaalgebeure in die roman. Die verteller, wat 'n skepping van die implisiete outeur is, is die instansie wat as't ware vir die implisiete outeur instaan om verslag te doen oor die gebeure in die verhaal. Die verteller, wat as die interne verteller optree, deur ook op te tree as 'n karakter in die verhaal, doen verslag van die verhaal net soos dit deur sy oë waargeneem word. Gevolglik is die leser aangewys op die verteller se weergawe van die gebeure.

Die verteller beskik as karakter in die verhaal oor geen mag nie, maar omdat hy weergee wat hy vermoed, aanvoel, waarneem en bespiegel, en na gerugte luister omdat hy nie alwetend is nie, beskik hy oor mag in die vorm van vertel. Dié vertelwyse impliseer dat hy die karakters en gebeure kan omvorm soos wat hy dit wil hê. Hierdie beperkte vertelwyse impliseer dat die inligting wat die verteller weergee, deur die gees van die outeur tot stand gekom het en dat die manier waarop hy daarvan te wete kom en hoe hy dit ervaar, deel van die verhaal

is (Van der Merwe & Viljoen, 1998:133).

### 3.6.6.2 DIE VERTELLER IDENTIFISEER HOMSELF

Die verteller onthul homself as Huger hom op Afrikaans groet:

> Aan my gelaatstrekke en my houding het hy my as 'n Afrikaner herken. (5)

Stelselmatig verstrek die verteller tog 'n bietjie besonderhede oor homself wat by die leser slegs vermoedens laat ontstaan. Met sy koms na Boesmanland wou die verteller van alles wegvlug, ook van homself:

> Hier in Boesmanland is ek 'n skip op die diepsee, losgeseil van alle ankers en hawens. Dit is wat ek hier kom soek het: om toe te laat dat die wind my saamvat soos hy waai. [...] My koms na Boesmanland is seker maar 'n poging om weg te kom van alles wat my in die beskawing aan myself herinner. (41) Ek het geen testament of versekering nie; net my eiewil en my bereidwilligheid om die noodlot te tart. Ten minste is ék vry van bagasie. Net my verlede lê agter my, en ek probeer my bes om dié agter te laat. (66)

Daar is egter wel by die verteller 'n besef van verbondenheid aan ander:

> Tog kan ek nie wegkom van die feit dat geen mens 'n eiland, volledig in homself is nie, maar altyd deel van 'n vasteland, van 'n groter geheel. (41)

'n Enigmatiese ruimte omhul die verteller en sy standpunte wat hy doelbewus behou. Hy swyg oor sy verlede, maar deur te vertel kry hy mag. Volgens Paul Ricoeur (1991:77) kan die probleme wat ontstaan in verband met persoonlike identiteit in die narratief, deur middel van die narratiewe identiteit opgelos word:

> The act of telling or narrating appears to be the key to the type of connectedness that we evoke when we speak [...] The problematic of connectedness, of permanence over time, or, in short, of identity, finds itself raised to a level of lucidity and also perplexity in fictional narratives that is not achieved by stories immersed in the course of life.

In die fiktiewe wêreld van die narratief is dit moontlik om ten spyte van en selfs in terme van teenstrydighede identiteite te skep. Op dié manier word die identiteitsproblematiek skerper in reliëf geplaas as wat dit in die werklikheid moontlik is.

Al het die verteller in die verhaal geen mag as karakter nie, verkry hy die mag van die diskoers omdat hy vertel. Foucault (1992:1137) sê dat die mag van die diskoers nie geleë is in die analise van wat gesê is en wat nie gesê is in 'n verhaal nie, maar "[...] discourses are transparent, they need no interpretation, no one to assign them a meaning". Die verteller se mag lê daarom nie in wat hy vertel of suggereer in die verhaal nie, maar in die feit dat hy wel vertel.

**3.6.6.3 DIE VERTELLER SE VERHOUDING MET DIE BOESMAN**

Die verteller staan tussen die inheemse Afrikane en die Westerlinge aangesien hy 'n Afrikaan van Westerse afkoms is. Hy ken beide wêrelde en bly so 'n tussenfiguur. Die Boesmans verteenwoordig die natuur en Afrika waaraan hulle onlosmaaklik verbonde is. Nogtans sien die Boesmans die verteller as 'n verteenwoordiger van die Weste wat wil indring in Afrika. In teenstelling met die Boesmans wat in Afrika kan oorleef danksy hul oergene wat hulle in hulself dra, gaan die verteller byna ten gronde ten tye van die jagtog. Tog oorleef die verteller die jagtog omdat hy die geleenthede wat oor sy pad kom,

gebruik.

Die verteller identifiseer homself verder as hy sê:

> Die Stigting het my in diens geneem hoofsaaklik om na die beesboerdery van die Boesmans en na die tuine om te sien. (8)

Hy het egter sy bedenkinge oor die sukses van die projek:

> Dalk het ek gou al besef dat ek besig is met 'n verlore saak: die hindernisse is net eenvoudig te veel. Die natuur is vyandig; die Boesmans se eie kultuur is die beesboerdery vyandiggesind - dit kan net nie werk nie. (43)

Hy deel nie in die optimisme van die Stigting om die Boesmans te help onwikkel nie en dink:

> "Ek is onwillig deel hiervan." (8)

As die verteller 'n jagprojek van stapel wil stuur vir buitelandse toeriste sodat die Boesmans die uiteindelike voordeel daaruit trek, is hy onseker oor sy persoonlike motiewe met die jag:

> 'n Werklike bemoeienis met die Boesmans en hulle lot?
> Ek kan my eie motiewe nie werklik peil nie. (37)
> Die ironie is dat daar 'n duisend Boesmans, siek en gesond, mooi en lelik, oud en jonk, in Boesmanland is, maar net een Maxamesi. Nou wil ek die laaste honderdponder laat jag om vir 'n groepie verwarde Boesmans 'n beter lewe te probeer skep. 'n Skewe soort opoffering! (141)

Die verteller se gevoel teenoor die Boesmans is ambivalent. Hy openbaar 'n paternalistiese houding as hy sê:

> Ek besef skielik wat dit vir die Boesmans kan beteken as so 'n bul ontgin word. (99)
> "Herr Greller, ek dink jy het genoeg hier uitgetap om 'n slag oor te gee aan die mense vir wie dit werklik toekom. Ons is seker-

lik van plan om hulle op te lei. Hulle sal vorentoe die nut van bewaring besef." (146)

Tog is die opheffing van die Boesmans vir die verteller bykans onmoontlik:

> Ek kan haar al met haar heserige stem en groot oë voor die landdros sien "Ja" en "Nee", haar geel lyf wat deur die dun materiaal van die trourok wil skyn; lAsa in 'n tiervelbikini op die strand, kort-kort aan die dreig om die irriterende bostuk af te pluk. (30)

Die verteller koester selfs rassistiese gedagtes:

> Daar is niks nostalgies aan hul persepsie van die skoonheid waarin hulle leef nie, slegs die ongenaakbaarheid van 'n harde werklikheid. Dalk is Greller reg as hy die Boesmans roof-diere noem. (116)

Hy verontskuldig homself egter tog as hy iets van sy eie storie laat deurskemer:

> Ek self is geen rassis nie, ten spyte van die feit dat ek in 'n rassistiese volk gebore is. (44)

Alhoewel nie aangetrokke tot die Boesmans as sodanig nie, voel die verteller baie aangetrokke tot wat hulle is en wat hulle weet:

> Die wonder van vuur! Ek twyfel of Slinger besef wat hy nou so argeloos skep. (194)
> In my onbewuste skaar ek my seker by kop-analiseerders soos Jung wat glo dat die primitiewe rasse soos die Boesmans iets uit ons onskuldige pasgeskape natuur oorhou waarna ons kan teruggryp as die ontgogeling te dringend raak. Hulle is die primitiewe spoorsnyers wat ons moet leer om die vae spore van ons verlore self te sny. (43)

Jung se teorie wil dit hê dat die ondervindings van baie geslagte patrone in mense se psigiese samestelling neergelê het. Die

oorkoepelende kollektiewe onbewuste bied dan 'n verklaring vir die verskynsel dat verskillende kulture sonder wedersydse beïnvloeding aan dieselfde patrone in hulle mites, simbole en rituele uitdrukking gee. Die oerpatrone wat in die mensdom se gemeenskaplike onbewuste ingebed is, tree steeds as belangrike rigtingwysers op. (Theron, 1982:356.)

Die verteller se teenwoordigheid in Boesmanland berus, soos vir die ander Westerlinge, op persoonlike belang en dit is duidelik dat die Boesmans se welvaart van sekondêre belang is:

> Dalk sal dit aan my bestaan in Boesmanland ook sin gee. (34)
> Dit is al wat nog aan my verblyf in Boesmanland sin gee:
> ons plan met die olifante. (94)

As Christine die verteller konfronteer oor sy teenwoordigheid in Boesmanland, verweer hy homself:

> "Ons is tog almal maar net vlugtelinge wat hier kom hawe soek het [...] Dit is nie een van ons se woonplek dié nie." (38)
> "Die plek is vir my mooi. Glo my dat ek my redes het om hier te wees." (39)

Tog is hy self onseker oor die eerbaarheid van sy teenwoordigheid tussen die Boesmans en nie werklik hulle welvaart op die hart dra nie:

> Hier is ek nou, meer ontwortel nog as die olifantjagter, met geen vrypas om hier te wees nie, behalwe in naam van 'n vaag gedefineerde begrip van ontwikkeling, medemenslikheid, regverdigheid, goeie trou. (9)

Hierby het die verteller Boesmanland toe gekom met vooropgestelde idees:

> Ek het in my onbesonnenheid gehoop dat hulle my met oop arms sou aanvaar. (43)

Die Boesmans en hulle rituele bly vir die verteller egter vreemd, hulle

> wat hulleself in 'n trans kan indans om met die geeste te gaan praat, wat dit regkry om dae lank sonder kos of water te leef [...] wat die spoor bonatuurlik kan sny, wat onverbiddelik op jag is. (43)

Die verteller is bewus van die Boesman se wantroue in die Westerlinge:

> Ek het my ver misreken. Die Boesman vertrou my nie. Hulle het soveel jare van uitbuiting deurgegaan dat hulle nie simpatie het met een wat sy lewensmoegheid by hulle wil kom afdoen nie. (44)

Die verteller is baie bewus van die kompleksiteit van die verhouding tussen die Boesmans en die Westerlinge. Hy ontsien homself nie en erken die ondertoon van selfsug in sy betrokkenheid by die Boesmans. Hy gee toe dat sy motiewe nie altyd eerbaar is in sy verhouding met die mense in Boesmanland nie en erken dat sy teenwoordigheid in Boesmanland vir eie belang is.

### 3.5.6.4 DIE VERTELLER SE VERHOUDING MET HUGER

Die verteller bly deurgaans 'n persoonlikheidslose wese wat deur Huger en lAsa gedefinieer word. Die verteller se aangetrokkenheid tot Huger kan gesetel wees in verskeie moontlikhede:

1. Huger gee erkenning aan die verteller se Afrikanerskap met 'n gedeeltelike Westerse afkoms:

> Ek kan weer 'n slag Afrikaans praat, nie die moeisame Engels waarmee ek met Christa en Christine moet stoei nie. (34)
> daar is punte waar ek vir jou meer vertrou. Jy is van hierdie land, dit is 'n heel ander ding. Jy is 'n mens wat nou ook maar lief is vir die jag. (112)

2. Huger ervaar 'n geborgenheid tussen die Boesmans in die onherbergsaamheid van Afrika, iets wat die verteller ook graag sou wou ervaar. Die verteller het gehoop dat hy dit sou ondervind, maar hy weet dat hy nog nie deur hulle aanvaar word nie. Huger woon tussen die Boesmans:

> "Ek bly in die tussentyd met my vrou in my woonwa en hou die jagkamp van hier af in stand." (11)
> "Dahm [...] het my uitdruklik self plek gegee om te bly: 'Daar kan jy jou huis opsit'." (22)

Die Boesmans het selfs vir Huger 'n vrou gegee:

> "Ons het hierdie man 'n vrou gegee omdat hy aangehou het en omdat hy alleen was." (23)

In teenstelling hiermee voel die verteller:

> Ek het in my onbesonnenheid gehoop dat hulle my met oop arms sou aanvaar. (43)
> Ek het my ver misreken. Die Boesmans vertrou my nie. (44)

3. Huger het net soos die verteller Boesmanland toe gekom om daar te kom wegkruip:

> Wat kon hom so 'n skrik in die beskawing gegee het dat hy hierheen gevlug het? (22)

4. Huger se kennis van olifante, olifantjag en die Boesmans, maak nie net die verteller bewus van sy eie onkunde oor olifante nie, maar dwing respek af by die verteller:

> "Jy het te veel geleer om maar net vir Greller te werk." (33)

5. Huger aanvaar die verteller onvoorwaardelik sonder om agterdogtig te wees oor sy motiewe vir sy teenwoordigheid in Boesmanland:

> Hy laat my altyd tuis voel met sy hartlikheid [...] Hier is 'n man wat my aanvaar omdat ek hom met sy Boesmanvrou en al aanvaar, sonder om te veel vrae te vra. (34)

6. Die verteller aanvaar Huger as mens, maar sy toegeneëntheid is nie uitsluitlik op Huger gegrond nie. lAsa se teenwoordigheid laat die verteller se menslike waardes verkrummel. Vir hom is Huger se verbintenis met lAsa nie uitbuiting nie en hy verdedig Huger se verbintenis aan lAsa:

> "Hy is tog sekerlik 'n man met 'n man se behoeftes." (39)

Tog twyfel die verteller soms oor Huger:

> Wat het ek nou eintlik van Huger geweet - die bietjie wat hy my self vertel het? En selfs dit, was dit nie net grootpratery nie, 'n front van bravade waaragter 'n bang hart skuil? Ek meen, selfs sy Boesmanvrou, al sy redenasies oor liefde, oor die feit dat sy by hom pas, dat 'n wit vrou nie saam met hom die bos sou ingaan nie? Was dit nie ook maar alles blote lafhartigheid, 'n vrees om 'n vrou op haar gelykwaardige vlak die hof te maak nie? (246)
>
> Ek het gewonder of hy so bly was omdat hy om lAsa se ontwil in Boesmanland sou kon aanbly en of dit die bul self was wat werklik vir hom so baie saak gemaak het. (114)

In teenstelling met Huger se eerlikheid, is die verteller nie heeltemal eerlik in sy motiewe nie, en hy erken dit:

> Ek is nie heeltemal eerlik met hom nie[...] (55).
> Ek het 'n voorwendsel gehad vir die besoek: kamtig iets oor die foto's. (56)

As die verteller uitvind van Huger se "vrou van hoeka", wil hy meer van Huger se verbintenis met haar weet want indirek raak dit Huger se verhouding met ǀAsa, wat vir die verteller belangrik is:

> As daar 'n "vrou van hoeka" is, moet daar meer agter ǀAsa sit as blote gerieflikheid, as bloot 'n slaapmaat. (56)
> Huger het my in al groter mate gefassineer en ek wou alles van hom weet. (56)

Tog verontskuldig die verteller homself nie en hy vestig die aandag telkens op sy eie onvermoë om te voldoen aan die eise wat hy aan ander stel. Hy twyfel soms aan sy eie persoonlike waardes:

> Maar wie is ek om waardes te kom stel? Ek het my eie waardes nie eens vasgelê nie. (44)

Afgesien daarvan dat die verteller aangetrokke voel tot Huger omdat hulle baie in gemeen het, identifiseer die verteller hom soms met Huger:

> 'n Bewing trek deur my lyf. Huger praat presies soos ek wil hê hy moet. Dit is asof dit ek is wat voorheen al so wou praat, maar nooit die woorde gehad het om my uit te druk nie. (102)
> Ek sien myself in Huger voor my gespieël [...] (208)
> [...]angstig om iets van myself by hom te leer [...] (97)

Uit bostaande bespreking is dit duidelik dat die verteller baie bewus is van die kompleksiteit en meervoudigheid van sy verhouding met ander

mense. Hy gee inligting, bespiegel daaroor en ondermyn dit dan. Kapp (1991:1) voer aan dat geen mens net een identiteit het nie en dat die identiteit van 'n individu nie vas en afgebaken is nie, maar dat dit 'n uiters komplekse saak is. Daar kan daarom afgelei word dat nie net die verteller nie, maar ook die ander karakters in die verhaal, onwillekeurig 'n proses van identiteitsverandering ondergaan as gevolg van die nuwe invloede wat in die Boesmangemeenskap is.

### 3.6.6.5 DIE VERTELLER SE VERHOUDING MET IASA

Die verteller se verhouding met lAsa is besonder interessant. Reeds van die begin fassineer lAsa die verteller. lAsa se fyn spel, vroulike lis "[n]á weke sonder vroue in die bos" (11), sy behoefte om sin te hê in sy bestaan in Boesmanland asook Huger se opmerkings oor lAsa se vroulikheid, maak die verteller weerloos teen lAsa se aanslag en hy raak reddeloos verlief op haar.

Die verteller is deurgaans bewus van lAsa se teenwoordigheid:

> Met haar blink oë loer lAsa na my oor die rand van haar beker. (14)
> Sy steek haar hand onder sy [Huger] hemp in en knyp sy heupvel. (24)

In die winkel sien die verteller lAsa se ronde boudjies raak:

> Saam met die res staan ek my oopmond en verwonder aan haar vermetelheid, te geamuseerd om kwaad te raak. (28)

As lAsa en haar vriendinne die nag saam met die verteller in die bos moet oornag, dink hy:

> Die veld is skielik minder onherbergsaam. Dit voel nie onge-

woon lank om heelnag so te sit nie. (29)

Huger en lAsa se bewegings en geluide "bring warmte en besweer die alleenheid" (31).

Hoe dieper die jaggeselskap in Afrika in beweeg, hoe meer voel die verteller aangetrokke tot lAsa:

> Net die twee vroue is saans vars en steeds mooi [...]
> Ná 'n dag van stap [...] sien ek uit na hulle koms [...] (183)
> lAsa is vanaand besonder mooi in die lig [...] (194)
> lAsa is gedurig agter ons. (209)

As die verteller sê: "Ons sal ons lewens indeel in die tyd voor die olifant en die tyd ná die olifant," (230) is dit ook van toepassing op sy verhouding met lAsa. Namate die tyd verbygaan terwyl hulle moet wag vir die tande om los te kom, raak die verteller en lAsa al hoe meer betrokke by mekaar. As gevolg van die gebeure op die tog, Slinger en llUce se dood, Huger se aftakeling, die verteller en lAsa se lang wag in die bos, begin die verteller perspektief verloor en begin hy al hoe verder wegbeweeg van sy waardesisteem:

> Ek is glad nie seker of ek lewend sal terugkeer nie. Dit maak my bang, maar terselfdertyd roekeloos. Ek is van alles vry, behalwe van my emosies. Dié woed al dringender in my. Ek verlang al seerder en seerder. Ek soek al meer na warmte, iets buite myself waaraan ek kan vashou om te sê: Dit het substans, dit bestaan werklik, dit het lewe. (236)

Gedryf deur sy drang om te oorleef, gee die verteller toe aan sy begeerte na lAsa en vir hom is dit instinktief 'n daad om in die bos te kan oorleef. Die verteller is bewus daarvan dat lAsa as gevolg van haar oerinstinkte die bos sal oorleef. Om te kan oorleef, word hy een met lAsa om so sy lewe te verseker. Die verteller word gewillig in lAsa se mag opgesuig en in die waan waarin hy verkeer, glo hy:

> [...] sy is die een wat ek liefgekry het. En sy het my terug lief. Ek begin selfs glo dat ons woordeloos kan kommunikeer, dinge kan sê wat vir Huger bedek bly. (237)

Dat hulle nie in woorde met mekaar kan kommunikeer nie, pla hom nie Inteendeel, hy glo dit maak alles net makliker:

> [...] om my eie gedagtes en gevoelens op haar te projekteer en om haar daarom soveel makliker te kan liefkry, dit wat ek gehoop het ek in myself kan vind. (237)

Na Huger se selfmoord verloor ǀAsa haar aantrekkingskrag vir die verteller:

> ǀAsa lyk moeg en haar lippe is so dik dat sy glad nie meer mooi is nie. Sy irriteer my meteens. (252)

Op die terugtog, as die verteller gedisoriënteer raak, besef hy:

> Ek is lafhartig genoeg om nou skielik te wil bly lewe (252),

maar hy gee nie om wat van ǀAsa word nie:

> ǀAsa sal vir haarself kan sorg, daarvoor is sy nog dier genoeg. Ek verwag van haar om my spoor te sny. (252)

Die verteller besef egter gou dat hy steeds van ǀAsa afhanklik is:

> As mens so lank saam met die Boesmans loop, begin jy later dink jy is ook maar nog een van hulle. Dit werk nie so nie. Jy bly steeds dom, te veel beskawing in jou harspan. (253)

Beide ǀAsa en Huger breek deur die grense van hulle waardesisteem as hulle bymekaar betrokke raak. Tussen die Westerlinge met hul beskawing en die primitiewe Afrikane bestaan daar 'n skynbare

onoorbrugbare kloof wat ingebed is in die mens se waardesisteem. By die verteller is hierdie kloof gevestig vanweë sy herkoms as Afrikaner en by lAsa as gevolg van haar verbintenis met Huger. Hierdie onoorbrugbare kloof word oorgesteek as die verteller en lAsa verenig staan teen die vrees vir en onmag teen die dood en die natuur. Namate die mens gestroop word, word hy meer mens. Sy merkwaardige oorlewingsvermoë en drang om voort te gaan, is 'n onlosmaaklike deel van hom. Op hierdie stadium geniet geen waardesisteme of kulturele eienskappe enige voorkeur nie en net die menslike natuur bly oor.

Dit is tog lAsa wat die verteller se lewe red as hy liggaamlik uitgeput in 'n trans-ervaring verkeer, deur haar vol water te drink en in sy mond te urineer, en deur duiwe te jag wat sy vir hom gee om te eet. lAsa neem weer eens die insiatief en lei die verteller terug na die beskawing. Hy weet:

> Ek dink nie sy was al ooit in hierdie wêreld nie, maar die gene wat sy uit verskeie geslagte van Oerboesmans in haar dra, het haar instinktief die regte pad laat neem. (271)

Na alles wat tussen hulle gebeur het, besef die verteller dat daar eintlik nie meer onderskeid tussen hulle menswees is nie, en dat hulle slegs "twee eensame Afrikane" (272) is.

> Ek is soveel aan haar verskuldig. Sonder haar sou ek dit nooit gemaak het nie. (27)

In kontras met lAsa se instinktiewe hulp wat die verteller van haar ontvang het in haar natuurlike omgewing, is dit die verteller wat weer beheer neem as hulle die Westerse beskawing nader. Die besluit oor

lAsa se toekoms lê nou in die verteller se hande, maar in teenstelling met lAsa se daadwerklike besluit om die verteller terug te neem na die beskawing toe, is die verteller onseker oor wat hy gaan besluit:

> Ek het vandag nog oor om te besluit of ek vir lAsa in Grootfontein 'n geleentheid sal vra terug na haar Boesmanland toe, of ek van daar af alleen verder sal gaan. (275)

As die verteller en lAsa terug is in die beskawing ontdek die verteller die R50-noot in sy sak en sy superioriteit word weer erken. (Dit is miskien een ongeloofwaardige element in die verhaal!) Die verteller en lAsa is nou weer terug in die hiërargie waaruit hulle vertrek het, waar geld mag is. Elkeen se waardesisteem is weer bepalend tot hulle kulturele identiteit beperk, die verteller is weer die Westerling en lAsa die Boesmanmeisie, nadat hulle byna twee maande in die bos was "waar mense en diere nog een is" (275), waar die bekende kultuur of waardesisteem nie funksioneer nie.

### 3.6.6.6 DIE VERTELLER SE SKULD

As die verteller homself identifiseer as 'n Afrikaner en verloopte Boer, word hy outomaties die draer van die kollektiewe skuld van die Afrikaner in 'n postapartheid Suid-Afrika.

> Ek self is geen rassis nie, ten spyte van die feit dat ek in 'n rassistiese volk gebore is. Ek wonder soms of dit nie juis die kiem van my val was nie. Iemand wat so sonder grense grootraak - is dit nie noodwendig dat sy morele en sosiale grense ook vervaag nie? (44)

As Christine die verteller heftig aanval oor sy verbondenheid aan 'n apartheidsagtergrond:

> "You Boers, supposedly African, what did you do to help?
> All these years of apartheid and what did it bring the Bushmen?"
> (140),

is sy reaksie heftig:

> "En nou, 'n jaar ná onafhanklikheid, het enigiets verander?"
> "n Swart regering wat steeds net sorg waar dit die naaste aan
> hul eie bas gevoel kan word,' [...] (140)

As die verteller die eerste keer saam met Huger op 'n olifantjag gaan, word hy bewus van die wreedheid van die jag en die gevoel van sinloosheid wat daaruit spruit. Ten spyte daarvan dat die verteller die olifantjag as 'n buitestaander en "veilige waarnemer" (66) wil meemaak en dan daarvan verslag wil doen, word hy onwillekeurig ingetrek en word hy outomaties aandadig aan die jag. Die verteller verseker die vrouens van die Stigting:

> "Kyk, ek belowe jou, deur al die jagtery wat van nou af vir
> my mag voorlê as ons planne werk, sal ek nooit geweer dra
> nie." (40)

Die olifantjag eindig anders as wat die verteller hom voorgestel het:

> Ek het juis sonder 'n geweer uitgegaan op hierdie tog, omdat
> ek die buitestander wou bly [...] Ek wou slegs 'n toeskouer
> bly wat saamstap, onbetrokke, ontoerekeningsvatbaar. (257)
> Ek besef nou eers werklik dat 'n mens nooit 'n olifantjagtog
> kan aanpak sonder om direk daarvoor verantwoordelik te
> wees nie. (257)

Hierdie onbetrokkkenheid wat die verteller wil handhaaf by die olifantjag, is deel van sy identiteit wat hom dwing om ontvlugting te soek en daarom wil hy nie gebind wees of verantwoordelikheid aanvaar nie. Daar is 'n konflik tussen die verteller se groepsidentiteit en sy individuele identiteit. Hy erken sy Afrikanerskap en verdedig die

posisie van Afrikaners tot 'n mate, maar bly nogtans buitestander, klaarblyklik op grond van sy persoonlike reaksie op die Afrikaner-problematiek sowel as ander gesuggereerde persoonlike probleme.

Die verteller ervaar botsende emosies oor die etiek van die olifantjag. Wanneer die verteller vir Maxamesi die eerste keer sien, is dit vir hom moeilik om te dink dat iemand die olifant moet doodmaak:

> Dat iemand daarop uit sou wees om hom te soek en dood te skiet, te vernietig - dit gaan my verstand te bowe. (138)

Hy dink aan die haglikheid van die Boesmans se bestaan:

> Ek dink aan die bul, aan sy manjifieke grootte, sy wit tande met die fyn barsies daarop, sy perkamentvoete wat die aarde herskryf, en aan ou geplooide Boesmanvroue en -mans met dowwe oë wat, kromgetrek deur tering, tussen leë plastieksakke en hondestront in die dorpies sit en hoes. (141)

As die verteller se skuldgevoel die oorhand kry, voel hy weer anders:

> Die ironie is dat daar 'n duisend Boesmans, siek en gesond, mooi en lelik, oud en jonk, in Boesmanland is, maar net een Maxamesi. Nou wil ek die laaste honderdponder laat jag om vir 'n groepie verwarde Boesmans 'n beter lewe te probeer skep. (141)

As Slinger van Maxamesi sê

> "[...]dit is baie geld wat daar loop: twee honderd rand, miskien nog meer," (139)

wys hy Slinger tereg en sê:

> Daardie olifant is baie duisende werd. Maar eintlik is hy baie meer as dit lewend werd, 'n onberekenbare bedrag, as mens weet hy bly elke dag so loop soos ons twee hom nou net gesien het. (139)

Die verteller probeer homself oortuig as Christine hom konfronteer oor die eerbaarheid van die olifantjag:

> "Christine, die olifant is 'n saak van geld, dit het niks met manlikheid of wraak, met God of wat ook al te doen nie." (142)

Die verteller ervaar tydens die jag van Maxamesi 'n gevoel van ambivalensie. Dit is vir hom ondenkbaar dat die laaste honderdponder gejag moet word en dan aangewend moet word om die Boesmans op te hef. Dit is vir die verteller onlogies dat een olifant vir al die Boesmans 'n uitkoms moet bied. Andersyds is dit vir hom aanvaarbaar dat die geld wat verkry sal word, nie deur professionele jagters die land sal verlaat nie. Omdat die verteller aangetrokke voel tot Huger en met hom identifiseer, wil hy soos Huger dink en doen.

As die verteller besluit om voort te gaan met die jagprojek, breek hy weer deur sy eie waardesisteem. Hy is bewus daarvan dat Maxamesi die laaste honderdponder van die gebied is, maar instede daarvan om daadwerklik toe te tree tot natuurbewaring, besluit hy dat die olifant gejag moet word. Teen sy etiese beginsels om nie te jag nie en ten spyte daarvan dat die jag hom met weersin vervul, raak hy so betrokke by die olifantjag dat hy saam met die jagters agter die olifant aangaan. Met hierdie skynbare onbetrokkenheid van die verteller tot die olifantjag, deel hy die verwronge idee van natuurbenutting van die ander Westerlinge.

Maxamesi word gewond en die gewonde dier moet agtervolg word. Stelselmatig ontwikkel die verteller ontsag vir die olifant.

> So bepaal die olifant selfs vir ons die plekke waar ons moet kamp terwyl ons agter hom aan die loop is. (203)
> Ek kan nie van die olifant praat asof hy maar soos enige dier sal vrek nie: doodgaan, ja, of sterf, maar nie vrek nie. (207)

Maxamesi se dood is egter nie vir die verteller 'n oorwinning nie:

> Een lang afgemete ewigheid sien ek hoe hy op sy knieë probeer sak om my met die voorkop plat te druk, maar sy tande is te lank om behoorlik te buk. Ek lê en huil sag in my vuis. Sal so 'n dier jou genadig wees as hy sien hoe jammer jy oor alles is? (222)

Die dood van die olifant laat die verteller met 'n gevoel van leegheid en skuld:

> Op daardie oomblik, langs Huger met die geweer in sy hande het ek die nutteloosheid van ons hele projek werklik verstaan, die holheid, die futiliteit van ons bestaan in Afrika, ons pogings om kamtig "alles vir die Boesmans" te doen. (223)

Die toenemende skuldgevoel van die verteller oor die omstandighede waarin hy is, word verplaas na sy skuldgevoel teenoor Huger as hy lAsa van hom afvat:

> Is dit dieselfde Huger wat my van die olifant kom red het vir wie ek nou in die rug steek? Is hy die een met wie ek by ons basiskamp oor soveel waarhede besin het, oor soveel oënskynlikhede en gewaande werklikhede getob het? (239)

As die verteller Huger te lyf gaan as hy vir lAsa wil beskerm, besef hy wel wat eintlik aan die gebeur is:

> Ek besef die futiliteit van die geveg, die skuld wat ek dra. (245)

Huger kom op die verteller en lAsa af as hulle in mekaar se arms is, en

die verteller weet:

> Niks maak meer saak nie. So 'n groot dood soos die olifant s'n, die ontsaglikheid van die leë karkas, laat myne onbelangrik voel. (248)

Nadat Huger selfmoord gepleeg het, besluit die verteller om Huger se liggaam saam terug te dra en verwys daarna as " 'n albatros om ons nekke" (250), maar hy besef tog:

> Ten spyte van my skuldgevoelens moet ek toegee: dit is onmoontlik om vir Huger terug te kry beskawing toe. (250)

Die verteller probeer van sy skuldgevoel teenoor Huger ontslae raak as hy besluit

> ons kan hom die laaste eer bewys. Ek het gereken dat hy graag so in die olifantvoetpad wou lê. (251)
> Toe kom sit ek, as 'n laaste troos, die olifanttande langs die graf neer, die punte oor mekaar gekrul. Ek staan terug en kyk na die graf. Die tande lyk mooi, blink en wit langs die vars grond, 'n toepaslike teken van alles waarvoor Huger gesterf het. (251)

Dit is vanuit die staanspoor duidelik dat die verteller na Boesmanland toe gekom het omdat hy ontvlugting soek. Aan Christine erken hy:

> "Ons is tog almal maar net vlugtelinge wat hier kom hawe soek het[...]" (38)
> "Glo my dat ek my redes het om hier te wees[...] (39)

Die verteller is nie uitgesproke oor sy persoonlike lewe nie, maar maak tog iets bekend oor homself:

> Ek is geen rassis nie, ten spyte van die feit dat ek in 'n rassistiese volk gebore is. Ek wonder soms of dit nie juis die kiem van my val was nie. Iemand wat so sonder grense grootraak - is dit nie noodwendig dat sy morele en sosiale

> grense ook vervaag nie? (44)

Een aand is die verteller tussen slaap en wakker:

> 'n Vrou uit my verlede kom met 'n dun nagrokkie aan in die deur staan en leun met haar skouer teen die kosyn. "Kom jy nooit weer terug nie?" wil ek vra. (54)

Dit is moontlik dat die skuld wat die verteller in hom dra, dat die rede is vir sy koms na Boesmanland, dalk gesetel is in bogenoemde aanhalings. Die rede vir sy skuld het moontlik te doen met 'n vrou en meer spesifiek, 'n vrou van 'n ander kleur. Daarom dat hy homself pertinent verontskuldig van rassisme en verwys na sy morele en sosiale grense wat vervaag het.

### 3.6.6.7 DIE VERTELLER SE INNERLIKE ONTDEKKINGSTOG

Ricoeur (1991:77) wys daarop dat daar deur die vertelling in die narratief nuwe identiteite geskep kan word. So skep die verteller vir homself 'n nuwe identiteit deur sy verhaal te vertel van sy innerlike reis waardeur hy op soek is na sy innerlike self.

Die verteller se koms Boesmanland toe is, soos reeds genoem, nie sonder rede nie. Hy dra 'n persoonlike skuld met hom saam, iets waarvan hy deurgaans wegskram en wat hy nie aan die leser bekend maak nie. Al wat duidelik is, is dat hy uit die samelewing gevlug het om iewers te gaan sin soek:

> 'n Mens kom op 'n punt waar jy glo: as jy net aanhou beweeg, sal alles tog vorentoe sin kry. (41)

Nogtans hoop hy dat hy in Boesmanland klaarheid sal kry oor dít waarvoor hy kom wegkruip:

> Was dit 'n onderbewustelike hoop: dat die moderne mens, van homself en van die samelewing vervreemd, in hierdie woestyn van die lewe deur die laaste oorblyfsels van sy eie agtergelate primitiewe bestaan opgespoor sal word om van ondergang gered te word? (44)

Onder die invloed van Huger vir wie Maxamesi 'n obsessie geword het, word die olifant ook vir die verteller die simbool van sy begeerte vir innerlike vrede en heelheid. Dit is Christine wat die verteller se aandag op sy obsessie vestig:

> "Ek wonder of jy nie deur die olifant probeer om iets agter beet te kry nie, iets wat jy nie verstaan nie, 'n deur wat vir jou toegesluit bly, 'n ondeurdringbare muur waardeur jy wil probeer breek. Ek wonder of jy nie jouself saam met die olifant wil probeer vernietig nie?" (124)

Tydens die olifantjag, waar die jagters stelselmatig gestroop word van hul fisiese en innerlike krag, worstel die verteller met baie bestaansvrae, en hy wend verskeie pogings aan om sy eie wese te deurgrond:

> Ons dink nie een meer aan moed opgee nie [...] Aan die einde is die uitkoms seker: lewend of dood, ver of naby, môre of die volgende dag, hy sal vir ons moet gaan wag. (189)
> Ek staar verdwaas na my seer handpalms: die lyne soos 'n M daarop, die teken vir Mens, die merke van ons aardsgebondenheid, van ons verjaging uit die paradys. (194)
> Dis hoekom ons nie van die spoor kan afklim nie, omdat ons nog nie vreesloos geword het nie. Die dag as ons nie meer vrees nie, sal die olifant vir ons niks meer beteken nie. (196)

Hierdie jagtog agter die olifant aan word vir die verteller 'n metafisiese reis na insig, 'n reis waarop hy met sy dieper self gekonfronteer word.

Tydens die jagtog ervaar die verteller die omgewing waardeur hulle

beweeg soms as 'n misterieuse ruimte:

> Die dag, die veld, 'n blou lug bo, die son wat woedend bak [...]. (201)
> Die stam wat van 'n afstand af glad gelyk het, is nou knobbelrig en vol porieë, die vel van 'n ou man. (201)
> 'n Oomblik lank verbeel ek my dat dit vroue is wat met lae stemme daarbinne aan die weeklaag is oor al hulle gestorwe kinders. (202)

Die jagtog is gelaai met simbole wat vir die verteller emosionele betekenis verkry wanneer as hy 'n trans-ervaring beleef:

> Teenaan die watervlak lê 'n kol mis met bloed daarin, steeds helderrooi soos die rivier dit deur die klam grond bly voed. (175)
> Ek verbeel my dat ek die rivier kan hoor vloei, sy geskuur op die sand 'n dowwe suising in my ore. (181)
> Hulle ruik na grassaad en na wind terwyl hulle met die vuur en die pot vroetel. (183)
>
> [...] slaan 'n vuur in die middel aan [...] Die warmte van die vlamme [...] (189)
> Ek probeer vuur draai, maar dit wil nie werk nie. (193)
> Die wonder van vuur! (194)
> Ek is nou reeds so gewoond aan die bloedbevlekte omgewing [...] (209)

Die agtervolging van die olifant breek die jagters liggaamlik en geestelik af:

> Kan ons nie maar liewer omdraai nie? Hoeveel sal ons liggame nog kan verduur voordat hulle finaal die gees gee? (208)
> Asseblief, asseblief, bid ek, gee vir ons die bul in die hande, dat hierdie uitmergelende tog sy einde kan kry. (216)
> Maar nou, wat elke dag bring, is 'n gefolterde agtervolging van 'n duiwelse olifant, 'n onsterflike grys hersenskim wat al voor ons uitbeweeg, al dieper in hierdie droogland in, ons al meer moedeloos, al meer verward. (218)
> Dae het in dae gedraai. Die son het onverdrote in sy lugruim rondgestap. Die aarde het steeds ouder gewoonte om sy as getol: dit was aand en dit was môre, dit was aand dit was môre. (220)

As gevolg van sy liggaamlike uitputting, ervaar die verteller die gevoel asof hy sy houvas op die werklikheid verloor het:

> Huger was langs my in dieselfde skadukol. Hy het nader aan en verder van my weggedobber op 'n see van versinnings, maar het soos aan 'n naelstring aan my geheg gebly.
> Ek probeer raaksien wat fout is, maar my oë wil nie die armlengte ver fokus nie. (226)

Na Huger se dood is die verteller "onverwags tot ontsag geruk." (251),

> 'n dowwe gevoel van vrees oor waar ek, ná al hierdie verbete gestap kruis en dwars oor die veld, eintlik van hier af heen op pad is. (251)

Die verteller laat vir !Asa agter en probeer op sy eie teruggaan, maar die terugtog word 'n toenemende marteling:

> My kop is te dof, te dwarrelend met die gedagtes aan Huger, !Asa en my eie skuld. (254)

As gevolg van sy fisiese en psigiese uitputting gaan die verteller in 'n trans-ervaring waartydens hy hallusineer en koorsbeelde het. Hierdie trans-ervaring is deurtrek met dieselfde simboliese beelde as wat op die jagtog was, maar nou is daar ander konnotasies aan:

> Fonteine van water ontspring borrelend [...] Die wind [...]
> Waai dit ooit werklik? Toe die aand daal, is dit nog warm soos vuur. (260)
> Daar is baie duiwe in die bome om ons (264)
> Ek lek die bloed met my tong af [...] (267)

Deur hierdie religieuse simbole kom die verteller se innerlike reis tot 'n klimaks:

> Dit is die olifant se bloed wat my aankla, Huger se bloed wat om die koeël gerol is, Slinger aan die dorings, die Boesman, die soldaat, Christine s'n wat sis soos die vlamme daaraan

> Iek, !Asa se bloed wat wys dat sy leeg is, dat my kind nie in haar groei nie. (268)

Hy kan homself nie verdedig nie:

> Ek probeer my tong in my mond rondrol, dit teen my tande druk om woorde daarmee te vorm, woorde waarmee ek kan weerstand bied, maar dit word net al hoe dikker in my mond. (269)

Die verteller raak bewus daarvan dat:

> Skyn en werklikheid is nie meer geskei nie.
> Allerhande soorte angshormone moes dol geraak het in my bloedstroom, daar is 'n gedistansieerdheid van alle sinne en van alle werklikheid. Ek slinger voort in die son en duisternis, val en staan op, en bly lê, vind myself weer aan die beweeg. (261)
> Die teenpole van ons wêreldse bestaan flits asof dit deel van dieselfde momente is deur my wete: lig en donker, reën en droogte, wind en stilte, skuld en vergifnis, vreugde en droefheid, paring en moord, lewe en dood. (265)

In hierdie toestand van liggaamlike uitputting en die trans-ervaring waarin hy verkeer, ervaar die verteller die Christelike nagmaalboodskap van vergifnis, van bloed wat reinig, van lewe deur die dood en van skuld en bevryding. Hy beleef die verlossing wat die Christelike nagmaalboodskap bied:

> [...] vloei 'n onverklaarbare krag van buite af in my in, iets soos vuur, son of water. [...] Toe breek dit vry uit die bloed. Dit is 'n voël: 'n duif, [...] Die duif is vry. Die duif is onmiddellik skitterend wit, nie 'n spatsel bloed bly daaraan nie. (269)
> Daar is 'n son, helder en warm. Die duif vlieg in die strale daarvan op. [...] Die duif sprei sy vlerke wyd oop, sy stert strek in die verblinding van die son lank na onder uit. Die duif word 'n kruis wat my hele gesigsveld oorspan. (269)
> Ek hoor 'n stem. [...] is dit God vir wie ek so lank probeer wegkruip het? "Skoongewas. Skoongewas," sê die stem. "Alles weer skoongewas." (270)

Die verteller bereik klaarheid, en hy aanvaar die vergifnis wat vir hom aangebied word:

> "Ek breek uit die bloed uit los wat lAsa op my afgedruk het, my oë kan helderder sien as ooit, ek kan die hele lugruim inkyk, sonne, sterre, ewighede verby. Dit is 'n blou, blou poel waarin ek duik, waarin ek asemhaal in my wilde vlug agter die duif aan. Die gevoel van bevryding, die absolute gevoel van bevryding maak my lighoofdig - die spoed waarmee ek oppad is. Ek steek die lig verby wat uit die aarde aan die wegbeweeg is [...] Ek jaag verby dit alles: massa, volume, temperatuur, haat, woede, liefde, pyn, menslike vreugde, menslike vrees. (270)

Dit is belangrik om daarop te let dat die verteller nie net vergifnis vir sy sonde en bevryding van sy skuld ontvang het nie, maar hy raak opnuut bewus van die kragte wat daar te vind is in die primitiewe deel van sy psige.

### 3.7 Samevatting

Uit die bespreking in hierdie hoofstuk blyk dit dat vanweë die komplekse situasie waarin die karakters hulle bevind as gevolg van hul eie toedoen, elkeen te doen het met 'n geproblematiseerde identiteit en dat almal in 'n proses is van die herdefiniëring van identiteit.

Die verteller se identiteitloosheid sluit aan by die onbekendheid van die Afrika-ruimte wat die Westerling in Afrika ondervind. Hy beleef 'n tweeledigheid van sy identiteit en deur die vertelhandeling verkry hy afstand van sy eie verlede en die geleentheid om deur die narratiwiteit vir hom 'n nuwe identiteit te skep. Hy hanteer die situasies waarin hy verkeer nie op die Westerse manier nie omdat hy bewus daarvan is dat hy hierdie geleenthede wat oor sy pad kom moet

gebruik om te kan oorleef. Dit is opmerklik dat die verteller, wat die verpersoonliking van die Westerse beskawing is, sy kulturele en individuele waardes aflê namate hy verder van die beskawing af beweeg, en dan nader aan die menslike natuur is waar dit belangrik is om uiting te gee aan die menslike drange.

Die karakters in die roman staan as korrelate tot mekaar wat die Westerse beskawing en die primitiewe Afrika verteenwoordig. Die teenwoordigheid van die invloed van die kolonialisme en die post-koloniale invloede affekteer die karakters se identiteit verder. Al die karakters beleef verwarring, identiteitsoeke en die onbeantwoorde vrae en onsekerhede wat met die kompleksiteit van die vreemde invloede gepaardgaan.